HERE, posisioneer my vir **roepingsvervulling**, intimiteit met U en

# FINANSIËLE *Vryheid*



40 Dae

GEBEDSFOKUS '16

Rentmeesters van die Koning

- BOEK 1 -

AMOS agrimin

LIVING AND FARMING GOD'S WAY

# STAND UP FOR JESUS

1. Stand up, stand up for Jesus
Redeemer of the land
He's Lord of all creation
Victorious He stands
Let us all represent Him
And be His hands and feet
Let us fulfill our calling
As farmers on His land



2. Stand up, stand up for Jesus
All peoples of the land
Let's live and farm for Jesus
To glorify His Name
Let's conquer all the evil
And bring His Name great fame
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

3. Stand up, stand up for Jesus
It's time to make our stand:
To live and farm for Jesus
'cross Africa our land
let's do work of high standard
Rejoicing in God's way
Let us fulfill our calling
As farmers on His land



Bid hierdie lied vir al die landbouers in Afrika!

Sing hierdie lied op die wysie van Hallelujalied 244:
Staan op, staan op vir Jesus.

# Finansiële Vryheid

Rentmeesters van die Koning: Boek 1

## *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou*
## *1 September – 10 Oktober 2016*


| | |
|---|---|
| Skrywer: | Hennie Viljoen |
| Buiteblad ontwerp: | Leana Viljoen |
| Bladuitleg en grafika: | Fanie Serfontein |
| Taal- en gehaltebeheer: | Cilna Maritz |
| | Hannatjie Theron |
| | Karen Botha |
| Druk- en bindwerk: | Business Print, Pretoria |



**Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei,** hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.


Aanhalings is uit die 1983-Vertaling van die Afrikaanse Bybel, tensy anders aangedui.


Uitgegee deur ***AMOS AGRIMIN***

**secretary@amosafrica.net**
**www.amosafrica.net**

**ISBN 978-1-920138-60-8**

## Inhoudsopgawe

**My gebed vir jou:** ........ **4**

**10 Oktober – Kaalvoetdag** ........ **5**

**Inleiding 6**

**DEEL 1 In jou sak of in jou hart?** ........ **10**

Dag 1 My gebed ........ 10
Dag 2 Sekerheid oor onsekerheid ........ 12
Dag 3 As geld God se plek vat ........ 13

**DEEL 2 Aan wie behoort jy?** ........ **16**

Dag 4 Aan wie behoort jy? ........ 16
Dag 5 Gekoop met 'n doel, besit met 'n plan! ........ 18
Dag 6 Net erfgename is finansieel vry ........ 19

**DEEL 3 Waarheid maak vry** ........ **21**

Dag 7 Wie besit wat? ........ 21
Dag 8 Alles behoort aan die Here, ook dit wat jý het ........ 23

**DEEL 4 Vernuwing van denke** ........ **26**

Dag 9 Geld en besittings is nie boos nie ........ 26
Dag 10 God kan vir jou sorg ........ 29
Dag 11 Jy behoort God te loof en dank ........ 31
Dag 12 Jy *besit* net verantwoordelikheid ........ 32
Dag 13 Jy is net 'n rentmeester, nie die eienaar nie ........ 35
Dag 14 Elke finansiële besluit raak jou verhouding met Christus ........ 37
Dag 15 Jy kan God nie omkoop nie ........ 39
Dag 16 God het die reg om sy besittings terug te vat! ........ 41
Dag 17 Ek bely my skuld en aanvaar my verantwoordelikheid ........ 43

**DEEL 5 Sukses** ........ **45**

Dag 18 Kom ons meet ........ 45
Dag 19 Sukses is vir almal moontlik! ........ 48
Dag 20 God se maatstaf vir sukses: ........ 49
Dag 21 God se maatstaf vir sukses: ........ 52
Dag 22 God se maatstaf vir sukses: ........ 54
Dag 23 God se maatstaf vir sukses: ........ 57
Dag 24 God se maatstaf vir sukses: ........ 59
Dag 25 God se maatstaf vir sukses: ........ 60

**DEEL 6 Oop hande** ........ **63**

Dag 26 Ons God het oop hande ........ 63
Dag 27 Jy is rentmeester van ons Oop-Hand-God ........ 65
Dag 28 Wees 'n kanaal van God se seën en goedheid ........ 67
Dag 29 Dit kan gedoen word – met miljoene! ........ 69
Dag 30 Dit kan gedoen word – met 'n paar dollar! ........ 71

**DEEL 7 Skuld** ........ **74**

Dag 31 Eina, die skuld knyp my! ........ 74
Dag 32 Waarom is jy in die skuld? ........ 77
Dag 33 Die reël van 72 ........ 80
Dag 34 Wenke om uit skuld te bly ........ 82

**DEEL 8 Jou keuse!** ........ **85**

Dag 35 Twee Koninkryke: Aan watter kant bou jy? ........ 86
Dag 36 Maak jou keuse: Téén duisternis ........ 87
Dag 37 Maak jou keuse: Vir die lig ........ 90

**DEEL 9 Wins** ........ **92**

Dag 38 Wins ........ 92
Dag 39 Waarom is kapitalisme nie die antwoord nie? ........ 95
Dag 40 Wat het ek geleer? ........ 98

**Ander AMOS publikasies om van kennis te neem** ........ **103**

## My gebed vir jou:

Here, ek vra dat U deur die Heilige Gees aan elkeen wat hierdie Gebedsfokus optel, die dissipline sal gee om doelgerig vir die landelike en boerderygemeenskap te bid. Ek vra dat U die aanhalings oor gebed wat nou volg sal gebruik om u kinders te motiveer en te inspireer. Laat hulle die voorreg van gebed heelhartig aangryp.

***The greatest thing anyone can do for God or man is pray.*** S.D. Gordon

***He who kneels the most, stands the best.*** D.L. Moody

***Prayer is where the action is.*** John Wesley

***The enemy rejoices when Christians spend more time discussing prayer than practising prayer.*** Unknown

***Don't pray when you feel like it. Have an appointment with the Lord and keep it. A man is powerful on his knees.*** Corrie Ten Boom

***Satan trembles when he sees the weakest Christian on his knees.*** William Cowper

***I would rather teach one man to pray than ten men to preach.***
Charles Spurgeon

***The man who mobilizes the Christian church to pray will make the greatest contribution to world evangelisation in history.***"
Andrew Murray

***There is no other activity in life so important as that of prayer. Every other activity depends upon prayer for its best efficiency.***"
M.E. Andross

***We must begin to believe that God, in the mystery of prayer, has entrusted us with a force that can move the Heavenly world, and can bring its power down to earth.*** Andrew Murray

***I have so much to do that I shall spend the first three hours in prayer.***
Martin Luther



## 10 Oktober – Kaalvoetdag

In *AMOS* is 10 Oktober jaarliks ***Kaalvoetdag***. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; Hosea 3).

**Die doel van *Kaalvoetdag* is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer.** God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoene uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons*. Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20). **Oral leef en boer ons nou daagliks op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.** Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (dorings en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

**Dis ook 'n besondere getuienis-geleentheid.** Oral gaan mense vir jou vra: Waarom loop jy kaalvoet? Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde teksverse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.




Kom ons begin 'n "*movement*". Kom ons boer jaarliks kaalvoet op
**10 Oktober!**

## Inleiding

### Het jy ander antwoorde op hierdie vrae?

Dit is noodsaaklik om na te dink oor geld en besittings. 'n Mens hoef nie 'n kenner te wees om te besef dat daar groot fout met die wêreldekonomie is nie. Ek glo die antwoorde op die volgende vrae sal jou motiveer om doelgerig deur hierdie 40-Dae Gebedsfokus te werk. God moet ons denke oor geld en besittings vernuwe. Anders sal niks verander nie. Die wêreld se manier van dink en doen lei nie tot finansiële vryheid nie.

**Eerste vraag:** Het die wêreld se grootste drie ekonomiese stelsels, naamlik sosialisme, kommunisme en kapitalisme, daarin geslaag om die **gaping tussen ryk en arm** te vernou en so die **potensiaal van konflik** te verminder? Het dit daarin geslaag om sistemiese armoede te verlig en almal God se goedheid te laat beleef? **NEE!**

Volgens www.theguardian.com word die gaping tussen ryk en arm by die dag groter. In Januarie 2016 het 'n skamele 62 mense 50% van die wêreld se welvaart besit. Die volgende statistiek wys hoe vinnig dié aantal mense oor die afgelope jare verminder het:

2010 = 388 mense besit 50% van die wêreld se welvaart;
2011 = 177 mense besit 50% van die wêreld se welvaart;
2012 = 159 mense besit 50% van die wêreld se welvaart;
2013 = 92 mense besit 50% van die wêreld se welvaart;
2014 = 80 mense besit 50% van die wêreld se welvaart;
2015 = 62 mense besit 50% van die wêreld se welvaart.

**Tweede vraag:** Is dit slim om al jou **hoop en vertroue op geld en besittings** te plaas? **NEE!**

Die wêreld se grootste ekonomie, naamlik die van Amerika, is **terminaal siek!** Op 29 April 2016 was Amerika se totale skuldlas (regering en privaat) reeds 19.1 triljoen dollar (= $19 100 000 000 000). [Om jou 'n idee te gee hoeveel dít is: 'n Biljoen sekondes is 31.7 jaar, terwyl 'n triljoen sekondes 31 700 jaar is! Selfs al sou Amerika dus geen verdere skuld aangaan nie, maar dadelik begin om sy skuld teen $20 per sekonde terug te betaal, sal hy eers oor 31 700 jaar sy skuld afbetaal hê – en dit slegs indien die skuld rentevry sou wees – wat dit nie is nie.] Dit is reeds 106% van Amerika se GDP vir die 12 maande voor April 2016. [*The **G**ross **D**omestic **P**roduct is the monetary value of all the finished goods and services produced within a country's borders in a specific time period, normally one year.*] As jy wil sien hoe hierdie skuldlas besig is om



genadeloos te groei, gaan kyk op die internet na die *U.S. National Debt Clock (real time)*. Dit is beslis nie 'n teken van finansiële vryheid nie. Dit is finansiële slawerny.

Wee die mens wat dwaas genoeg is om steeds sy vertroue in die Amerikaanse dollar of enige ander geldeenheid te plaas.

**Derde vraag:** Is elektroniese bankdienste en bankkaarte 'n effektiewe manier om korrupsie en diefstal hok te slaan en jou geld te beveilig? **NEE!**

Die probleem lê nie in geld nie. Dit lê in die hart van die mens. Daarom lê die antwoord ook nie in 'n nuwe geldstelsel nie, maar in die hart van die mens. Slim *mense* skep stelsels, maar ander slim mense ondermyn dié stelsels en gebruik dit weer tot hulle eie voordeel. Kaartbedrog beloop daagliks miljoene. Só word ons geld selfs uit die bank gesteel! Oeps, daar verdwyn baie se finansiële vryheid!!

Die behoefte aan *"nuwe mense"* is dus groter as die behoefte aan nuwe geldstelsels.

**Vierde vraag:** Kan geld geluk koop of waarborg? Beslis **NEE!**

Geld kan nie jou behoefte aan erkenning, liefde, sekerheid en aanvaarding bevredig nie. Geld waarborg nie 'n ryk en vol lewe nie (Lukas 12:15). Trouens, daar is meer dinge wat geld *nie* kan doen *nie*, as wat geld wel kan doen. Die tevredenheid wat geld gee, is dikwels van korte duur. 'n Skatryk man het as gevolg van bedrog in die tronk beland. Toe 'n joernalis wou weet waarom hy bedrog gepleeg het, aangesien hy reeds sóveel besit, het hy gesê: ***For just a little more!*** Sy baie geld het nie vir hom finansiële vryheid gebring nie, maar geld-verslawing!

Die TV, koerante en internet is vol verhale van miljoenêrs en biljoenêrs wat selfmoord pleeg. Ons lees van top-sakemanne, gewilde rolprentakteurs, sporthelde en duisende ander rykes wat ongelukkig getroud is, aan dwelms verslaaf is, en op verkeerde plekke na die sin van die lewe soek.

**Vyfde vraag:** Praat die kerk genoeg oor geld? **NEE!**

Wanneer die kerk oor geld praat, is dit gewoonlik oor tiendes en dankoffers. Maar dis beslis nie al waaroor God in sy Woord met ons wil praat nie. In sy boek *"Daring to live on the edge"* sê Loren Cunningham daar is 3225 verwysings na finansiële sake in die Bybel (bladsy 52). Dit dek die breë finansiële terrein en kommunikeer God se tydlose ekonomiese beginsels. As mense dié beginsels glo en toepas, sal dit hulle baie smart en ellende spaar. Maar die kerk verkondig dit selde.

Baie kerke en gemeentes gebruik en misbruik net sekere tekste om 'n eensydige waarheid te verkondig. Sommige preek 'n ***teologie van voorspoed*** terwyl ander 'n ***teologie van armoede*** het.

Sommige kerke verkondig dat God baie meer van arm mense hou as van ryk mense. Hulle sê God is aan die kant van die armes. Hulle glo dat God se kinders so min as moontlik moet besit om sy guns te geniet. As jy *"vir die Here werk",* moet jy 'n sukkelbestaan voer. Sendelinge se goed moet altyd stukkend en oud wees. Iemand wat die Here dien, moet tevrede wees met net-net genoeg kos en 'n paar stukkies ou klere. Dit alles wys hoe toegewyd jy aan God is. Mense voel later trots op hulle armoede. Daar is tekste in die Bybel wat maklik gebruik en misbruik kan word om hierdie armoede-mentaliteit as die *enigste* Bybelse waarheid te verkondig. Maar hierdie teologie het vernietigende gevolge. Dit dompel individue, families, volke en lande in armoede en ellende. Hulle word lui en sleg en geniet nooit God se groot goedheid en Vaderlike sorg nie.

Aan die ander kant hoor ek van pastore wat vooruit tot 5 000 Amerikaanse dollar betaal moet word om by 'n kerk te preek. Die evangelie word verdraai en misbruik om, soos die fariseërs in **Lukas 20:47,** die geld en besittings van armes in die hande te kry. Ek hoor van arm mense wat skuld maak om 'n groot bydrae aan 'n ryk gemeente te gee – want die ryk geestelike leier (geestelike verleier en manipuleerder!) verseker hulle "uit die Woord" dat hoe meer hulle saai, hoe meer sal die Here vir hulle teruggee. Daar word vir hulle gesê dat hulle uit armoede kan ontsnap as hulle die helfte van hulle goed aan die kerk gee. Mense word wysgemaak dat rykdom en voorspoed bewys dat jy 'n Koningskind is. Hulle word vertel dat God almal wat waarlik op Hom vertrou, met aardse rykdom sal oorlaai. Daar is tekste in die Bybel wat heel maklik gebruik en misbruik kan word om hierdie teologie van voorspoed en welvaart as die enigste Bybelse waarheid te verkondig. Hierdie teologie het ook vernietigende gevolge oral waar mense nét dit glo.



Afrika was lank vasgevang in 'n teologie van armoede. Deesdae word die teologie van voorspoed wyd verkondig. Maar Afrika sal eers ekonomiese vryheid geniet wanneer **die volle waarheid oor geld en besittings** deur die kerk in Afrika verkondig word.

Of jy arm of ryk is – hoor die Woord van die Here! Dis vir jou bedoel! Laat God jou verander deur jou denke te vernuwe. Hy doen dit deur sy Woord en Gees.

Finansiële vryheid is binne jou bereik! Stap die pad saam met my.

## DEEL 1
## In jou sak of in jou hart?

Om finansieel vry te wees, moet jy geld op sy plek sit. Wanneer geld in jou hart op die troon is, in plaas van in jou sak, het dit vir jou te belangrik geword. Dan speel dit 'n te groot rol in jou lewe en verwag jy heeltemal te veel van geld. Dan misbruik jy geld om te doen wat dit nie kan nie, en ook nie veronderstel is om te doen nie. Die misbruik van geld lei tot verslawing en beslis nie tot vryheid nie.

**Denkskuif:**

~~Finansiële vryheid hang af van hoe baie geld en besittings ek het~~.

✓ **Finansiële vryheid hang af van die plek wat ek aan geld en besittings in my lewe gee.**

## Dag 1
### My gebed

**Gebed:** *HERE, posisioneer my vir roepingsvervulling, intimiteit met U en finansiële vryheid.*

Dis altyd moeilik om iets persoonliks te deel, veral omdat ek so bewus daarvan is dat ek steeds op pad is - op 'n geloofspad is. 'n Pad waarvan net die Here die einde ken. Ek is egter oortuig dat ek die eerste treë van die pad met jou moet deel sodat jy die opwindende pad na finansiële vryheid saam met my kan stap.

Meer as tien jaar gelede het ek een oggend hierdie gebed in my stiltetyd-joernaal neergeskryf. Ek kon nie anders nie. Dit was 'n *noodkreet* uit my hart. **Ek wou niks méér as *dít* vra nie. Ek wou niks mínder as *dít* hê nie.** Sedertdien het ek nooit opgehou om dié gebed te bid nie. Algaande het ek beter begin verstaan wat my roeping en taak in hierdie lewe is. Ek het tree vir tree groter finansiële vryheid begin beleef. Ek het ook begin leer dat intimiteit met God die sleutel tot beide roepingsvervulling en finansiële vryheid is. Dit maak nie sin om na **finansiële vryheid** te streef sonder om ook aandag te



gee aan geestelike **intimiteit** en **roepingsvervulling** nie. Ek het ontdek dat die drie sake onlosmaaklik aan mekaar verbonde is.

Finansiële vryheid is ***nie*** baie geld en besittings wat jou in staat stel om sonder bekommernis die lewe te geniet en die toekoms tegemoet te gaan nie. Dan was finansiële vryheid slegs vir ryk mense beskore. **Finansiële vryheid is 'n pad** wat jy moet loop. Dis **'n proses** van bevryding. 'n Proses van denk-verandering en denk-vernuwing. Dis 'n klomp **denkskuiwe.** Laat God jou denke vernuwe sodat jy nie langer oor geld en goed dink soos die wêreld nie (Romeine 12:1-2). Om finansieel vry te kom, moet God jou kop (denke), hart (wil en emosies) en jou hande (dade) ***her***posisioneer en dit op 'n ander plek sit! Vrá Hom om dit te doen: *HERE, posisioneer my vir roepingsvervulling, intimiteit en finansiële vryheid.*

Om finansiële vryheid te vra, beteken om te erken dat jy finansieel vasgevang is. Erken dat geld en goed jou vashou, jou bekommer, jou dryf en 'n te groot rol in jou lewe speel. Aanvaar dat bevryding dikwels pynlik is. Ons moet losgesny word van ons verknogtheid aan geld en besittings, en ons is nie lus daarvoor nie. Maar dis deur en deur die moeite werd. Dis heerlik om dag vir dag meer en meer finansiële vryheid te beleef. Stap saam met my die pad. Bid saam met my dié gebed:

***HERE, posisioneer my vir roepingsvervulling, intimiteit en finansiële vryheid. Ek is desperaat! Verander en vernuwe my denke om in lyn te wees met die tydlose waarhede van u Woord. Verhoor my asseblief op grond van dit wat Christus vir my gedoen het.***

***Gebed:***

† ***Afrika: Egipte.***

† ***Afrika: Regerings se integriteit en vaardigheid** (Psalm 78:72).*

# Dag 2
## Sekerheid oor onsekerheid

**Lees:** 1 Timoteus 6:17, asook Spreuke 23:5 en 27:24

Die Mammon-gees het die vermoë om ons weer en weer te verlei om op ons geld en besittings te vertrou en ons sekerheid daarop te bou. As jy mooi kyk na alles wat om jou gebeur, sal jy besef dat die Woord van God waar is: **Jy kan net seker wees van die onsekerheid van rykdom** (1 Timoteus 6:17, Spreuke 23:5 en 27:24).

Die Woord en Gees van die Here moet ons oortuig dat ***baie*** geld en besittings nie noodsaaklik is vir finansiële vryheid nie. In Filippense 4 getuig Paulus dat, omdat Christus hom die krag gee, hy in staat is om gelukkig en tevrede te wees in tye van oorvloed en skaarste (Filippense 4:10-13). Of hy te min of te veel het, beheer nie sy lewe nie. Dit bepaal ook nie sy gemoedstemming nie. Dít is finansiële vryheid! Christus was in alle omstandighede die bron van sy krag en lewensvreugde. Te veel of te min het nie sy vrede of sy tevredenheid gesteel nie. Die wêreld ken nie hierdie vrede nie. Die wêreld is nooit tevrede met wat hulle het nie. Hulle verloor ook baie gou hulle vrede wanneer hulle iets verloor.

Die bron van finansiële vryheid is dus nie baie geld nie. Soos Paulus, kan jy finansieel vry wees selfs al gaan dit boomskraap. Jy sal dit nooit leer as dit nie soms boomskraap gaan nie. Dis die pynlike deel van die pad na finansiële vryheid.

God is die Bron van finansiële vryheid. Intimiteit met Hom is die sleutel. Hy moet ons denke oor geld en besittings verander (Romeine 12:2). Finansiële vryheid is onmoontlik as ons soos die wêreld dink en redeneer.

Jy misbruik geld as jy dít gebruik om jou finansiële vryheid en sekerheid daarop te bou. Geld is nie veronderstel om vir jou vryheid en sekerheid te gee nie. Om die gawes van God in stryd met sy wil te gebruik, lei nooit tot bevrediging nie. Dit lei altyd tot verslawing. Seks buite die huwelik bevredig nie, dit verslaaf. Pornografie bevredig nie, dit verslaaf. Die misbruik van drank bevredig nie, dit verslaaf. Net so ook met geld. As jy daarop vertrou as bron van sekerheid en finansiële vryheid, lei dit tot geld-verslawing. ***"Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie ...*** (Prediker 5:9. Lees ook Spreuke 30:15-16). Geldverslawing lei tot oneerlikheid, uitbuiting, selfsug, oormatige skuld en omkopery. Geldverslawing haal jou fokus van God af en maak jou godsdiens waardeloos. Geldverslawing laat jou fokus op wat jy (nog) nie het nie, maar begeer. Geldverslawing is gierigheid, en gierigheid is afgodery (Efesiërs 5:5).

As jy verwag dat geld en besittings aan jou sekuriteit moet gee, misbruik jy dit. Dis nie geld se taak nie. Die misbruik van geld gaan jou daaraan verslaaf maak. Geld gaan jou god word en oor jou heers. Wanneer dit gebeur, is jy vasgevang en gebind! Jy is beslis nie vry nie!

***Gebed:***

- † ***Bid dat God ons denke oor geld en besittings deur sy Woord en Gees sal vernuwe en dit in lyn met sý siening sal bring.***
- † ***Bid teen die Mammon-gees wat agter geld wegkruip en ons gedurig probeer verlei om ons finansiële sekuriteit en vryheid in rykdom te soek.***
- † ***Bid om verlossing en bevryding van die verslawing aan geld.***
- † ***Afrika: Libië.***
- † ***Afrika: Bid dat landbou nie 'n politieke speelbal sal wees nie.***



# Dag 3
## As geld God se plek vat

**Lees:** Lukas 10:27

As geld God se plek vat, is finansiële vryheid onmoontlik. Dink daarom mooi: Het jy God lief en gebruik jy geld om sý doelwitte na te streef? Of het jy geld lief en gebruik jy God om jou eie doelwitte te bereik?

**As jy God liefhet en geld gebruik,** het dit ewigheidswaarde. *"Die wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moenie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie,* ***maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.*** *Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So*

*vergader hulle vir hulle 'n skat as **'n goeie belegging vir die toekoms** sodat hulle die ware lewe sal verkry"* (1 Timoteus 6:17-19).

**As jy geld liefhet en God probeer gebruik om meer geld in die hande te kry,** is jou godsdiens waardeloos. Dit gaan jou een of ander tyd lelik in die steek laat. ***"Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het,*** *want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie. As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees. Maar dié wat ryk wil word, val in die versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. Geldgierigheid is die wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulself baie ellende op die hals gehaal. Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid"* (1 Timoteus 6:6-11).

Ek vra weer: **Het jy God lief en gebruik jy geld om sý doelwitte na te streef? Of het jy geld lief en gebruik jy God om jóú eie doelwitte te bereik?** God en geld kan nie gelyktydig jou Here en Koning wees nie. Jy móét besluit wie jy in beheer van jou lewe wil stel. Jy kan nie God en Mammon dien nie (Matteus 6:24). Jy móét kies wie jy gaan liefhê met jou hele hart, jou hele siel, al jou krag en jou hele verstand (Lukas 10:27). Almal, ryk én arm, moet kies, want ryk mense kan hul baie geld min liefhê, terwyl arm mense hulle min geld baie kan liefhê.

**Finansiële vryheid en liefde vir geld staan lynreg teenoor mekaar. Óf jy geniet finansiële vryheid, óf jy is lief vir geld. Jy kan nie altwee hê nie. Liefde vir God en finansiële vryheid loop wel hand aan hand.**

Liefde vir geld maak mense gierig. Gierigheid maak van geld 'n god (Efesiërs 5:5 en Kolossense 3:5). Geld het inderdaad baie mense (ryk en arm) se god geword! En as geld eers god geword het, loop alles skeef. Dan word geld se waarde heeltemal oorskat. Alles word dan in terme van geld gemeet – selfs tyd (Time is money)! Geld word 'n doel, 'n maatstaf, 'n definisie van sukses. Geld gee mag. Dit koop om en manipuleer. Geld vergader vriende en bring status. Geld moet vir genot betaal en geluk koop. [Dit laat my dink aan die man wat gesê het: As niks anders werk nie, gebruik geweld. En as geweld nie werk nie, gebruik meer geweld! Dis presies dieselfde dom redenasie: Probeer vir jou geluk met geld koop,



en as jy dit nie regkry nie, spandeer nog meer geld! Hoe dwaas!] Geld moet sekuriteit bied en die lewe lekker en gemaklik maak (Lukas 12:15-21). Dit moet die pyn en seer uit die lewe haal. Geld moet vryheid waarborg. Geld! Geld! Alles gaan oor geld. Dobbel is verslawend. Almal wil die boerpot wen! Kompetisies en groot pryse motiveer mense om aan te hou koop – selfs dinge wat hulle nie nodig het nie.

**Geld laat homself oral geld! Om finansieel vry te kom, móét geld op sy plek gesit word!** Geld hoort in jou sak, nie in jou hart nie! Geld se plek is beslis nie op die troon nie. Dit is die Koning se plek (Openbaring 4).

**Wie is jou Koning? Wie is jou God? Wie regeer jou?** Jou antwoord bepaal jou hele lewe. Jy word soos die God óf god wat jy dien (Psalm 115:9). Wie jou God/god is, bepaal jou definisie van sukses. Dit bepaal jou finansiële besluite en wat jy as wins beskou. Dit bepaal hoe jy geld gaan spandeer en vir watter doel jy dit gaan gebruik. Dit bepaal of jy finansiële vryheid gaan geniet of nie.

***Gebed:***

- ***Het jy God lief en gebruik jy geld om sý doelwitte na te streef? Of het jy geld lief en gebruik jy God om jou eie doelwitte te bereik? Praat met God oor dié vrae en jou antwoorde daarop.***
- ***Vra die Here om jou te wys hoe belangrik geld en besittings vir jou is? Besit jy geld of besit geld jou?***
- ***Vra die Here om jou te help om geld "op sy plek te sit."***
- ***Afrika: Algerië.***
- ***Afrika: Politieke verdraagsaamheid.***

# DEEL 2
# Aan wie behoort jy?

Eerste dinge eerste! Jy moet eers self bevry word voordat jy finansiële vryheid kan geniet.

**<u>Denkskuif</u>:**

~~**Wat en hoeveel ek besit is baie belangrik**~~**.**

✓ **Wie mý besit is baie belangriker as *wat* ék besit!**

## Dag 4
### Aan wie behoort jy?

**Lees:** 1 Korintiërs 6:19-20

Eendag was daar 'n seuntjie wat vir hom 'n bootjie gemaak het om in die stroom water naby hul huis te speel. Hy het die bootjie naby die stroom gebêre. Hy het gereeld daarheen gegaan en daarmee gespeel. Eendag toe hy daar kom, was sy bootjie weg. Hy was baie hartseer en het lank daarna gesoek. Op 'n dag stap hy by 'n speelgoedwinkel verby, en sowaar, daar in die venster sien hy sy bootjie. Hy het onmiddellik al sy geld gevat en die bootjie gekoop. Toe sê hy: ***Nou is jy dubbeld myne! Ek het jou gemaak en ek het jou gekoop!***

Eers het God die mens geskep (Genesis 1:27). Daarna het Hy die mens ten duurste gekoop (1 Petrus 1:18-19). Hy het ons nie met goud of silwer gekoop nie, maar met die kosbare bloed van Christus. Daarom bevestig Paulus in 1 Korintiërs 6:19-20 dat ons nie langer aan onsself behoort nie. Ons is gekoop en die prys is vir ons betaal. Ons is dubbeld Syne! Halleluja!

Glo jy dat God jou geskep het? Jou in die skoot van jou moeder gevorm het (Psalm 139:13-18)?



Glo jy dat Jesus die Seun van God is? Glo jy dat Hy jou so liefhet dat Hy bereid was om jou met sy eie lewe los te koop uit die sonde en die dood (Efesiërs 2:1-5; Markus 10:45; 1 Petrus 1:18-19)?

Glo jy in die Here Jesus Christus? Is jy gered (Handelinge 16:31)? Kan jy saam met miljoene gelowiges getuig: *My enigste troos is dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar **aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.** Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my Hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur die Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.*[1]

Eers as jy absolute sekerheid het dat jý aan die Here behoort, sal jy verstaan watter troos en sekuriteit daar is in die stelling: ***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het!*** (Later meer oor hierdie waarheid.)

Daarom pleit ek namens God en Jesus Christus by jou: *Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees* (2 Korintiërs 5:20-21).

***Gebed:***

- † ***Gee jouself opnuut aan die Here.***
- † ***Bid vir die redding van familie en vriende, stamme, volke en taalgroepe.***
- † ***Bid vir die redding van landbouers en hulle gesinne.***
- † ***Afrika: Morokko.***
- † ***Afrika: Bid vir goeie en verantwoordelike finansiële beleid.***

[1] Die Heidelbergse Onderwysing in die Christelike Leer, Sondag 1, Vraag en Antwoord 1.

# Dag 5

## Gekoop met 'n doel, besit met 'n plan!

**Lees:** Jeremia 29:11 en Romeine 8:29-30

Elkeen wat Jesus as Here en Verlosser bely het hierdie sekerheid: God het my *gemaak* én Hy het my *gekoop*. Ek is dubbeld Syne!

God het ons, sy kinders, nie net *losgekoop van* ons sonde en die straf wat ons verdien nie. Hy het ons nie net *losgekoop uit* die greep van Satan en die mag van die dood nie. ***Hy het ons gekoop met 'n doel! Hy het 'n plan met my en jou. 'n Goeie plan!***

Jeremia (29:11-14) beskryf hierdie plan met woorde soos *voorspoed, 'n toekoms, 'n verwagting, gebed en kennis van God se wil* (*intimiteit*), *'n ontmoeting met God, herstel,* ensovoorts. Romeine 8:29-30 verduidelik God se doel en plan nog beter. ***God het ons gekoop om ons soos Jesus te maak!*** God het ons gekoop om ons Jesus se broers en susters te maak. ***Soos Jesus*** is die samevatting van God se plan vir jou!

God kan sy plan uitvoer. Niks en niemand kan dit verhinder nie (Romeine 8:31-39): Nie droogtes of oorstromings; nie grondhervorming of politieke onstabiliteit; nie rykdom of armoede; nie oorvloed of gebrek; nie eers die verskriklike lyding en vervolging van die eindtyd nie. God laat álles meewerk tot sý goeie doel en plan vir my en jou (Romeine 8:28).

Wat jy besit is van minder belang. Wie jóú besit, is van die allergrootste belang. As jy nie aan Christus behoort nie, sal al jou geld en besittings jou niks baat nie. Baie geld maar geen God, wat 'n tragiese storie (Lukas 12:16-21). *Rykdom baat nie wanneer die Here straf nie; om te lewe volgens sy wil, red van die dood* (Spreuke 11:4). God se wil is duidelik: *Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom* (Jesus) *wat Hy gestuur het* (Johannes 6:29). Hý red van die dood (Johannes 6:40).

Aan almal wat in Jesus Christus glo, sê ek: **Moenie bang wees nie! Moenie vrees nie! Moenie bekommerd wees nie! Moenie, moenie, moenie** (Openbaring 2:10)! **Jy is gekoop** (1 Petrus 1:18-19)! **Jy is gemerk** (2 Korintiërs 1:21-22; Openbaring 7:3)! **Jy het 'n Eienaar** (1 Korintiërs 6:19-20 en Openbaring 3:12)! **Jy het 'n Vader wat sorg** (Matteus 6:25-34)! God gaan sý doel met jou bereik (Romeine 8:28-30; Judas: 24-25 en 1 Petrus 1:3-5). Kom wat wil! Skep moed!



Staan regop (Lukas 21:25-28)! Jy is nie uitgelewer aan die onsekerheid van die ekonomie of die toekoms nie. God het 'n plan met jou en sy plan gaan Hy tot die einde toe deurvoer.

***Gebed:***

- † ***Loof die Here vir sy goeie plan vir jou lewe. Dank Hom vir die sekerheid dat niks en niemand dié plan kan verongeluk nie.***
- † ***Bid vir mense wat mislei word en glo dat God se plan vir hulle net baie geld en besittings hier op aarde is. Vra dat die Gees aan hulle sal openbaar dat God se plan baie meer as dit is.***
- † ***Afrika: Wes-Sahara.***
- † ***Afrika: Bid teen etniese konflik en burgeroorloë.***

# Dag 6

## Net erfgename is finansieel vry

**Lees:** Romeine 8:17 en 1 Petrus 1:3-6

In 'n sekere boeregemeenskap was daar 'n baie ryk man. Niemand het geweet wat hy alles besit het nie, behalwe die prokureur, Paul, wat sy testament opgestel het en ook die eksekuteur daarvan was. Die dag met die ryk man se begrafnis het almal probeer uitvis wat hy alles besit het. Oom Gert het versigtig nadergestaan en saggies agter sy hand vir Paul gevra: *Wat het hy alles nagelaat?* Paul het net geglimlag en saggies terug geantwoord: ***ALLES!***

Dis belangrik om te onthou dat iemand eendag alles gaan erf wanneer jy sterf (1 Timoteus 6:7). Die vraag is: ***Wat het jy dan?*** Niks, óf nog meer? Erf jy ook iets wanneer jy doodgaan? Of laat jy net ander erf?

Jy moet seker maak dat jy 'n kind en erfgenaam is. Die Woord sê: *"En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus"* (Romeine 8:17). Die Woord gee ons 'n dubbele versekering van hierdie onbeskryflik wonderlike erfenis. 1 Petrus 1:3-6 sê dat God sy kinders vir die erfenis bewaar, maar ook die erfenis vir sy kinders

bewaar. God se kinders sal beslis erf! Hierdie erfporsie kan nooit afgevat word nie. Dit raak nooit op nie en dit word nie oud en minder werd nie. Paulus sê: *"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van die mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir die wat Hom liefhet"* (1 Korintiërs 2:9).

Dit help nie jy doen alles in jou vermoë om finansieel vry te wees, maar die dag as jy sterf, is jy in die moeilikheid nie. Dan is jy soos die ryk boer in Lukas 12:15-21. Baie geld en besittings, maar geen God! Dis só hartseer. Maak seker jy is gered. Maak seker jy is God se kind. Slegs as jy 'n kind van God is, gaan jy ook saam met Jesus alles erf wat Hy van die Vader kry.

Wat baat finansiële vryheid jou nou as jy eendag met niks, behalwe jou onbetaalbare sondeskuld, voor God moet staan? Maar as jy eendag saam met Christus as erfgenaam voor God staan, sal jy finaal en volkome finansieel vry wees!

***Gebed:***

† ***Lees 1 Johannes 5:12-13 en bid daaroor.***
† ***Lees Lukas 12:15-21 en bid ook daaroor.***
† ***Bid ook oor 1 Timoteus 6:7 en 17-19.***
† ***Afrika: Mauritanië.***
† ***Afrika: Bid vir die aanstelling van bekwame amptenare en vir effektiewe staatsadministrasie.***



## DEEL 3
## Waarheid maak vry

*Toe het Jesus ... gesê: As julle in 'n noue verbintenis aan my boodskap leef, is julle my egte navolgers; en julle sal begryp wat die waarheid beteken, en* ***die waarheid sal julle vrymaak*** *"* (Johannes 8:31-32. Nuwe Lewende Vertaling). Hierdie stelling is ook van toepassing op finansies. Slegs wanneer ons die tydlose waarhede oor geld en besittings wat God in sy Woord aan ons gee, glo en daarvolgens leef, is finansiële vryheid moontlik. Daar is géén vryheid in die leuen nie, ook geen finansiële vryheid wanneer ons 'n klomp leuens oor geld glo nie.

**Denkskuif:**

**~~Myne is myne! Ek kan daarmee doen wat ek wil~~.**

✓ **Alles behoort aan die Here, ook alles wat ek het.**

## Dag 7
### Wie besit wat?

**Lees:** Psalm 95:1-7a

Politieke, ekonomiese en sosiale stelsels en sisteme is baie vervleg. Sosialisme, kommunisme en kapitalisme is dus nie net ekonomiese stelsels nie. Dis ook politieke en sosiale stelsels.

Eenvoudig gestel: Die verskil tussen ekonomiese stelsels word hoofsaaklik bepaal deur die antwoord op die vraag: **Wie besit wat?**

> **Kommunisme sê:** Die **staat** is primêr die eienaar. Die ekonomie en alle produksiemiddele word gesentraliseer in die staat. Die staat beheer alles.
>
> **Sosialisme sê:** Die **gemeenskap** is primêr die eienaar. Die mense (die massa, die stam, die gemeenskap, nie die individue nie) beheer die ekonomie en produksiemiddele. Alles word gedesentraliseer.

**Kapitalisme sê:** Die **individu** is primêr die eienaar. Privaat persone beheer dus die ekonomie en produksiemiddele.

Daar is baie raakvlakke tussen sosialisme en kommunisme. Die groot probleem met beide kommunisme en sosialisme is dat dit **alle mense ewe arm** maak, aangesien privaatbesit, asook persoonlike inisiatief en verantwoordelikheid grootliks ontbreek.

Die grootste probleem met kapitalisme is dat dit **enkele mense skatryk maak, maar die meerderheid brandarm los.** Gierigheid is 'n groot dryfveer in kapitalisme. *Ek wil meer hê! Ek wil nog hê! Ek wil alles hê!* Dikwels ten koste van ander. Die groeiende gaping tussen ryk en arm is een van die slegte vrugte van kapitalisme.

Hoewel daar iets goeds in elkeen van bogenoemde stelsels mag wees, is ek oortuig dat al drie op sand gebou is. Waarom? Omdat hulle antwoord op die vraag *"Wie besit wat?"*, 'n leuen is. Nóg die staat, nóg die mense, nóg die individu besit alles. **God besit alles.** Dis die waarheid wat ons sal vrymaak. Dis die waarheid wat die Bybel ons leer. **God is die primêre Eienaar.** Enige ekonomiese stelsel wat op 'n ander aanname gegrond is, sal een of ander tyd in duie stort (vgl. Openbaring 18-19).

***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** In hierdie waarheid lê die kern van 'n nuwe ekonomiese stelsel. 'n Stelsel wat mense ekonomies vrymaak en nie verslaaf nie. Dit word die **Rentmeester-stelsel** genoem. Ons gaan dit later bespreek.

***Alles behoort aan die Here, óók alles wat jý het!*** Die meeste mense steur hulle eenvoudig nie aan hierdie waarheid nie, want hulle steur hulle nie aan God nie. Die stelling maak ander mense bang en benoud, want hulle geld is hulle enigste sekuriteit. Hulle beleef die feit dat alles wat hulle het aan die Here behoort as 'n bedreiging vir hulle drome en ideale; vir hulle strewe na sukses en finansiële welvaart. Ander stem op grond van hulle godsdienstige oortuigings saam met die stelling. Hulle sê dat alles aan die Here behoort, maar dit word nie sigbaar in hulle hantering van geld en besittings nie. Wat hulle sê is so vroom, maar dit maak geen verskil aan hoe hulle leef nie. Dis 'n dooie geloof.



Jou geloof moet sigbaar word in jou dade (Jakobus 2:14-17, 22 en 26). Dit moet implikasies hê! ***Ek glo alles behoort aan die Here, daarom ...*** Dis die sleutel tot finansiële vryheid. Hoe beter jy die implikasies van hierdie stelling verstaan, hoe groter finansiële vryheid gaan jy beleef.

***Gebed:***

- † ***Bid dat die Here jou sal oortuig van die waarheid dat alles wat jy het, aan Hom behoort.***
- † ***Vra dat die Here jou oë oopmaak vir die voor- en nadele van sosialisme, kommunisme en kapitalisme. Bid dat Christene nie hierdie stelsels sommer sonder kritiek sal aanvaar nie, maar sal begin soek na 'n stelsel wat op die waarheid gebou is.***
- † ***Afrika: Mali.***
- † ***Afrika: Bid vir goeie en verantwoordbare landboubeleid.***

## Dag 8

### Alles behoort aan die Here, ook dit wat jý het

**Lees:** Hebreërs 11:3

***Alles wat jy het, behoort aan die Here.*** Of nog beter gestel: ***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jý het.***

Dit beteken jy mag dalk baie hê, maar eintlik besit jy niks! Daar is nie 'n enkele graspol, wingerdstok, appelboom, mieliekop waarop jy kan aanspraak maak en sê dat jy dit ***besit*** nie. Jou grond, plantasies, boorde, vee, geld, voertuie, huise, juwele, klere, ... alles behoort aan die Here. In meeste testamente staan die volgende woorde: *"...al ons goedere, roerend sowel as onroerend, teenswoordig of toekomstig, niks ter wêreld uitgesonder nie en waar ook al geleë."* Wel, dit is hier van toepassing. Al hierdie goed wat jy volgens jou testament aan ander bemaak, behoort aan die Here en nie regtig aan jou nie.

Jy hoef maar net deur die Bybel te blaai om agter te kom hoeveel keer daar staan dat alles aan die Here behoort. Kyk na 'n paar sulke gedeeltes:

**Genesis 17:8** - God gee die hele Kanaän aan Abraham en sy nageslag as 'n blywende besitting. Hy kan dit doen omdat alles aan Hom behoort.

**Levitikus 25:23** - Geen Israeliet het permanente besitreg van grond gehad nie, *"want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My."*

**Deuteronomium 10:14** - *"Die hemel, selfs die hoogste hemel, behoort aan die Here jou God, ook die aarde en alles daarop."*

**1 Kronieke 29:11-16** - In sy gebed bely Dawid dat alles wat hy en die volk gebring het om die tempel mee te bou, reeds aan die Here behoort het, selfs vóórdat hulle dit gebring het. Hulle het dit van die Here ontvang en dit behoort steeds aan Hom.

**Psalm 24:1** - Die aarde en alles daarop behoort aan die Here.

**Psalm 50:10-11** - Die voëls en letterlik alles wat roer op die veld behoort aan die Here.

**Psalm 95:4** - Dit wat onder die grond is (insluitend water, minerale en mineraleregte), op die berge, in die see en op land – dit alles behoort aan die Here.

**Haggai 2:8** - Die silwer en goud behoort aan die Here.

***Alles behoort aan die Here, ook dit wat jý het.*** Dié stelling kan nie ontken of bevraagteken word nie. God se Woord is duidelik. Of jý dit glo en aanvaar of nie, maak geen verskil aan die waarheid en geldigheid van dié stelling nie. Wat God sê word nie eers waar indien mense dit glo nie. *Wat God sê is die waarheid,* of mense dit glo of nie.

***Alles behoort aan die Here, ook dit wat jý het!*** Dit is die slotsom van alles wat die Bybel oor geld en besittings sê. As jy dit nie van harte glo en aanvaar nie, sal die res vir jou geen sin en betekenis hê nie. Jy sal, net soos die heidene wat geen Vader het nie, wakker lê en jou bekommer oor die dag van môre (Matteus 6:25-34, veral vers 32).



***Gebed:***

- † ***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jý het. Bid dat dit regtig jou hartsoortuiging sal wees en nie net mooi woorde nie.***
- † ***Vra dat die Here jou sal leer en help om te verstaan watter troos, sekuriteit en vryheid in hierdie waarheid opgesluit lê.***
- † ***Afrika: Niger.***
- † ***Afrika: Bid vir die ministers van Landbou. Bid vir integriteit en vaardigheid (Psalm 78:72).***

## DEEL 4
## Vernuwing van denke

Laat God jou denke vernuwe oor die implikasie van die waarheid: **Alles behoort aan die Here, óók alles wat jý het.**

**<u>8 Denkskuiwe</u>:**

1. ***~~Geld is boos en vuil~~.***
   - ✓ ***Geld en besittings is nie boos nie.***
2. ***~~Geld kan vir alles sorg~~.***
   - ✓ ***God kan en wil vir jou sorg.***
3. ***~~Geld laat my goed en belangrik voel~~.***
   - ✓ ***Jy moet God loof en dank.***
4. ***~~Ek besit grond~~.***
   - ✓ ***Ek besit net verantwoordelikheid. God besit die grond.***
5. ***~~Ek kan met my geld doen wat ek wil~~.***
   - ✓ ***Ek is 'n rentmeester en moet aan God rekenskap gee.***
6. ***~~As ek 'n tiende gegee het, kan ek met die res doen wat ek wil~~.***
   - ✓ ***Elke finansiële besluit raak my verhouding met God.***
7. ***~~As ek, ... sal God~~!***
   - ✓ ***Ek kan God nie omkoop met iets wat aan Hom behoort nie.***
8. ***~~God moet sorg dat ek altyd behou wat ek bymekaargemaak het~~.***
   - ✓ ***God het die reg om sy besittings terug te vat.***

## Dag 9
### Geld en besittings is nie boos nie

**Lees:** Genesis 1:1, 4, 10, 12, 18, 21, 25 en veral vers 31.
Kolossense 1:15-17



Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** is geld en besittings nie boos nie. Dis die eerste implikasie van hierdie waarheid.

Geld is 'n gerieflike ruilmiddel. Ek ruil my groente vir jou geld. Daarna ruil ek weer dié geld by iemand anders vir sy fiets. Die man met die fiets wil geld in plaas van groente vir sy fiets hê. Jy kan geld vir enige iets ruil – ook vir dienste wat jy lewer of werk wat jy doen. Hoeveel geld jy vir iets moet ruil, word deur die waarde van 'n land se geldeenheid bepaal.

Geld word vervaardig van metale wat God geskep het. Papier en ink word gebruik om geldnote te druk. Geld is dus 'n dooie ding. Dit het geen lewe en geen siel nie. Daarom kan dit nie boos wees nie. Die Woord sê duidelik: *"Alles wat God gemaak het, is immers goed"* (Genesis 1:31 en 1 Timoteus 4:4a). God het alles geskep, ook geld en besittings. Alles behoort steeds aan Hom (Haggai 2:8; Psalm 24:1), daarom is dit wonderlik en goed.

Waarom waarsku die Here ons dan in sy Woord teen geld? Hy waarsku ons nie teen geld nie, maar teen 'n **liefde** vir geld en geldgierigheid (Matteus 6:24 en 1 Timoteus 6:10). Hy waarsku teen 'n bose neiging om geld jou god te maak. Slegs die Skepper is God en nie iets in sy skepping nie (vgl. Romeine 1:25). Loren Cunningham sê **geld is nie boos nie, maar geld is soos 'n verkleurmannetjie. Dit het die geneigdheid om die kleur van die mens se**



**hart aan te neem. Die kleur van die hart van die mens in wie se hand die geld is.** Geld word boos in die hand van iemand wie se hart boos is. Geld is rein in die hand van dié wat rein van hart is.

God is teen geldgierigheid. Hy haat dit wanneer mense geld toelaat om sý plek in hulle lewe in te neem en hulle lewe te beheer. Hy verafsku dit wanneer mense 'n god van geld maak. Wanneer geld mense besit, in plaas daarvan dat mense geld besit, is dit afgodery. Dáárteen is God beslis gekant! Hy is téén die verkeerde, sondige gebruik van geld. Hy is téén mense se misbruik van dit wat aan Hóm behoort.

God is nie teen geld en besittings nie, want ***alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** Moenie vlug van geld en besittings nie. Vlug van gierigheid en die begeerte om ryk te word (1 Timoteus 6:9-11). *"Do not overwork to be rich..."* (Spreuke 23:4 New King James Version). Vlug weg van elke gedagte om op 'n oneerlike manier ryk te word of om mense uit te buit in 'n poging om jou eie welvaart te vergroot (Spreuke 10:2 en 11:1; Spreuke 20:17 en vers 21; Spreuke 21:6 en 28:6, 8, 20, 22, 24-25). Dít is die dinge wat die Here haat. Vlug weg van dié sondige gesindheid!

Die Bybel leer ***jy moet God liefhê en geld gebruik*** **om God se doelwitte te bevorder.** ***As jy geld liefhet en God gebruik*** **om joú doelwitte te bevorder,** is jy besig met 'n valse godsdiens en afgodery. Moenie jouself mislei nie. God duld geen afgodery nie. Hy eis onverdeelde trou. Wie aanhou om afgode te dien, sal gestraf word (Eksodus 20:2-5; Deuteronomium 5:6-9; Jeremia 2:5; Matteus 5:24; 1 Korintiërs 6:9-10; <u>Efesiërs 5:5</u>; Openbaring 21:8).

***Gebed:***

† ***Vra die Here om jou hart skoon en rein te maak, dan sál die geld in jou hand ook skoon wees.***

† ***Vra die Here om jou en jou mense te help om weg te vlug van gierigheid, bedrog, oneerlike besigheid, omkopery, uitbuiting en alles wat Hy haat.***

† ***Afrika: Tsjaad.***

† ***Afrika: Bid vir goeie landbounavorsing.***



## Dag 10
### God kan vir jou sorg

**Lees:** Matteus 6:25-32

Omdat ***alles aan die Here behoort,*** kan Hy vir jou sorg. Dis die tweede implikasie van hierdie waarheid.

Mense verloor hulle lewensvreugde, energie en lewenslus omdat hulle besorg en bekommerd is oor geld en die dag van môre: *Het ek genoeg? Sal ek môre ook nog genoeg hê?* Hierdie besorgdheid veroorsaak dat die Woord nie in mense se lewe kan vrug dra nie. *"Die saad wat tussen die onkruid val, dui op díe wat die Woord hoor, maar deur* ***die sorge*** *en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie"* (Lukas 8:14).

Jesus sê hierdie besorgdheid is heidens (Matteus 6:31-32). Dit pas nie by kinders van die hemelse Vader nie. Om die Vader te vertrou om vir jou te sorg, moet jy weet dat Hy die begeerte, die vermoë en die middele het om dit te doen. Jy moet nie net weet dat ***alles aan die Here behoort*** nie. Jy moet dit met jou hele hart glo. Hy het ál die skatte van die wêreld tot sy beskikking om vir jou te sorg (vgl. 1 Kronieke 29:12).

**God het nie gunstige omstandighede nodig om vir jou te sorg nie.** Hy kan nie net sorg as dit reën, jy goeie produkpryse kry en wanneer die ekonomie in 'n opbloei-fase is nie. Hy het vir Israel in die dorre woestyn gesorg (Nehemia 9: 19-21). Hy kan in die droogte vir jou sorg. Hy kan sorg al is diesel en elektrisiteit baie duur en plaaspaaie baie sleg. Hy kan sorg al word die tyd en gemeenskap waarin jy leef gekenmerk deur selfsug, gierigheid, korrupsie, omkopery en diefstal. Ek het al God se kreatiwiteit op soveel maniere beleef. Hy sorg op maniere waaraan ons nog nooit gedink het nie. In die woestyn het God gesorg dat die Israeliete se skoene en klere vir 40 jaar nie geslyt het nie. Dieselfde God kan ook ekstra kilo's op jou voertuig se bande sit, jou grond se waterhouvermoë verhoog, en die seisoen verleng deur die ryp eers baie later te stuur. Omdat alles aan die Here behoort, word Hy nie gedwing om altyd op dieselfde manier te sorg nie. Jy kan God se versorging maklik miskyk as jy dink Hy kan net op één manier sorg.

Soms dink ek God moet weer op dieselfde manier voorsien en sorg as voorheen. Dan raak ek bekommerd omdat ek weet dis “nie moontlik nie”. Die duiwel maak my wys: *Hierdie keer gaan dit nie werk nie.* Maar God hoef nie ou planne te gebruik nie, want alles behoort aan Hom.

Soms kom ek in die versoeking om vir God planne voor te skryf. Ek sê vir Hom hoe Hy moet sorg. Dis dwaas om God só te probeer beperk. Hy is baie meer kreatief as ek en jy. Omdat alles aan Hom behoort, kan Hy enige tyd op enige manier voorsien en sorg. Soms doen Hy dit op bonatuurlike wyse. Soms gee Hy my net wysheid en/of ’n nuwe plan en dan moet ek self hard werk. Omdat ***alles aan die Here behoort,*** kan Hy sorg. Hy wíl vir jou sorg.

Wanneer ons in finansiële moeilikheid beland, voel ons dikwels die Here het ons *"gedrop"*. Ons bid en vra uitkoms en as die Here dit nie gee soos óns dit wil hê nie, is ons teleurgesteld en selfs kwaad. Ons beskuldig Hom bewustelik of onbewustelik vir die verknorsing waarin ons is. *Hy kan of wil nie sorg nie*, dink ons. Dis nie waar nie! Dis ons wat sekere basiese ekonomiese beginsels wat God ons in sy Woord leer, verontagsaam. Dáárom beland ons in allerlei finansiële probleme! Spreuke 19:3 is só waar: *Sy eie dwaasheid bring ’n mens op die verkeerde pad, en dan is hy kwaad vir die Here.* Dis beslis ook van toepassing op geld en finansies. Dink ’n bietjie: Watter dom en verkeerde besluite gee dikwels aanleiding tot finansiële probleme en ’n gevoel dat God nie sorg nie? Gesels met ander Christene hieroor. Ek en jy is dikwels blind vir ons eie foute.

Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** kan God vir jou sorg. As Hy nie uitkoms gee soos en wanneer jy dit wil hê nie, is dit nie omdat Hy nie kan nie. Hy kan, maar onthou, Hy stel meer in jou geestelike groei en die vorming van jou karakter belang as in die onmiddellike bevrediging van al jou behoeftes. Hy wil jou leer om ’n verantwoordelike rentmeester te wees. Daarom antwoord Hy nie altyd soos en wanneer ek en jy wil hê nie.

Die sleutel tot finansiële gemoedsrus en vryheid is ’n vaste oortuiging in jou hart dat God heeltemal in staat is om vir jou te sorg. **Alles behoort mos aan Hom. Finansiële vryheid lê in finansiële afhanklikheid van God!**



***Gebed:***

- † ***Bid dat die Here jou sal help om werklik te glo dat Hy vir jou wil, kan en sal sorg. Vra dat Hy alle bekommernis oor geld en besittings uit jou hart sal haal.***
- † ***Loof, prys en dank die Here vir sy voorsiening en versorging.***
- † ***Vra dat die Here jou van dwase en verkeerde besluite sal bewaar – besluite wat jou in ’n finansiële verknorsing kan laat beland.***
- † ***Afrika: Noord-Soedan.***
- † ***Afrika: Bid vir die ontwikkeling van infrastruktuur: paaie, spoorlyne, hawens en lughawens.***

## Dag 11
### Jy behoort God te loof en dank

**Lees:** Psalm 95

Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** behoort jy God te loof en dank. Dit is die derde implikasie van hierdie waarheid.

Die Psalmdigter van Psalm 95 bely dat alles aan die Here behoort. Dit maak hom nie bang, negatief of opstandig nie. Dit lei daartoe dat hy die Here loof en prys, ook vir sy versorging. Luister wat sê hy: *“Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper! Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape deur sy hand versorg”* (Psalm 95:6-7). Dit is dus onnodig om behep te raak met geld en beangs te raak oor die toekoms. Alles behoort aan die Here. Daarom kan, wil en sal Hy vir jou sorg. Jy ís mos sy skaap en deel van sy kudde. As jy dit glo en verstaan, bring dit finansiële vryheid en die begeerte om God te loof.

Wanneer Dawid in 1 Kronieke 29:10-19 bid, bely hy dat alles aan die Here behoort. Daarom is sy dankgebed vol lof. In vers 13 sê hy: *"En nou loof ons U, ons God, ons prys u glansryke Naam."* Dawid besef dat die gawes wat hulle vir die bou van die tempel gebring het, aan die Here behoort het selfs voordat hulle dit vir die bou van die tempel gebring het.

***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** Loof en prys jy Hom nog daarvoor? Wanneer laas het jy die Vader gedank vir elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk wat van Hom af kom (Jakobus 1:17 en 1 Timoteus 6:17)?

Dink na: **As jy môre net gaan hê waarvoor jy vandag die Here gedank het, wat gaan jy hê?**

***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** As jy ander help; as jy die gemeenskap dien; as jy groot dinge met "jou" geld tot stand bring, moet jy altyd onthou jy het dit met 'n *ander Man* se besittings gedoen. Hý moet geëer en geprys word, nie jy nie. Hý moet die lof en die dank kry, nie jy nie. Moenie God se gawes misbruik om vir jouself roem en eer te vergader nie (Matteus 6:1-4). Jou vrygewigheid moet daartoe lei dat God gedank en geëer word (2 Korintiërs 9:10-15).

***Gebed:***

- † ***Dank die Here vir die wonderlike waarheid dat alles aan Hom behoort. Dank Hom vir sy versorging en voorsiening.***
- † ***Indien jy jou geld en besittings misbruik om vir jouself naam te maak, moet jy dit voor die Here bely.***
- † ***Afrika: Suid-Soedan.***
- † ***Afrika: Bid vir die ontwikkeling en gebruik van landbou-tegnologie.***

## Dag 12

### Jy **besit net verantwoordelikheid**

**Lees:** Matteus 25:14-19

Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** besit jy net verantwoordelikheid. Dis die vierde implikasie van hierdie waarheid.

Op 'n keer het 'n boer 'n ander boer gelukgewens met die plaas wat hy gekoop het. Die reaksie van die boer wat die plaas gekoop het, was treffend. Hy het gesê: *"Nee ou maat, jy maak 'n fout. Ek het nie nog grond gekoop nie, ek het net nóg verantwoordelikheid gekoop. Die grond bly die Here s'n!"* (Lees weer Levitikus 25:23.)



Wat 'n eg Bybelse antwoord! ***Alles behoort aan die Here, óók dit wat ek besit.*** Ek en jy het net die verantwoordelikheid om dit wat aan die Here behoort, volgens sý opdrag te bestuur.

Boere behoort dit baie goed te verstaan, want op die plaas werk dit ook so. Jy vra vir die draadwerker: *"Waar is **jou** tang?"* Of vir die snoeiers: *"Is **julle** skêre nog in 'n goeie toestand?"* Vir die trekkerbestuurder sê jy: *"Jy moet sorg dat **jou** trekker netjies en skoon is voordat jy dit in die skuur trek."* Dié persone besit nie die tang, snoeiskêr of trekker nie. Ons praat maar net só. Wat jy eintlik vra is: *"Waar is die tang waarvoor jy **verantwoordelik** is?" "Hanteer jy die voertuig wat **aan jou sorg toevertrou** is, met respek?"*

God het die ganse skepping aan ons, sy verteenwoordigers, se sorg toevertrou (Genesis 1:27-28). God het die mens geseën om in staat te wees om die groot verantwoordelikheid na te kom. Jy is ook God se verteenwoordiger en Hy het die grond waarop jy boer aan jou toevertrou. Dit is 'n groot voorreg en 'n nog groter verantwoordelikheid. Hoe verantwoordelik is jy met alles wat die Here in jou sorg geplaas het?

Maak 'n lys van alles wat jy het: plase en/of grond, voertuie, implemente, vee, lande, boorde, huise, pakstore en graansilo's, beleggings, polisse, meubels, gewere, klere, fietse, gereedskap en baie meer. Skryf in rooi letters oor alles: *My verantwoordelikheid. Ek moet dit alles namens die Here bestuur. Hy het dit aan my sorg toevertrou.*

***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** Dit beteken jy is net verantwoordelik vir die bestuur van sý goed. Jy is net 'n rentmeester.

***Gebed:***

- † ***Here, help my om verantwoordelik te wees met alles wat U aan my sorg toevertrou het.***
- † ***Bid dat landbouers meer ingestel sal wees op hulle verantwoordelikheid as op hulle eienaarskap.***
- † ***Afrika: Eritrea.***
- † ***Afrika: Bid vir landbou-ontwikkeling.***

My lys: ..................................................................................................

My verantwoordelikheid!



# Dag 13

## Jy is net ’n rentmeester, nie die eienaar nie

**Lees:** Matteus 25:14-15

Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** is jy slegs ’n rentmeester. Jy is nie die eienaar nie. Dis die vyfde implikasie van hierdie waarheid.

Die woord in Grieks (die taal waarin die Nuwe Testament oorspronklik geskryf is) is *oikonomos*. Dit verwys na iemand wat ’n huishouding bestuur. In Afrikaans word hierdie bestuurder ’n ***rentmeester*** genoem. In Engels praat ons van ’n ***steward*** *(agent, overseer, estate manager, land agent, curator, warden).* Lukas 12:39-43 help ons om te verstaan wat die woord beteken.

’n Ryk man het, wanneer hy vir ’n tyd weggaan, ’n rentmeester (bestuurder) aangestel om sy huishouding namens hom te bestuur. Die rentmeester het die bevoegdheid gehad om namens die eienaar besluite te neem oor die eienaar se geld en besittings. Die rentmeester kon ook die eienaar in vergaderings verteenwoordig en namens hom praat. ’n Rentmeester het dus *in die naam van* die eienaar opgetree. **Hy was verantwoordelik om die eienaar se goed te bestuur soos die eienaar dit self sou gedoen het. Hy moes die eienaar se droom en begeerte voor oë hou. Hy moes die eienaar se hart deel.** Solank hy dít gedoen het, het hy die reg en bevoegdheid gehad om te besluit wat om met die eienaar se goed te doen. Maar hy het ook geweet dat hy, wanneer die eienaar terugkom, verslag moet lewer van álles wat hy gedoen het (vgl. Matteus 25:19). Indien die rentmeester die eienaar se goed gebruik het om homself te verryk, sou hy beslis in die moeilikheid wees (Lukas 16:1).

***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** Jy is die rentmeester. God is die Eienaar. Jy het die verantwoordelikheid om God se eiendom namens Hom te bestuur. Jy moet ’n intieme verhouding met Hom hê. Jy moet sy hart ken as jy sý goed wil bestuur soos Hy dit sou doen. Jy moet sý geld gebruik om sý doelwitte te bereik. Sý begeerte moet jou begeerte wees. Sý plan moet jou plan word. Dit beteken nie jy moet ál jou geld vir die kerk, sending of ander verdienstelike organisasies gee nie. (Later meer oor wat verantwoordelike rentmeesters met God se geld en besittings moet doen.)

Die wete dat ek net 'n rentmeester en bestuurder is, en nie die Eienaar nie, bring finansiële vryheid. Ek is net verantwoordelik vir wat die Eienaar in my hande plaas. Ek kan tog nie verantwoordelik wees vir goed wat Hy nie in my hande geplaas het nie. Byvoorbeeld die inkomste van 'n lammer- of mielie-oes wat ek as gevolg van die droogte nooit gekry het nie. Ek is ook nie verantwoordelik vir goed wat Hy van my wegvat nie (bv. deur hael, brande, vroeë of laat ryp, ensovoorts). My verantwoordelikheid is om dit wat in my sorg is, in gehoorsaamheid aan die Eienaar te bestuur. Jy hoef nie die Eienaar se verantwoordelikheid te dra nie. Jy kan net bestuur. Dis 'n sleutel tot finansiële vryheid.

Onthou: 'n Rentmeester luister na die eienaar. Jy moet na God luister. Daar moet 'n verhouding tussen jou (die rentmeester) en God (die Eienaar) wees. Jy moet God ken, sy hart verstaan en deur sy Gees gelei word. Jy moet die Eienaar liefhê en vertrou. Sy Woord moet in jou hart en gedagtes leef. Rentmeesterskap sonder ***intimiteit*** met die Eienaar is 'n klug.

Jy is as rentmeester oor iets aangestel, of jy dit glo of nie. Daarom sal jy eendag verantwoording moet doen van álles wat jy gedoen het – ook met God se geld en goed (Matteus 25:31-46; Romeine 14:10-12; 2 Korintiërs 5:10). Is jy bang vir dié dag? Óf sien jy daarna uit om te hoor?: *Mooi so! Jy was 'n goeie en getroue rentmeester!*

***Gebed:***

- † ***Bely die misbruik van God se goed vir iets wat teen sy wil is.***
- † ***Bid dat God se kinders goeie rentmeesters van God se eiendom sal wees, selfs in ekonomiese stelsels soos sosialisme, kommunisme en kapitalisme, wat God nie as Eienaar erken en eer nie.***
- † ***Here, help my om in 'n intieme verhouding met U te leef sodat ek 'n goeie en verantwoordelike rentmeester van u besittings kan wees. Leer my wat ek namens U met u geld en besittings moet doen.***
- † ***Afrika: Djibouti.***
- † ***Afrika: Bid dat Afrika se mense goeie rentmeesters van hulle natuurlike hulpbronne sal wees.***




# Dag 14


## Elke finansiële besluit raak jou verhouding met Christus

**Lees:** Galasiërs 5:25 en 1 Korintiërs 10:31

Elke finansiële besluit het alles te doen met God en jou verhouding met Hom. Dit is die sesde implikasie van die sentrale waarheid: ***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.***





Daar is mense wat hulleself as Christene beskou, maar God het net so min 'n invloed op hulle lewe as wat 'n spaarwiel 'n invloed op 'n motor het. Soos 'n spaarwiel, is God net daar om hulle te help as hulle in die moeilikheid is. Hulle lewe is in kompartemente verdeel (sport, werk, geld, vriende, kerk, politiek, huwelik, ensovoorts). Die kompartemente het eintlik geen invloed op mekaar nie. Hulle kerk en godsdiens het géén invloed op die res van hulle lewe nie. Ek noem hierdie mense eksperimenteerders. Hulle wil kyk hoe suksesvol hulle sonder God kan leef. Hulle skuif Hom al hoe laer af op hulle prioriteitslys. Maar sodra hulle in die moeilikheid is, moet God gou kom help om hulle net weer op die pad te kry.




Dan is daar mense vir wie kerk en godsdiens baie belangrik is. Dis hulle eerste en hoogste prioriteit. Die probleem bly egter dieselfde. Hulle lewe is ook in kompartemente verdeel. Hulle godsdiens het ook geen invloed op die res van hulle lewe nie. Hulle handel God af as die hoogste prioriteit, en gaan dan sonder Hom verder. Elke vergadering word met gebed geopen. Daarna word God in elke gesprek en besluit geïgnoreer. Die huwelik word in die kerk bevestig, maar by die onthaal word vieslike grappe vertel en te veel gedrink. Sondag gaan hulle kerk toe, maar Maandag doen hulle oneerlike besigheid. In die oggend of die aand lees hulle Bybel, maar bedags is hulle rassisties en liefdeloos. Hulle gee 'n tiende aan die kerk, maar oor die nege tiendes wat oorbly het God geen sê nie. Dis húlle geld. Hulle is net op Sondae Christene. In die week leef hulle soos ateïste. Ons noem hulle Sondag-Christene of week-ateïste.

Die boodskap van die Bybel is egter baie duidelik: ***Christus wil elke dag jou héle lewe deur sy Gees en Woord beheer*** (vgl. Galasiërs 5:25). Skematies kan dit so voorgestel word:




Hele lewe                Alle ekonomiese aktiwiteite

As jy ’n Christen is, behoort jy aan die Here. Hy het jou gekoop en die prys betaal. Christus het jou Eienaar en Koning geword. Hy het seggenskap oor jou héle lewe. Hy het die reg om jou hele lewe deur sy Woord en Gees te beheer. Hy het ook seggenskap oor ál jou finansies, want ***alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** Christus het die eerste en laaste sê oor **tien** tiendes van jou geld. Hy het die sê oor skuld; vergoeding van arbeiders; oesversekering; alle koop- en verkoop-transaksies; al die verskillende vorme van belasting; beleggings, polisse en aandele; ja, selfs die bepalings van jou testament. Jy moet Hom die reg gee om die ingesteldheid van jou hart teenoor geld en besittings te bepaal (vgl. 1 Korintiërs 7:29-32a; Hebreërs 13:5-6 en 1 Johannes 2:15-17).

God se kinders behoort in elke situasie met 'n oop gemoed en 'n eerlike hart te vra: *Vader, wat is u wil? Wat wil U hê dat ek met u geld en besittings doen? Ek wil graag u besittings gebruik om u doelwitte te bevorder.*

As jy vir jou boekhouer sê: *"Vat 'n R1 000 en gee dit vir die laerskool"*, kan die boekhouer nie weier nie, of sy nou dink jy kan dit bekostig of nie. Al dink sy die hoërskool het dit meer nodig, moet sy dit steeds vir die laerskool gee, want dis jou opdrag. Sy moet doen wat jy sê al is sy vies vir die skoolhoof en dink sy dat hy geld mors. Net so, as die Here jou 'n opdrag gee (bv. betaal jou belasting, gee jou dankoffer, hersien die lone van jou personeel, seën daardie man met 'n geskenk, belê hierdie geld, ens.) moet jy dit doen, al het jy nie lus nie en dink jy dis nie 'n goeie finansiële besluit nie. Die kern van die saak is **gehoorsaamheid** aan Hom met Wie se goed jy werk. **Gehoorsaamheid lei tot finansiële vryheid!**



***Gebed:***

- † ***Bid dat die Here elke dag jou hele lewe deur sy Woord en Gees sal beheer.***
- † ***Bid vir eksperimenteerders en week-ateïste wat jy ken. Bid dat hulle sal verstaan dat God nie ’n spaarwiel vir noodgevalle wil wees nie, maar Koning oor hulle hele lewe.***
- † ***Afrika: Ethiopië.***
- † ***Afrika: Bid vir landbouproduktiwiteit en voedselsekerheid.***

## Dag 15

### Jy kan God nie omkoop nie

**Lees:** Deuteronomium 10:17 en Romeine 11:35

Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** kan jy Hom nie omkoop nie. Dis die sewende implikasie van ons sentrale waarheid.

Wat dink jy van die volgende fiktiewe storie? My plaasbestuurder het die voorreg om my Isuzu KB-300 bakkie te gebruik. Hy kom na my toe en sê: *Meneer, hier is “my” Isuzubakkie. Ek gee dit vir meneer. Sal meneer nou asseblief my vrygewigheid beloon deur te sorg dat my kinders alles kry wat hulle nodig het wanneer hulle universiteit toe moet gaan?*

Dis belaglik. Hoe kan my plaasbestuurder my met my eie bakkie *“omkoop”*? Tog is daar baie mense wat glo hulle kan God met ’n bydrae aan die kerk *“omkoop”* om hulle te seën en in alles voorspoedig te maak. Hulle probeer God se sorg en seën met hulle tiendes en offergawes verdien. Met wat hulle aan God gee, wil hulle Hom dwing om nog meer vir hulle terug te gee. Maar dis nie wat die Woord ons leer nie. God gee, en daarom kan ons teruggee. Hy skuld ons niks.

Mense was in staat om bydraes vir die bou van die tempel te bring. Dit het nie beteken dat hulle reg of aanspraak op enige iets gehad het en dat die Here iets aan hulle verskuldig was nie (1 Kronieke 29:11-16). Dit was mos nie hulle eie goed nie, want hulle *besit* niks. God besit alles en hulle het net dit wat aan Hóm behoort, teruggegee. Bely dit as jy gedink het dat jy sekere regte en aansprake het omdat jy iets vir die werk van die Here gegee het. Hy skuld jou niks op grond van wat jy vir Hom (vir sy kerk of sy werk) gegee het nie.

***Alles behoort aan die Here, óók dit wat jy het.*** Jy kan nie iets vir God gee en Hom so verplig om weer vir jou iets te doen nie. *"Of wie het gawes aan Hom gegee, vir wie Hy dit sou moes vergoed?"* (Romeine 11:35 Nuwe Testament en Psalms – 'n direkte vertaling.) In Job 41:2 vra die Here vir Job (asook vir my en jou): *"Wie wil aan My eise stel dat Ek iets aan hom verskuldig is? Alles onder die hemel behoort aan My."* Moenie probeer om God met "jou" geld te manipuleer nie. Dit behoort klaar aan Hom.

Pasop vir kerkleiers wat mense verlei met allerhande mooi beloftes van seën en welvaart as hulle baie geld vir die kerk gee. In Uganda hoor ek van pastore vir wie gemeentes vooruit tot 5 000 Amerikaanse dollar moet betaal om by hulle kerk te kom preek. Só word die evangelie verdraai en misbruik om, soos die skrifgeleerdes in **Lukas 20:47,** die geld en besittings van armes in die hande te kry. 'n Malawiër vertel dat arm mense skuld maak om 'n groot bydrae aan ryk gemeentes te gee. Die ryk geestelike leier (ek dink hy is 'n geestelike verleier en manipuleerder) verseker hulle "uit die Woord" dat hoe meer hulle saai, hoe meer sal die Here vir hulle teruggee. Hulle moet die helfte van hulle goed aan die kerk gee, dan sal hulle glo uit hulle armoede kom.

Moenie gee om te ontvang nie. Moenie gee wat jy nie het nie. Gee uit dankbaarheid en met vreugde. ***"As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie"*** (2 Korintiërs 8:12). 2 Korintiërs 9:7 bevestig hoe belangrik die gesindheid is waarmee gegee word: *"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief."*

Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** kan jy Hom nie omkoop nie (Deuteronomium 10:17). Onthou dit! Om God te probeer manipuleer om jou sakke vol te stop, bring geen finansiële vryheid nie.

***Jy moet God liefhê en geld gebruik* om sý doelwitte te bevorder.** Dis wat die Bybel ons leer. ***As jy geld liefhet en God gebruik* om jóú doelwitte te bevorder,** is jy besig met 'n valse godsdiens en afgodery. Liefde vir geld en die misbruik van God kenmerk die voorspoed-teologie. Dit sê: God is daar om my ryk te maak. Wees gewaarsku! Dis 'n dwaling! Ons moet voorspoed en sukses op grond van die Bybel radikaal herdefinieer.



***Gebed:***

- ***Bely elke gedagte dat God jou iets skuld omdat jy iets vir Hom of vir sy werk gegee het. Bely alle pogings, hoe subtiel ook al, om God om te koop of te manipuleer. Dis sonde.***
- ***Bid teen die uitbuiting van mense deur kerke en kerkleiers ter wille van hulle eie weelderige lewe en hulle liefde vir geld. Bid teen die misbruik van God en sy Woord.***
- ***Afrika: Somalië.***
- ***Afrika: Bid vir inligtingstegnologie en kommunikasie.***

## Dag 16

### God het die reg om sy besittings terug te vat!

**Lees:** Filippense 4:10-14

Omdat ***alles aan die Here behoort, óók dit wat jy het,*** het Hy die reg om sy besittings enige tyd terug te vat. Dis die agste implikasie van die sentrale waarheid.

Op 'n saaiplaas mag enigeen nie sommer met enige trekker ry nie. Elke bestuurder het 'n trekker waarvoor hy verantwoordelik is. Elke bestuurder besit egter nie 'n trekker nie. Die boer of besigheid besit al die trekkers en kan enige tyd besluit om enige trekker terug te neem. Die boer hoef dit nie net te doen as hy ontevrede is met die manier waarop die bestuurder die trekker gebruik nie. Hy het die vryheid en die mag om dit ook om baie ander redes terug te neem. Hy kan dit selfs doen om 'n groter en beter trekker aan die bestuurder te gee.

***Alles wat jy het, behoort aan die Here.*** Hy het dus die vryheid en die reg om enige iets enige tyd van jou af weg te vat. Hy doen dit dalk omdat Hy ontevrede is met hoe jy sy besittings hanteer en bestuur (Prediker 2:26; Matteus 25:19 en 29; Lukas 12:16-21). Maar soms kan 'n mens ook alles verloor as gevolg van jou eie verkeerde keuses en dwase besluite (Spreuke 19:3).

God kan sy geld en besittings ook vir ander redes tydelik of permanent terugvat. Redes wat ek en jy nie altyd verstaan nie. Wat die Bybel ons egter

oor swaarkry en lyding leer, is ook op ons van toepassing wanneer ons ons besittings verloor. Soms is dit 'n vreemde bewys van God se liefde (Hebreërs 12:4-13). Soms is dit nodig om ons karakter te bou (Filippense 4:11-13). Soms leer ons in moeilike tye om nuwe en beter planne te maak. Soms leer Hy ons gehoorsaamheid (Psalm 119:67, 71, 75 en Hebreërs 5:8) en soms kweek Hy volharding en 'n egte geloof in ons (Romeine 5:3-4). Soms maak lyding nuwe deure en nuwe geleenthede vir ons oop (Galasiërs 4:13). Dit laat my dink aan Boet en Celia Pretorius wie se grond in Zimbabwe in 2001 deur die Mugabe-regering gevat is. Die Here het hulle 'n nuwe landbou-bediening gegee. Hulle maak nou dwarsoor Afrika 'n groot verskil in duisende kleinboere se lewe. Boet het gesê: *I once had a farm in Africa, but now I have a farm called Africa.* Soms leer dit jou om op God alleen te vertrou en nie op jou eie vermoëns nie (2 Korintiërs 1:9-10). Soms rus dit jou toe om ander wat in dieselfde situasie is, te bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God jou bemoedig het (2 Korintiërs 1:3-4).

Job was vroom en opreg en 'n voorbeeld vir almal. Hy was baie ryk en belangrik. Job het egter nie geweet van die gesprek tussen God en Satan nie (Job 1:1-11). Hoe het Job reageer toe hy alles verloor het? *"Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê: 'Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.' Onder alles het Job nie gesondig of God iets verwyt nie"* (Job 1:20-22).

Wees wakker! As jy alles verloor sal die Satan jou versoek om vir God kwaad te word en Hom te vloek. Satan kan mense wat baie naby aan jou is gebruik om dit te doen. In Job se geval het hy Job se vrou gebruik (Job 2:9). Moenie na sulke dwase raad luister nie. Moenie *bitter* word nie, word *beter* wanneer jy alles (of baie) verloor.

***Gebed:***

† ***Vra die Here om jou te help om, wanneer jy geld en besittings verloor, jou pynverleentheid in 'n groeigeleentheid te omskep. Bid dat Hy jou karakter daardeur sal bou en jou oë sal open vir nuwe geleenthede en uitdagings.***



† ***Vra dat die Here jou sal beskerm teen bitterheid, veral wanneer jou verlies die gevolg is van ander se sonde. Ander se gierigheid, onverantwoordelikheid, nalatigheid, diefstal, korrupsie, ensovoorts.***

† ***Afrika: Kenia.***

† ***Afrika: Bid vir miljoene bestaansboere wat op klein stukkies grond hoofsaaklik net vir hulle en hul families kos produseer.***

## Dag 17

### Ek bely my skuld en aanvaar my verantwoordelikheid

**Lees:** Deuteronomium 10:14

**Samevatting:**

Die agt implikasies van die feit dat alles aan die Here behoort, is:
1. Geld en besittings is nie boos nie.
2. God kan vir jou sorg.
3. Jy moet God loof en dank.
4. Jy *besit nét* verantwoordelikheid.
5. Jy is net 'n rentmeester, nie die eienaar nie.
6. Elke finansiële besluit raak jou verhouding met Christus.
7. Jy kan God nie omkoop nie.
8. God het die reg om sy besittings terug te vat.

Hierdie agt waarhede vorm 'n stewige fondasie vir finansiële vryheid.

**Skuldbelydenis:**

- Here, ek bely, ek het U net toegelaat om inspraak in 'n deel van my finansies te hê. Ek het gedink ek kan U met 'n dankoffer-deeltjie afhandel en met die res doen wat ek wil.
- Ek bely dat die manier waarop ek met u geld en besittings gewerk het, U nie altyd laat glimlag het nie.
- Ek bely ook dat ek dikwels u seën en guns probeer *koop* het met die bydraes wat ek vir die kerk en u werk gegee het.

**Regstelling:**

- ✓ Ek erken dat ek die dinge wat ek het, nog nooit werklik besit het nie. Ek doen afstand van alle besitreg, want alles behoort aan U.
- ✓ Ek aanvaar dat ek verantwoordelik is vir dit wat U aan my toevertrou het. Ek onderneem om u besittings te gebruik om u doelwitte te bevorder en nie my eie belang nie.
- ✓ Ek dank U Here vir die wonderlike voorreg om as rentmeester u besittings namens U te bestuur.
- ✓ Dankie Vader vir die gemoedsrus dat U vir my sorg.
- ✓ Ek bely: ***Alles behoort aan U, óók dit wat ek besit.*** Ek onderneem om, deur u genade en die krag van die Heilige Gees, die implikasies van dié belydenis uit te leef. Ek onderneem om ook op finansiële gebied in alles aan u Woord gehoorsaam te wees.

............................... ...............................

(Handtekening) (Datum)

............................... ..............................

(Getuie) (Datum)

***Gebed:***

† ***Praat met die Here oor jou verbintenis en die implikasies van die feit dat alles aan Hom behoort.***

† ***Bid vir almal wat glo dat álles aan hulle behoort en dat hulle daarmee kan doen wat hulle wil.***

† ***Afrika: Uganda.***

† ***Afrika: Bid vir goeie elektrisiteitsnetwerke en die betroubare voorsiening van krag.***



# DEEL 5
# Sukses

Om finansieel vry te wees moet jy onderskei tussen geld en sukses. As sukses gelyk is aan geld, is 'n strewe na sukses maar net 'n mooi naam vir die begeerte om ryk te word. Dan ontaard 'n strewe na sukses maklik in geldgierigheid.

**<u>Denkskuif</u>:**

**~~Geld en sukses gaan hand aan hand~~.**

**✓ Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.**

## Dag 18
### Kom ons meet

**Lees:** Lukas 12:13-21

Wat sal jy antwoord as iemand jou vra: *"Wie is die mees suksesvolle boer of boervrou in julle omgewing?"* Wie sal jy as die *boer van die jaar* in jou omgewing aanwys?

Jy het so pas jóú definisie van sukses gegee. Maar het jy die regte maatstaf gebruik om sukses mee te meet?



Beide 'n reënmeter en 'n maatband is in millimeters gemerk. Jy kan egter nie afstand met 'n reënmeter meet nie en ook nie reën met 'n maatband nie. Jy kan iets alleen reg meet as jy die regte *maatstaf* (meetinstrument) gebruik.

Mense het verskillende sienings oor wat sukses is. Vir die meeste het sukses alles met geld te doen. Hulle meet sukses aan geld en besittings. Wie se siening van sukses is reg? Wie het die laaste sê oor wat sukses is? Wie se maatstaf en definisie is deurslaggewend?

Daar is slegs één antwoord: **God!** Dáárom moet ek en jy uitvind wat Hý oor sukses sê.

As jy die profesieë van Amos, die boer van Tekoa lees, sal jy gou agterkom hoe maklik jy jou kan misgis. Die mense in sy tyd (ongeveer 750 jaar voor Christus) het hulle gruwelik met God misreken. Die dinge waaraan hulle hulself gemeet het, was verkeerd. Hulle <u>materiële welvaart</u> (as gevolg van die uitbuiting van armes), <u>politieke stabiliteit</u> en <u>baie uiterlike godsdienstige aktiwiteite</u>, het hulle laat glo dat God sommer baie trots op hulle is. Maar God se maatstaf is totaal anders. Hy kyk nie na die uiterlike nie. Die skietlood ('n stuk lood aan 'n tou wat bouers teen 'n muur laat afsak het om te bepaal of die muur regop gebou is) in sy hand het gewys dat Israel, wat Hy goed en regop gebou het, volgens sý maatstaf heeltemal skeef en krom geword het. Daarom moes Israel gestraf word (Amos 7:7-9).

Israel se verkeerde maatstaf het hulle 'n valse gerustheid gegee. Dit het hulle in ballingskap en ellende laat beland. Moenie dieselfde fout maak nie. Jy sal ook ontnugter word. ***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.***

Net soos die wêreld meet ook Christene dikwels sukses aan geld en besittings. Die persoon wat die meeste geld maak, word gewoonlik as die suksesvolste beskou. Naas geld gaan dit vir ons oor dinge soos invloed, geleerdheid, prestasies, toekennings, titels, ensovoorts.

God se maatstaf vir sukses is egter totaal anders. Uiterlike voorkoms, asook deftige klere en juwele beïndruk Hom glad nie (1 Samuel 16:7; 1 Timoteus 2:9-10; Jakobus 2:1-9). Die grootte van jou oes, die indrukwekkende syfers van jou nettowins, al jou opstalle en netjiese skure en pakstore is nie die maatstaf waarvolgens God meet nie. God het vir 'n boer wat al dié goed gehad het, gesê: ***Jou dwaas*** (Lukas 12:13-21)! Al is jy hoe invloedryk en geleerd sal God nie dáárom gunstiger oor jou oordeel as oor ongeletterdes en sosiaal-veragtes



nie. Dieselfde geld vir hoofmanne, konings en politieke leiers (1 Korintiërs 1:26-29). Selfs al prys mense jou omdat jy so aktief betrokke is by die kerk, is jy volgens God se maatstaf dalk geestelik dood (Openbaring 3:1 en 3:17). God se maatstaf vir sukses is verrassend anders. Hy prys dié aan wie ons dikwels geen pryse toeken nie (Matteus 5:3-10).

Dalk is jy ontnugter deur die ontdekking dat al die mooi en goeie dinge waarvan mense 'n ophef maak, nie die dinge is waaraan God sukses meet nie. In God se oë is boere nie noodwendig meer suksesvol as plaaswerkers nét omdat hulle ryker, meer geleerd en meer invloedryk is nie. Volgens God se maatstaf kan alle mense suksesvol wees: ryk en arm, geleerd en ongeletterd, oud en jonk, mans en vrouens, leiers en volgelinge, werkgewers en werknemers, grondbesitters en -huurders! Maar al hierdie mense kan ook die toets dop.

***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** Ons het nog nie gesê wat God se maatstaf is nie, maar ons weet dat dit anders is as dié van die wêreld.

***Gebed:***

- † ***Bid dat die Heilige Gees Christene sal leer dat God se siening van sukses radikaal verskil van die wêreld se siening.***
- † ***Bid vir kerkleiers wat dieselfde fout maak as die mense in die tyd van Amos. Hulle dink God meet sukses aan materiële welvaart en godsdienstigheid.***
- † ***Afrika: Sentraal-Afrikaanse Republiek.***
- † ***Afrika: Bid vir bemarking. "Africa needs trade, not aid!"***

## Dag 19

### Sukses is vir almal moontlik!

**Lees:** Matteus 3:17 en 17:5

Jy hoef nie in sak en as te gaan sit omdat jy besef jou maatstaf vir sukses is verkeerd nie. Onthou, jy is bestem om volgens God se maatstaf suksesvol te wees. Hiervoor het Hy jou geskep. Jou sukses is sy begeerte. Daarom gee Hy jou weer 'n geleentheid om dié mens te word wat Hy jou bestem het om te wees.

Christus is bereid om al jou sonde, skuld en mislukkings op Hom te neem. Hy wil jou vry maak om nuut te begin. Al het jy in die verlede heeltemal misluk, is sukses steeds moontlik, want God vergewe met liefde. God begin graag van voor af met mense wat met hulle mislukkings na Hom toe kom. Baie suksesvolle mense het al besef dat hulle in hulleself 'n totale mislukking is. Maar God het hulle weer 'n kans gegee!

Jý kan óók nuut begin. Jy kán dit waarvoor God jou bestem het, bereik. Jy kan volgens God se maatstaf suksesvol wees. Alles wat Hy van jou verwag, maak Hý vir jou moontlik. Voor Hy iets van jou vra, gee Hy dit eers vir jou.

***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** Hoe maak Hy dit vir jou moontlik? Wie of wat gee Hy vir jou om dié opdrag te kan uitvoer?
Die antwoord is eenvoudig: In Christus gee Hy jou alles wat Hy van jou verwag. Daarom is dit nodig om te kyk na die lewe en voorbeeld van die mees suksesvolle Persoon. Die Mens Jesus Christus was 100% suksesvol volgens God se maatstaf (Filippense 2:8-11).

Omdat ***Jesus*** God se voorbeeld van 'n suksesvolle mens is, beteken dit:
1. Jy kan alleen suksesvol wees as Jesus in jou leef;
2. God se maatstaf vir sukses behels die volgende drie dinge:
   * Jy moet die ***beeld*** van Christus vertoon;
   * Jy moet doen ***wat*** God wil hê;
   * Jy moet dit wat God wil hê, doen ***soos*** Hy dit wil hê.

Wat beteken dit in die praktyk?



***Gebed:***

† ***Waarmee wil jy nou klaarmaak in jou lewe? Wat moet die Here vergewe? Erken en bely dit nou. In Christus kan jy nuut begin!***

† ***Bid vir almal wat nog glo hulle kan suksesvol wees sonder dat Jesus in hulle leef en sonder dat hulle gered is.***

† ***Afrika: Kameroen.***

† ***Afrika: Bid vir landboubesighede.***

## Dag 20

### God se maatstaf vir sukses:

JY MOET DIE **BEELD** VAN CHRISTUS VERTOON

**Lees:** 1 Johannes 2:6

Jy moet die beeld van Christus vertoon om volgens God se maatstaf suksesvol te wees. Let op ses groot waarhede:

**1.** God het die mens <u>na sy beeld geskep</u>. Die mens moes iets van die heerlikheid, grootheid en kreatiwiteit, heiligheid en liefde van God weerspieël. Die mens moes God op aarde verteenwoordig (Genesis 1:26-27).

**2.** <u>Na die sondeval</u> het die mens beeld van God gebly (Genesis 9:6), maar <u>nie meer dié beeld vertoon nie</u>. Sonde het gemaak dat die mens in sy doen en late God nie meer verteenwoordig het nie. Die mens het nie meer gewys hoe groot, goed en heilig Hy is nie (Titus 3:3).

**3.** <u>Jesus Christus het toe gekom as die volmaakte beeld van God</u> (Hebreërs 1:3 en Johannes 14:8-9). Hy het vir ons kom wys hoe lyk die beeld van God in 'n mens. Na sy sterwe, opstanding en hemelvaart het Hy sy Gees gestuur om in ons te woon.

**4.** <u>Nou verander die Heilige Gees almal wat in Jesus glo om al hoe meer aan die beeld van Christus gelyk te word</u> (2 Korintiërs 3:18).

**5.** Daarom het die kinders van God ook die <u>opdrag om Christus se beeld te vertoon</u> en soos Hy te lewe (Kolossense 3:10 en 1 Johannes 2:6).

**6.** Christene het 'n wonderlike belofte en vooruitsig. Wanneer Jesus weer kom, sal God self die gelowiges in 'n oogwink verander om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun (Romeine 8:29-30; 1 Korintiërs 15:42-53 en 1 Johannes 3:2).

So bereik God sy doel met die mens. So word ek en jy herstel tot die volle beeld en heerlikheid van God wat ons van die begin af veronderstel was om te wees. Halleluja! Dankie Here!

Jy is bestem om so suksesvol soos Jesus te wees. God waarborg dat jy dit sal regkry. Hy self sal die proses wat Hy in jou begin het, klaarmaak (Filippense 1:6). Begin met Hom saamloop. Gee die eerste paar treë, al is dit hoe wankelrig.

***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** **God se maatstaf is die beeld van Christus. Daarom kan jy alleen suksesvol in God se oë wees as jy in Christus is en Hy in jou. So vertoon jy sy Beeld** (1 Korintiërs 1:30-31 en 1 Johannes 4:13-16).

Die kern van ons geloof is dat Hy in ons bly, en ons in Hom! Jy moet vir Hom lewe en Hy sal deur jou lewe (Galasiërs 2:19-20; Kolossense 1:27; 2 Korintiërs 13:5)! As Christus nie self sy lewe in en deur jou lewe nie, sal jy nooit sy beeld vertoon nie.

Iemand wat nie in Christus glo nie, kan nie 'n intieme verhouding met Hom hê nie. So iemand kan nie volgens God se maatstaf suksesvol wees nie, al is hy of sy ook volgens mense baie welvarend, invloedryk, geleerd en uiters godsdienstig. Ordentlike en beskaafde mense is nie suksesvol in God se oë net omdat hulle ordentlik en beskaaf is nie.

Dink na: *Twee boere het langs mekaar geboer - die een met skape en die ander een met bokke. Die bokboer is 'n skurk. Hy steel graag weiding vir sy bokke. Hy weier om sy deel van die grensdraad in stand te hou. Soms beveel hy sy werksmense om die grensdraad te knip sodat sy bokke tussen sy buurman se skape kan wei. Eendag besluit die skaapboer om noukeurig deur sy skape, wat almal sy merk dra, te gaan en elkeen individueel te beoordeel. Daarna sal hy met elke skaap op grond van sy bevinding handel. Voordat hy sy skape ondersoek, doen hy eers iets anders.* ***Hy skei die skape en die bokke.*** *Die bokke is nie syne nie. Of hulle vet of maer is, siek of gesond, mooi of lelik, opreg-geteel of sommer basters is, maak geen verskil nie. Selfs al verskyn hulle foto's gereeld saam met ander kampioene in*



*landboutydskrifte, maak dit steeds geen verskil nie. Hy kyk nie eers na hulle nie. Hy beoordeel hulle glad nie. Hy sê doodgewoon: "**Dis nie myne nie. Jaag hulle weg** na waar hulle hoort!" Eers daarna beoordeel hy die skape wat aan hom behoort. Hy jaag nie een weg nie, selfs al ontdek hy tekortkominge, want **almal is syne.***

In die eindoordeel is die beslissende vraag: Is jy 'n skaap of 'n bok (Matteus 25:31-33)? Is jy in en deur Christus gered? Is jy deur die Heilige Gees as die eiendom van God beseël (Efesiërs 1:13-14)?

Om volgens God se maatstaf suksesvol te wees, **móét** jy in Jesus Christus glo. Hy **móét** in jou leef en jy **móét** in Hom bly. Alle ongeredde mense sal weggestuur en veroordeel word (Johannes 3:18 en 36), al dink die wêreld hulle is suksesvol, skatryk en baie belangrik.

***Gebed:***

† ***Here Jesus, kom leef asseblief u lewe in en deur my. Ek wil graag u beeld en karakter vertoon. Leef deur my. Gebruik my mond om met mense te praat, my hande om hulle te dien, my ore om mooi te luister, my hart om selfs dié lief te hê wat nét hulleself liefhet. Jesus, leer my asseblief die volle betekenis van die wonderlike waarheid: "U in my en ek in U"*** (Galasiërs 2:19-20 en Johannes 15:4).

† ***Afrika: Nigerië.***

† ***Afrika: Volhoubare landboupraktyke. Bid teen gronderosie.***

# Dag 21

## God se maatstaf vir sukses:

JY MOET DIE **BEELD** VAN CHRISTUS VERTOON

Uitstaande kenmerke van Jesus

**Lees:** Johannes 14:31

In die Bybel ontdek jy sekere uitstaande kenmerke van Jesus se lewe. Jy moet Hom voortdurend vra om hierdie eienskappe deel van jou lewe te maak. Jy moet self ook doelgerig daarna strewe.

Die **eerste uitstaande kenmerk** van Jesus is sy **liefde** vir God en vir mense. Johannes 13:1b sê: *"Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad."* In Johannes 14:31 lees ons: *"... maar die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader my beveel het."* In alles wat Hy op aarde kom doen het, was die groot dryfveer sy liefde vir sy Vader én vir verlore mense. Sy liefde vir jou!

Nadat 'n sendeling 'n nag op 'n plaas oorgebly het en met heerlike kos bederf is, het hy opgemerk: *"Julle is darem liefbare (loveable) mense!"* Dit was sy manier om te sê dat hulle dit vir hom maklik maak om hulle lief te hê. Dis maklik om soms teenoor sekere mense so op te tree dat hulle jou sonder moeite kan liefhê. Maar net Christus in ons kan ons help om áltyd teenoor álle mense *"liefbaar"* op te tree. Is liefde een van jou uitstaande kenmerke?

Die **tweede uitstaande kenmerk** van Jesus se lewe was sy **gehoorsaamheid** aan die Vader (Hebreërs 10:5-7). Hy was 100% gehoorsaam aan die Vader. Jesus het gesê: *"My voedsel is om die wil te doen van Hom wat my gestuur het, en om sy werk te voltooi"* (Johannes 4:34). Gehoorsaamheid het Hom ook sy lewe gekos. Hy was bereid om te sterf eerder as om ongehoorsaam aan die Vader te wees (Filippense 2:8).

Iemand het eendag van sy vriend gesê: *"John leef gevaarlik gehoorsaam aan die Here."* Daarmee het hy bedoel sy vriend is bereid om te doen wat God sê, ongeag die prys wat dit van hom vra. Ongeag die gevolge wat dit vir hom inhou (Hebreërs 11:35b -38). Hoe sal jou vriende jou beskryf? Is jy dalk net gehoorsaam aan die Here as dit tot jou voordeel is?



***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** Daarom moet jy die ***beeld*** van Christus vertoon. ***Liefde*** en **gehoorsaamheid** moet uitstaande kenmerke van jou lewe wees (Efesiërs 5:1-2; Johannes 15:9-10 en 1 Johannes 5:3).

Die **derde uitstaande eienskap** van Jesus is die van **dienskneg** en slaaf. Hy het niks ter wille van Homself gedoen nie, maar alles ten koste van Homself en ter wille van óns. Om volgens God se maatstaf suksesvol te wees moet ons Jesus se beeld ook hierin vertoon. Ons moet die hart en gesindheid van 'n dienskneg hê (Markus 10:42-45; Romeine 15:1-3). Sukses is om soos Christus, nie aan jou eie belang te dink nie, maar aan dié van ander (Filippense 2:3-8). Sukses is net moontlik wanneer jy ander dien en nie selfsug in jou lewe toelaat nie. Sukses kan nooit ten koste van iemand anders bereik word nie - nie ten koste van jou man, jou vrou, jou kinders, jou arbeiders of jou buurman nie. Wanneer jy die aarde of mense vertrap om bo uit te kom, openbaar jy nie Jesus se gees en gesindheid nie. Dan trek jy 'n streep deur God se definisie van sukses. Volgens God se definisie is sukses nie om bó uit te kom nie. Dit is om af te buk en ander se voete te was. Dis om ander te dien omdat Christus jou kom dien het (Johannes 13:12-17).

1 Johannes 2:6 sê: ***Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.*** Gemeet aan die hand van ***liefde***, ***gehoorsaamheid*** en 'n ingesteldheid om te ***dien***, hoe suksesvol is jy regtig?

Doen alles in jou vermoë om die beeld en karakter van Jesus te vertoon en sy Gees en gesindheid te openbaar. Moenie moedeloos word nie, al sukkel en faal jy dikwels. Onthou, jy is bestem om suksesvol te wees. Jy is bestem om gelykvormig aan die beeld van Christus te word. God sal daarvoor sorg. Wanneer Christus weer kom en alles nuut gemaak word, sal God almal wat in Christus is, verander om aan Hom gelykvormig te wees! Lees Romeine 8:29-30 en 1 Johannes 2:28 tot 3:3. Loof die Here! Hy sal sorg dat elkeen wat in Christus glo 100% suksesvol is!

God waarborg jou sukses, daarom vertrou ek dat jy nóú al sal begeer om al hoe meer soos Jesus te leef.

***Gebed:***

- † ***Here, help my asseblief om al hoe meer soos Jesus te leef. Vul my met u liefde. Maak my gehoorsaam. Help my om ander te dien soos U dit doen.***
- † ***Dank God dat Hy almal wat in Jesus Christus glo gaan verander om die beeld van Christus te vertoon, sodat hulle eendag sal hoor: Mooi so!***
- † ***Bid vir sendingwerk in die landelike en boerderygemeenskap oor die hele Afrika.***
- † ***Afrika: Benin en Togo.***
- † ***Afrika: Bid vir kommersiële boere en miljoene bestaansboere.***

## Dag 22

### God se maatstaf vir sukses:

JY MOET DOEN **WAT** GOD WIL HÊ

**Lees:** Johannes 17:4

Jesus is dié Een Persoon wat volgens God se maatstaf 100% suksesvol was. Hy het in alle opsigte aan God die Vader se verwagtinge voldoen (Matteus 3:17 en 17:5). Teen die einde van sy aardse lewe het Hy 'n aangrypende gebed gebid. Dis in Johannes 17 opgeteken. In vers 4 kyk Hy terug op sy aardse lewe en sê: ***"Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen."*** God die Vader het 'n baie spesifieke lewenstaak vir Jesus gehad. Hieraan was Hy tot in die fynste besonderhede gehoorsaam. Hy het Hom tot die einde heelhartig daaraan toegewy (Johannes 4:34; 12:49-50 en 17:4).

In Efesiërs 2:10 lees ons dat God ons (wat uit genade gered is) gemaak het wat ons nou is. Dis ook op jou van toepassing: ***"..., God het jóú gemaak wat jý nou is: in Christus Jesus het Hy jóú geskep om jóú lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy jóú bestem het."***

God die Vader het jou *met 'n doel* geskep, gered en heeltemal nuutgemaak! Hy het 'n spesifieke agenda vir jou lewe! Jesus het Hom heelhartig en tot in



die fynste besonderhede gewy aan die agenda wat die Vader vir Hom gehad het, daarom was Hy suksesvol. Jy moet jou ook wy aan die goeie dade wat God vir jou beplan het, want ***jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.***

Dink na oor God se doel met jou lewe aan die hand van die volgende vyf sake (Dag 22 tot 24):

**<u>Een</u>: Keuse van beroep**. Boer jy omdat jy oortuig is dat God wil hê jy moet 'n boer wees? Slegs as jy hiervan oortuig is, sal jy die uitdagings en krisisse, die droogtes of oorstromings, die markskommelings, stygende insetkoste en arbeidsprobleme kan hanteer. Wanneer ek 'n opdrag aan een van my werkers gee, kan hy met reg van my verwag om hom die geleentheid, gereedskap en hulp te gee wat hy nodig het om my opdrag uit te voer. Ek kan nie van hom verwag om die wingerd te snoei sonder om hom 'n snoeiskêr te gee nie. Dieselfde geld vir jou verhouding met die Vader. As God wil hê jy moet boer, kan jy met groot vrymoedigheid vir Hom vra om jou te help. Jy is immers besig om sý opdrag uit te voer. Jy kan met vrymoedigheid aanspraak maak op sý wysheid en seën. Jy kan van Hom verwag om vir jou die geleenthede, middele en mense te gee wat jy nodig het om sy opdrag uit te voer.

Die Here mag dalk ook vra dat jy van beroep verander. Praat met Hom daaroor en wees sensitief vir sy stem. As jy oortuig is dat God nie wil hê jy moet boer nie, moet jy van alle sentimente vergeet en bereid wees om dit te los. Doen wat God wil hê, want ***jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** Daarom moet jy doen ***wat*** Hy wil hê.

Dit geld vir alle beroepe. Kinders moet geleer word om te vra: *"Wat is God se wil vir my lewe? Wat wil Hy hê moet ek doen?"* Moenie eerste dink aan werksmoontlikhede en 'n goeie inkomste wanneer jy 'n beroep kies nie.

As jy boer omdat jy oortuig is dat dit is ***wat*** God wil hê jy moet doen, sing of lees die volgende lied: (op die wysie van Hallelujalied 244: *Staan op, staan op vir Jesus.*)

1. Stand up, stand up for Jesus
Redeemer of the land
He's Lord of all creation
Victorious He stands
Let us all represent Him
And be His hands and feet
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

2. Stand up, stand up for Jesus
All peoples of the land
Let's live and farm for Jesus
To glorify His Name
Let's conquer all the evil
And bring His Name great fame
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

3. Stand up, stand up for Jesus
It's time to make our stand:
To live and farm for Jesus
'cross Africa our land
let's do work of high standard
Rejoicing in God's way
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

God wil mense met kos en klere versorg (Psalm 146:7 en Matteus 6:25-34). Hy doen dit hoofsaaklik deur die werk wat boere namens Hom doen. Wanneer ons as boere nie dié werk goed en op standaard doen nie, sal mense, veral arm mense honger ly (Job 22:7-9). Die feit dat soveel mense in Afrika honger ly, is nie God se skuld nie. Ons as landbouers moet mede-verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Ons is die mense deur wie God brood gee. Ons het 'n roeping om die nasies te voed! Wat 'n voorreg!



***Gebed:***

- †  ***Bid die lied "Stand up, stand up for Jesus".***
- †  ***Afrika: Ghana.***
- †  ***Afrika: Bid vir die implementering van Foundations for Farming-beginsels: Hoë standaard; op tyd; sonder vermorsing; met vreugde.*** ( www.foundationsforfarming.co.za )

## Dag 23

### God se maatstaf vir sukses:

JY MOET DOEN **<u>WAT</u>** GOD WIL HÊ (2)

**Lees:** Efesiërs 5:15-17

Om volgens God se maatstaf suksesvol te wees, moet jy doen ***wat*** God wil hê. Ons het reeds gepraat oor *beroepskeuse*. Dink verder na oor God se doel met jou lewe aan die hand van die volgende:

**<u>Twee</u>: Alledaagse besluite.** God se wil vir jou gaan oor méér as net die keuse van 'n beroep. Dit gaan ook oor elke dag se keuses. In jou daaglikse besluite oor veld, vee, arbeid en geld moet jy ook God se wil kies. Byvoorbeeld: Is dit God ***wat*** wil hê jy moet 'n nuwe bakkie koop, of koop jy dit omdat jou buurman 'n nuwe bakkie het? Koop jy die bakkie omdat jy dit werklik nodig het, of omdat jy altyd die beste en nuutste wil hê (1 Johannes 2:15-17)? Betaal jy jou arbeiders ***wat*** God van jou verwag? Vertel jy slegs grappe ***wat*** God se goedkeuring wegdra? Kyk weer na die skematiese voorstellings by Dag 14: *Christus moet deur sy Gees jou hele lewe en al jou besluite bepaal.*

**<u>Drie</u>: Dag-tot-dag-prioriteite.** Markus 1:32-39 en Johannes 11:6-15 wys dat Jesus se dagprogram ook deur die wil van God bepaal is. Hy het elke dag en elke uur gedoen wat God van Hom verwag het. Selfs toe die uur aanbreek dat Hy gevang moes word (Markus 14:41-42).

Meeste mense worstel met te veel verantwoordelikhede en oorvol programme. Almal kla: *"Ek kom net nie by alles uit nie."* Daarom moet jy leer om in biddende afhanklikheid te leef. Hoor elke dag by Vader wat sy prioriteite vir jou is. Hy is Here en Koning. Daarom moet jy Hom die reg gee om jou

prioriteite te bepaal. Hy mag enige tyd inbreuk op jou beplanning en jou tyd maak.

Begin fokus op dinge wat belangrik is, maar nie dringend nie. Byvoorbeeld: beplanning; instandhouding; stiltetyd; goeie kommunikasie; herstel en bou van verhoudinge; lees van goeie boerdery-artikels; verdere studie en deurlopende opleiding. Dink na oor wat jy sien en ervaar. Ook dít is belangrik maar nie dringend nie. (John Maxwell sê: *Reflection turns experience into insight.* Lees Spreuke 24:32). Deur op belangrike sake te konsentreer, selfs al is dit nie dringend nie, sal verhoed dat jou lewe een groot krisis word. Baie krisisse ontstaan wanneer jy dinge wat belangrik is, maar nie dringend nie, aanhoudend uitstel. Later is alles dringend én belangrik, maar jy het nie tyd om iets daaraan te doen nie. Bly weg van dinge wat jou tyd mors en geen waarde tot jou lewe toevoeg nie. Dis die *te-veel-dinge:* te veel TV, te veel sport, te veel slaap (Spreuke 6:9-11), te veel praat en te veel rekenaarspeletjies, ensovoorts. Dit is nutteloos (Spreuke 10:19 en 28:19)!

Maak die beste gebruik van elke geleentheid (Efesiërs 5:15-17). Tyd is kosbaar. Waak egter teen die materialistiese siening: *Tyd is geld.* Dit wat die hoogste prioriteit is, sal van tyd tot tyd, van persoon tot persoon en van beroep tot beroep verskil.

***Gebed:***

- † ***Bid vir die vermoë om die regte besluite te neem.***
- † ***Praat met die Here oor jou prioriteite.***
- † ***Here, wys my wat ek moet sien; Leer my wat ek moet weet; Sê vir my wat ek moet doen, en maak my wat ek moet wees, u Beeld.***
- † ***Afrika: Ivoorkus en Liberië.***
- † ***Afrika: Bid vir klimaatstoestande en die invloed van aardverwarming op die landbou.***



# Dag 24

## God se maatstaf vir sukses:

JY MOET DOEN **<u>WAT</u>** GOD WIL HÊ (3)

**Lees:** Job 22:7-9 en Jakobus 1:27

Om volgens God se maatstaf suksesvol te wees, moet jy doen ***wat*** God wil hê. Dink steeds na oor God se doel met jou lewe aan die hand van die volgende:

**<u>Vier</u>: Strewe na God se doel.** Alles behoort aan die Here. Hy het 'n stukkie van sy aarde aan jou sorg toevertrou. Jy moet dit namens Hom en vir Hom bestuur. ***Wat*** wil God hê moet jy daarmee doen? ***Wat*** wil Hy hê moet jy doen met die vaardighede en geleenthede wat Hy aan jou gee? ***Wat*** is God se doel en plan vir jou lewe? Bespreek dit met Hom. Miskien het Hy dit alles aan jou gegee net om vir jou gesin en afhanklikes, asook die land en sy mense te sorg (1 Timoteus 5:3-8). Miskien wil Hy jou deur jou boerdery in staat stel om vir jou kinders en dié van jou arbeiders goeie geleerdheid te gee sodat Hy later sý doel met hulle kan bereik. Dalk wil Hy deur jou boerdery 'n kinderhuis help (Job 22:7-9 en Jakobus 1:27) of 'n sendeling ondersteun (2 Korintiërs 9:8-15 en 3 Johannes:5-8). Miskien seën die Here jou sodat jy aan 'n arbeider die geleentheid kan bied om 'n selfstandige boer op sy eie grond te word. Baie van ons ouers en grootouers het eers as bywoners op plase gewerk. Hulle werkgewer het hulle gehelp om later 'n eie stukkie grond te besit.

***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** Daarom moet jy jou tyd, energie, vaardighede en besittings gebruik om te doen wat God wil hê. Jy moet sý skeppingsdoel vir jou nastrewe.

**<u>Vyf</u>: Jy moet 'n getuie vir Christus wees.** God wil hê dat elkeen van sy kinders vir ander vertel van sy genade en dat daar verlossing in Christus is. Hy het ons gered en na die wêreld gestuur om sy getuies te wees, sy verlossingsdade te verkondig en om dissipels van alle mense te maak (Matteus 28:18-20; Johannes 17:18 en 20:21; Handelinge 1:8; 1 Petrus 2:9).

***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** Daarom moet jy entoesiasties by sending en evangelisasie betrokke wees. Dit is ***wat*** God wil hê. Jy moet aktief meewerk om *elke plaas vir Christus* te wen. Jy moet help dat elke persoon wat deel van die landelike en boerderygemeenskap is, die

geleentheid kry om Jesus as Verlosser te leer ken. As jy koud, afsydig en negatief oor sending is, doen jy beslis ***nie wat*** God wil hê nie.

Baie mense se godsdiens is 'n poging om God betrokke te kry by hulle planne in plaas daarvan dat hulle betrokke raak by God se plan vir die wêreld.

Werp alles in die stryd om te doen ***wat*** God wil hê. Al volg jy soms jou eie kop en doen wat jý wil, moenie moedeloos word nie. Onthou, jy is bestem om suksesvol te wees. God het besluit om alles wat Jesus verdien het, vir ons toe te reken. Ons verdien dit nie. Christus se gehoorsaamheid en heiligheid word deur God aan sy kinders geskenk! Daarom sal God eendag sê dat elkeen van sy kinders 100% aan hierdie tweede maatstaf vir sukses voldoen! Dit behoort jou só dankbaar en bly te maak, dat jy jou nog meer as ooit daartoe verbind om te doen ***wat*** God wil hê.

***Gebed:***

- ***Gesels met die Here oor waarom Hy sekere gawes, talente, vermoëns, produksiemiddele en grond aan jóú toevertrou het. Wat wil Hy hê moet jy daarmee doen?***
- ***Bid oor jou betrokkenheid by sending. Is jy betrokke genoeg? Hoe wil die Here hê moet jy betrokke wees?***
- ***Here, wys my wat ek moet sien; Leer my wat ek moet weet; Sê vir my wat ek moet doen, en maak my wat ek moet wees, u Beeld.***
- ***Afrika: Siërra Leone en Burkina.***
- ***Afrika: Reënval en effektiewe gebruik van waterbronne.***

## Dag 25

### God se maatstaf vir sukses:

DOEN DIT WAT GOD WIL HÊ, **SOOS** HY DIT WIL HÊ

**Lees:** Jesaja 29:13 en 1 Korintiërs 10:31

As mens was Jesus 100% suksesvol. Hy is die ewebeeld van die wese van God (Hebreërs 1:3). Hy het gedoen ***wat*** die Vader wou hê. Hy het dit ook



gedoen ***sóós*** die Vader dit wou hê! Hy het God verheerlik deur die manier waarop Hy sy taak verrig het (Johannes 17:4).

Het jy al ooit vir jou kinders gevra om Sondag na middagete skottelgoed te was? Soms **doen hulle wat** jy gevra het, maar hulle **doen dit nie sóós** jy graag sou wou hê nie. In plaas daarvan dat hulle dit met blydskap en dankbaarheid doen, kla en mor hulle onder mekaar. Hulle probeer so min as moontlik doen terwyl hulle mekaar stamp en stoot. 'n Vuil kastrol of twee word ook vir die volgende dag gebêre. Na die tyd staan die opwasbak vol vuil water. Die afdrooglappe lê op die vloer. Die tafel is nie afgevee nie.

Is dit nie ook hoe ek en jy dikwels God se opdragte uitvoer nie? Al sugtend en klaend, sommer só, net om so gou as moontlik klaar te kry. Die Woord sê duidelik: Ons moet alles van harte, met lus en groot dankbaarheid doen (vgl. Efesiërs 6:6-7 en Hebreërs 12:28).

***Jy moet volgens God se maatstaf suksesvol wees.*** Hóé doen jy dit wat God wil hê? Boer jy só dat God tevrede glimlag? Is al jou besluite 'n kompliment vir Hom (Jeremia 13:11b)? Werk jy met 'n positiewe ingesteldheid en met lus (Kolossense 3:23-24)? Is jou werk van hoogstaande gehalte? Doen jy dit op tyd, met vreugde en sonder vermorsing van hulpbronne? Óf sug en kla jy gedurig? Is jy nalatig en traak-my-nie-agtig? Is jy eerlik en betroubaar? Jy vul jou belastingvorm in omdat dit is ***wat*** God van jou verwag (Romeine 13:1-7). Vul jy dit in ***soos*** God wil hê? Word jou houding teenoor God, jou gesinslede, arbeiders, diere, boorde, lande en die veld deur die liefde bepaal? Onthou, God kyk ook na hóé jy dinge doen, na jou houding en gesindheid. Hy kyk hoe eerlik en opreg jy doen wat Hy van jou vra.

Boere het al by baie die naam gekry dat hulle gedurig kla. Iemand het my eendag gevra of ek weet watter maand boere die minste kla. Toe ek nie weet nie, antwoord hy: *"Gedurende Februarie!"* Ek wou toe weet waarom? Die antwoord was: *"Dis die kortste maand."* Kom ons lag maar vir onsself en hou op kla. God kyk ook hóé ons dit doen wat Hy wil hê.

Jesus was suksesvol, al het Hy nie 'n huis of baie aardse besittings gehad nie (Lukas 8:1-3 en 9:58). Om finansieel vry te wees moet jy onderskei tussen geld en sukses. As sukses gelyk aan geld is, was Jesus onsuksesvol. As sukses gelyk aan geld is, lei 'n strewe na sukses outomaties na geldgierigheid. Geldgierigheid vernietig alle finansiële vryheid. Maak dus seker dat jy sukses reg definieer sodat jy nie jou finansiële vryheid verloor in 'n poging om suksesvol te wees nie.

*Gebed:*

- † *Vra die Here vir die vermoë om jou werk op standaard, op tyd, met vreugde en sonder vermorsing van hulpbronne te doen.*
- † *Bid dat God se kinders só sal lewe dat dit Hom komplimenteer.*
- † *Here, wys my wat ek moet sien; Leer my wat ek moet weet; Sê vir my wat ek moet doen, en maak my wat ek moet wees, u Beeld.*
- † *Afrika: Guinea en Guinea Bissau.*
- † *Afrika: Bid vir goeie arbeidsverhoudinge in die landbou.*



# DEEL 6
## Oop hande

Finansiële vryheid beteken ek en jy moet verlos word van 'n liefde vir geld en bevry word van geldgierigheid. Finansiële vryheid is méér as dit. Die Here bevry ons van wat verkeerd is. Maar Hy bevry ons ook om te doen wat goed en reg is. Hy bevry ons met 'n doel. Aan die eenkant verlos Hy ons van geldgierigheid. Aan die ander kant bevry Hy ons om soos Hy, oop hande te hê. Om die kanaal te wees waardeur Hy kan uitdeel en mense seën.

**Denkskuif:**

**~~Leer by rykes hoe om ryk te word~~.**

**✓ Leer by God hoe om vrygewig te wees.**

## Dag 26
### Ons God het oop hande

**Lees:** 1 Timoteus 1:17 en Spreuke 11:24-25

*Die appel val nie ver van die boom nie.* Dié idioom beteken dat 'n kind baie soos sy pa of sy ma is. Dit moet van elke Christen gesê kan word! Ons moet soos ons hemelse Vader wees! Ons is geroep om sy beeld te vertoon en Hom op aarde te verteenwoordig. Ons moet *God's Way* dink en leef[2], sodat mense God in ons kan sien. Dit beteken ek en jy moet met oop hande leef, want ons God het oop hande. **Alles wat God is en het, deel Hy mildelik met ons.**

Volgens Genesis 1 deel Hy sy beeld, sy asem, sy skeppende vermoë en sy heerskappy oor die aarde met die mens. Hy vertrou die hele skepping aan die mens toe. In die Ou Testament sien ons dat God se hand nooit toegegaan het nie. Alles wat goed en mooi is, kom uit sy hand. Hy gee sy raad aan mense en deel sy regspraak met aardse regters (2 Kronieke 19:7).

[2] Oop hande is een van die God's Way beginsels wat in die boek, Basics bespreek word. Dis die gebedsfokus van 2008 en kan by www.amosafrica.net afgelaai word.

In die Nuwe Testament lees ons dat God sy enigste Seun vir ons ***gegee*** het (Johannes 3:16). Hy het ook sy Gees gestuur om in ons te kom woon (Handelinge 2:4 en Romeine 8:9). Só het Hy ***Homself*** aan ons ***gegee***.

Christus het ***Homself*** aan ons ***gegee*** toe Hy met oop hande aan die kruis gehang het. Uit sy oop hande vloei 'n stroom gawes en seëninge na ons. Te veel om op te noem. Hy ***skenk*** ons sy vryspraak, heiligheid en geregtigheid (1 Korintiërs 1:30). Hy ***gee*** aan ons die verlossing wat Hy bewerk het (Hebreërs 10:10-15). Hy ***deel*** sy oorwinning met ons. Nou is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat in ons leef (Romeine 8:39). Hy ***gee*** aan ons 'n hele verskeidenheid gawes van die Gees (1 Korintiërs 12:4-11 en 27-28; Romeine 12:4-8). Hy ***gee*** aan ons die mag om siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf (Matteus 10:8; Lukas 10:1-3 17 en Markus 16:16-18). Hy ***deel*** sy vrede, blydskap, liefde en wysheid met ons (Johannes 14:27 en 15:11; Romeine 5:5; 1 Korintiërs 1:30 en Jakobus 1). Hy ***deel*** sy Naam met ons: ons word Christene genoem (Handelinge 11:26). In sy Naam kan ons enige iets van die Vader vra (Johannes 14:13-14). Hy skeur die voorhangsel en ***gee*** ons deur sy bloed vrye toegang tot die Allerheiligste – die troon van God (Hebreërs 10:19). Hy ***deel*** sy erfenis met ons. Ons is mede-erfgename (Romeine 8:17). Hy ***deel*** sy reg om sonde te vergewe (Johannes 20:23) en Hy ***deel*** sy heerlikheid (Romeine 8:29-30). Hy ***deel*** selfs sy woonplek met ons. Hy het gegaan om vir ons plek gereed te maak, sodat ons kan wees waar Hy is (Johannes 14:3). Wanneer Hy weer kom, sal Hy sy reg om oor die wêreld en hemelwesens te oordeel, met ons ***deel*** (1 Korintiërs 6:2-3).

Het jy nog meer bewyse nodig om jou te oortuig dat God oop hande het? Beslis nie! *Sy goddelike krag het ons **alles geskenk** wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien…* (2 Petrus 1:3-4).
As jy 'n Christen is, is jy skatryk, al besit jy nie 'n sent nie.

Die geheim van finansiële vryheid lê daarin dat jy, soos God, met oop hande leef. Dit lê nié in die bymekaarmaak van aardse skatte nie. Nadat die eerste Christene verlos en bevry is, het hulle hande dadelik oopgegaan (Handelinge 4:32 en Lukas 19:8). Hulle is ook finansieel bevry!

Ons sal later kom by die *wat, waar, wanneer en hoe* om te gee. Daar is nie vaste reëls en voorskrifte nie. Ons leef nie onder die wet nie en verdien niks met wat ons gee nie. As jy 'n intieme verhouding met God het, hoef jy net na sy stem te luister. Hy sal vir jou sê wat om te doen met sý goed wat Hy onder jou bestuur geplaas het.



***Gebed:***

- ***Aanbid God. Hy het oop hande.***
- ***Bid oor Romeine 12:1-2. In reaksie op God se oop hande, móét jy jouself aan Hom gee. Doen dit en bid dat duisende ander dit ook sal doen.***
- ***Dank die Here vir alles wat Hy reeds vir jou gegee het en wat Hy belowe om nog vir jou te gee. Onthou, dis méér as net geld en besittings, maar dis óók geld en besittings.***
- ***Afrika: Gambië en Senegal.***
- ***Afrika: Voorkoming en bestryding van siektes, peste en plae.***

## Dag 27

### Jy is rentmeester van ons Oop-Hand-God

**Lees:** 2 Konings 4:42-44

Finansiële vryheid beteken ons moet verlos word van 'n liefde vir geld en bevry word van geldgierigheid. Maar finansiële vryheid is ook méér as dit. Die Here bevry ons van wat verkeerd is én Hy bevry ons om te doen wat goed en reg is. Hy bevry ons om vir mense te wys hoe Hý is. Ons moet sy beeld vertoon. Hy bevry ons om ons hande oop te maak. Om die kanaal te wees waardeur Hy kan uitdeel en mense seën. God wil hê dat alle mense Hom as ***Jehovah Jirah*** (Genesis 22:14) sal leer ken, die God wat voorsien. Hy wil hê almal moet sy goedheid beleef, want dit maak dat mense tot bekering kom (Romeine 2:4). God wil hê sy kinders, die nageslag van Abraham, moet vir die wêreld tot seën wees (Genesis 12:1-3). God kan net sy goed aan jou toevertrou as jy nie soos 'n dam is wat alles opgaar nie, maar soos 'n kanaal wat sy goedheid na ander laat deurvloei.

Toe die engel vir Maria gesê het dat God haar wil gebruik om geboorte aan die Verlosser te skenk, het sy gesê: *Ek is tot beskikking van die HERE* (Lukas 1:38). *Ek* glo die Here wil deur sy kinders besighede (ook boerderye) tot stand bring wat volledig tot sy beskikking is. Besighede wat 'n ***simbool en bron van seën*** vir hul gemeenskap is (vgl. Sagaria 8:13 - Nuwe Lewende Vertaling). Boere en ander besigheidsmense moet weet hulle is geroep om die

Koningskap en Heerskappy van Christus in die werkplek te vestig. Hulle moet dáár sy getuies wees. Soos die lied sê ***"Let us all represent Him, and be His hands and feet"*** (Dag 22). Jou begeerte om tot seën te wees moet groter word as jou begeerte om net self geseën te word.

***Ek is tot beskikking van die Here.*** Só moet elke rentmeester reageer op die Here se opdragte. By God is alles moontlik, selfs al voel jy soos Maria dat dit onmoontlik is.

God het oop hande en jy is sy rentmeester. Jy bestuur die goed van 'n God wat graag gee. Jy's die kind en beeld van 'n Vader wat barmhartig en goed is vir álmal, ook vir ondankbares en slegtes (Lukas 6:35-36 en Matteus 5:43-48). Doen wat jou Vader doen!

***Gebed:***

- † ***Reageer in gebed op God se Woord.***
- † ***Bid dat Christene in die landelike en boerderygemeenskap hulleself aan God sal gee en beskikbaar sal wees vir sy landbouplan: Living and Farming God's Way.***
- † ***Bid vir mense wat godsdienstig is, maar hulself nog nooit aan God gegee het nie.***
- † ***Afrika: Ekwatoriaal Guinee en Gaboen.***
- † ***Afrika: Bid vir onderrig en opleiding in landelike gebiede.***



# Dag 28

## Wees 'n kanaal van God se seën en goedheid

**Lees:** Handelinge 20:35 en 1 Johannes 3:16-18

As jy net vir jouself leef en net boer om jouself te verryk, het jy nie finansiële vryheid nie. Jy is beslis nie besig met *Living and Farming God's Way* nie. *Living and Farming God's Way* gaan oor oop hande!

Christene moet hulleself aan ander gee en bereid wees om hulle besittings met ander te deel. Almal moet die beeld van ons *Oop-Hand-God* vertoon. Almal moet wys dat Hy 'n vrygewige God is. Die Bybel sê herhaaldelik ons moet vrygewig en mededeelsaam wees, ongeag hoeveel ons besit (Lukas 3:11). Die opdrag is nie net vir ryk Christene gegee nie. Dis vir ***alle*** Christene (Hebreërs 13:16). **Nie die oorvloed wat jy het nie, maar die vrygewigheid van ons God moet jou motiveer om met oop hande te leef en te boer.** Hoe doen jy dit?

1. Om met oop hande te leef moet jy **<u>hard en slim werk</u>** sodat jy iets het om te kan gee (Efesiërs 4:28). Jy moet meer as wat jy nodig het produseer. As jy net genoeg vir jouself produseer, waarvan moet mense in stede leef? Jy moet welvaart skep. As jy net welvaart verdeel, het almal later niks.

2. **<u>Moenie uit alles probeer geld maak nie</u>.** Wanneer jy nie meer probeer om uit alles geld te maak nie, het jy 'n belangrike tree op die pad van finansiële vryheid gegee. Die profeet Amos veroordeel die ingesteldheid om gedurig, en uit alles te probeer geld maak, selfs uit koringkaf (Lees asseblief Amos 8:4-6)! Die Here beveel ons om iets te laat oorbly vir die armes (Levitikus 19:9-10 en Deuteronomium 24:19-22). Jy hoef dit nie vandag presies só te doen nie. Maar jy móét steeds 'n ruim hart en 'n oop hand vir armes hê.

   'n Boer het by geleentheid vir my vriend gevra of hy nie 'n klompie koeie by hom wil koop nie. Teen die prys wat die man wou hê, kon my vriend eintlik nie die aanbod van die hand wys nie al het hy die beeste nie nodig gehad nie. Hy het daaroor gebid en besluit toe om sy werkers te help om die beeste te koop. Hy het hulle reeds gehelp om grond te koop en hulle het die vee en die geld meer nodig gehad as hy.

3. **<u>Beperk jou uitgawes</u>**. Hoe groter jou inkomste, hoe meer spandeer jy. *Uitgawes* hou daarvan om kort op die hakke van *Inkomste* te hardloop. *Uitgawes* wil nie agterbly nie. Jy moet jou lewenstyl doelbewus beperk anders sal dit jou inkomste opvreet en jou in die skuld laat beland. Daar sal nooit iets oorbly om ander mee te seën of op hulle voete te help nie. Niks om te saai, te spaar of te belê nie. Daar is mos oneindig baie wat jy met geld kan doen. Daar sal altyd nóg iets wees om te koop; nóg 'n plek om vakansie te gaan hou; nóg 'n duurder voertuig en nóg 'n geriefliker huis; nóg geleentheid om uit te eet en nóg 'n geleentheid wat nuwe klere *noodsaaklik* maak; nóg ... nóg ... nóg!

   Wat vir een persoon luuks en 'n mors van geld is, is vir ander 'n noodsaaklikheid. Mense het unieke behoeftes. As iemand 'n duur klavier koop maar dit nie gebruik nie, is dit 'n mors van geld. As iemand anders selfs 'n duurder klavier koop vir 'n gesinslid wat besonder musikaal is, is die geld goed bestee. Mense verskil en so ook hulle omstandighede, verantwoordelikhede, behoeftes, voorkeure, ensovoorts. Die een het vyf kinders; die ander een moet na 'n bejaarde ouer omsien; die een ry net teerpaaie, die ander lang en slegte grondpaaie; een hou van tuinmaak en 'n ander van lees.

   Mense se inkomste en uitgawes verskil. Die beginsel bly egter vir almal dieselfde: **Beperk jou uitgawes!** ***"Cap your lifestyle!"*** **Maak jou finansiële sirkel toe** sodat jy nie elke keer as die Here jou seën, nuwe behoeftes uitdink en jou uitgawes toelaat om op die hakke van jou inkomste te bly nie.

   Finansiële vryheid beteken om vry te wees van 'n nimmereindigende behoefte om lekkerder, blinker en gemakliker te lewe of nog meer in "jou dam" op te gaar. Finansiële vryheid is om die grootte van jou dam met die Here uit te klaar. As dié dam vol is, laat jy die surplus met vreugde deur God se kanaal vloei om ander se damme vol te maak. Daar is sakemanne wat reeds 70% of meer van alles wat inkom, met vreugde laat deurvloei om die Koninkryk van God uit te bou. [Getuienisse by Dag 29 en 30.] Hulleself kom niks kort nie. Hulle damme is vol.

4. **<u>Bepaal vooraf waarheen die Here wil hê die kanaal moet vloei.</u>** Wanneer die Here jou seën met geld sonder dat jy weet waarom, is die kanse baie goed dat jy dit gaan misbruik. Jy gaan dit vir 'n verkeerde doel gebruik omdat jy nie vooraf by die Here gehoor het waarvoor Hy dit vir jou gee nie. Jou gewone uitgawes gaan net weer styg om op die hakke van jou inkomste te bly.



As jy gee met die doel om te ontvang, is geld steeds in jou hart en nie in jou sak nie. Dan is jy steeds nie finansieel vry nie. Vrygewigheid is die enigste manier om van die slawerny van gierigheid en materialisme los te kom.

***Gebed:***

† ***Here, posisioneer my vir roepingsvervulling, intimiteit met U en finansiële vryheid.***

† ***Vra die Here om jou te help om sy Beeld te vertoon en met oop hande te leef.***

† ***Afrika: Kongo en Demokratiese Republiek van die Kongo.***

† ***Afrika: Bid vir plaas- en landelike veiligheid.***

## Dag 29

### Dit kan gedoen word – met miljoene!

Francois van Niekerk is die outeur van die boek ***Doing Business with Purpose...*** **Beyond success to significance.** Hy is die nederige man agter die Mergon Foundation. Mergon het gedurende 2015 reeds 90 miljoen rand gegee om die uitbreiding van die Koninkryk van God te bevorder. Hulle verwag om teen 2020 reeds 250 miljoen rand per jaar te kan gee.[3] Francois skryf:

### Learning from others

*A book that I read as a school boy, had a great impact on me, and first introduced me to the concept of 'the vow'. It was the biography of the earthmoving equipment innovator, RG LeTourneau. He was one of a number of American business people who made a lasting contribution to global society – not only because of their business genius but also because of their example in serving God. LeTourneau's testimony greatly influence my life and is partly responsible for me to write this book. A little more about him:*

> *RG LeTourneau is perhaps the most inspiring Christian inventor, businessman and entrepreneur the world has ever seen. A sixth grade dropout, Robert Gilmore 'RG' LeTourneau went on to*

[3] Doing Business with Purpose ... Beyond success to significance. Page 51

*become the leading earth moving machinery manufacturer of his day with plants on four continents, more than 300 patents to his name and major contributions to road construction and heavy equipment that forever changed the world. Most importantly, his contribution to the advancement of the Gospel ranks him among the greatest Christian Businessmen of all time. Famous for living on 10 per cent of his income and giving 90 per cent to the spread of the Gospel, LeTourneau exemplified what a Christian Businessman should be.*

www.giantsforgod.com

*LeTourneau's example prompted my need to keep the original vow I made to God. Encouraged by his wife, Evelyn, LeTourneau started by committing ten per cent of his budgeted income to God's work – whether the budget was actually achieved or not.* ***Importantly he did not do this with the intent of receiving anything from God.*** *As God blessed him, he consistently gave more, until the balance was 90/10 in God's favour.*

*What LeTourneau did in turning the vow around stayed with me throughout the years. And it was directly responsible for my desire to give 70 per cent and keep 30 per cent. Apart from this being an appropriate response to God's blessing, it would, on a lighter note, counter my growing embarrassment about the 'negative gift' I had originally given to God (referring to the fact that 30 per cent of a soon-to-be liquidated business was a 'negative gift'. Page 33).*

*But the first step was to provide a structure for the vow. Funds to pay for setting up a trust were simply not available initially. A formal trust was finally registered in 1983 to transfer the 30 per cent shareholding to an independent legal entity, the Mergon Foundation."*[4]

Dit is die moeite werd om Francois van Niekerk se boek **biddend te lees!** Dit spreek van finansiële vryheid. Dit gee praktiese toepassings van die meeste beginsels in hierdie Gebedsfokus.

[4] Doing Business with Purpose ... Beyond success to significance. Page 46. Mergon Foundation, PO Box 486, Stellenbosch, 7599.



***Gebed***

- † ***Bid dat Christenboere en -sakemanne hulle sal verbind tot die uitbreiding van God se Koninkryk in die landbou en in Afrika.***
- † ***Bid dat Christenboere en -sakemanne God as die Beherende Aandeelhouer in hulle besigheid sal eerbiedig! Bid dat Hy die deurslaggewende stem sal hê. Bid dat sy oop-hand-karakter in sy kinders se boerdery en besigheid gesien sal word.***
- † ***Afrika: Rwanda en Burundi.***
- † ***Afrika: Bid vir die Kerk in Afrika. Bid Kolossense 2:6-10.***

## Dag 30

### Dit kan gedoen word – met 'n paar dollar!

Jare gelede het ek eendag vir oom Louis, toe al diep in die 80, besoek. In sy huis het altyd geestelike boeke en briewe van sendelinge gelê. Daar het ek 'n bladsy met die volgende verhaal gekry. Die skrywer is Eddie Organ, maar die res is onbekend. Die gesin waarvan jy in hierdie verhaal lees, is nie net finansieel vry nie, hulle vertoon ook die beeld van hulle Oop-Hand-God! Die opskrif is: **Die ryk familie in ons gemeente.** (Ek het dit vry vertaal en so effens verkort).

Ek sal 1946 se Paastyd nie vergeet nie. Ek was 14, Ocy 12 en Darlene 16. Ons drie het saam met Mamma gebly en het geweet wat dit beteken om sonder baie dinge klaar te kom. My pa is vyf jaar tevore dood en het my ma met sewe kinders, sonder enige geld agtergelaat. Teen 1946 was die oudste vier kinders reeds uit die huis.

'n Maand voor Pase het die dominee aangekondig dat daar op Paasfees 'n spesiale kollekte opgeneem sou word om 'n arm gesin te help. Hy het almal gevra om geld te spaar, werklik 'n offer te bring en ruim by te dra. Terug by die huis het ons dadelik gesels oor wat óns kan doen. Ons het besluit om 50 pond (ongeveer 23kg) aartappels te koop en vir die hele maand daarop te lewe. Op die manier kon ons $20 op ons kruideniers-begroting spaar om by te dra. Ons het ook besluit om so min as moontlik elektrisiteit te gebruik om nog meer te spaar. Ons het mense se huise en agterplase skoongemaak en elke geleentheid om kinders op te pas, aangegryp. Met elke 15 sent wat ons gekry het, het ons genoeg wol gekoop om drie vatlappe te brei wat ons dan weer vir $1 verkoop het. Op dié manier het ons nog $20 bymekaar gemaak.

Dié maand was een van die bestes in ons lewe. Ons het elke dag die geld getel om te sien hoeveel ons al gespaar het. Saans het ons in die donker gesit en gesels oor hoe die arm gesin die geld wat die kerk aan hulle gaan gee, sal geniet. Aangesien daar ongeveer 80 mense in die kerk was, het ons uitgewerk dat die gemeente ten minste 20 keer meer kan gee as wat ons eie bydrae is. Na alles het die dominee die gemeente elke Sondag aan die spesiale bydrae herinner.

Die dag voor Paasfees het ek en my sussie na die kruidenierswinkel gegaan en al ons kleingeld omgeruil vir drie nuwe $20-note en een $10-noot. Ons het huis toe gehardloop om vir Mamma en Darlene te gaan wys. Ons het nog nooit voorheen soveel geld gehad nie. Daardie nag kon ons byna nie slaap nie, so opgewonde was ons. Dit het ons nie gehinder dat ons nie nuwe klere vir Paasfees kon kry nie, want ons het $70 vir die spesiale offergawe gehad. Ons kon nie wag om kerk toe te gaan nie.

Daardie Sondag het dit behoorlik gereën. Ons het nie ’n sambreel besit nie, maar het ook nie omgegee hoe nat ons word nie. Selfs Darlene se voete het papnat geword omdat haar skoene al stukkend was. Ons het trots in die kerk gesit. Ek het gehoor dat van die ander tieners iets fluister oor die Smith-dogters wat weer hul ou rokke aan het. Ek het na hulle in hulle nuwe rokke gekyk en baie ryk gevoel.

Toe die kollekte opgeneem word, het Mamma die $10-noot ingegooi en ons drie kinders elkeen $20. Op pad huis toe het ons gesing. Middagete het Mamma ons verras. Sy het ’n dosyn eiers gekoop en ons kon Paaseiers saam met ons aartappels eet.

Laat daardie middag het die dominee voor ons huis gestop. Mamma het die deur oopgemaak, ’n oomblik met hom gepraat en toe teruggekom met ’n koevert in haar hand. Ons het gevra wat dit was, maar sy het niks gesê nie. Sy het die koevert oopgemaak. Toe val daar ’n klomp geld uit: drie nuwe $20-note, een $10 en sewentien $1. Mamma het die geld teruggesit in die koevert en niemand het ’n woord gesê nie. Ons het almal net na die vloer gesit en staar. Waar ons ’n oomblik gelede nog soos miljoenêrs gevoel het, het ons nou arm en waardeloos gevoel.

Ons het so ’n gelukkige lewe gehad dat ons almal jammer gekry het wat nie óns pa en ma gehad het nie, of ’n huis vol boeties, sussies en vriende wat gedurig kom kuier het nie. Ons het gedink dit is pret om eetgerei te deel en altyd te wonder wat jy vanaand gaan kry: die vurk of die lepel? Ons het twee messe gehad wat ons rondgestuur het vir wie dit ook al nodig gehad het.

Ons het geweet dat ons baie dinge wat ander mense het, nie het nie, maar ons het nooit gedink ons is arm nie. Maar daardie Paasfees het ons uitgevind dat ons wel arm is. Die dominee het immers die geld wat vir die arm gesin ingesamel is, vir óns gebring. Só, ons móét arm wees! Ek het niks daarvan gehou om arm te wees nie. Ek het na my rok en verslete skoene gekyk en



was so skaam dat ek nie weer kerk toe wou gaan nie. Almal weet blykbaar lankal dat ons arm is. Op skool was ek in graad 9 en het eerste gestaan uit meer as ’n 100 kinders. Ek het gewonder of dié kinders ook weet dat ons arm is. Ek het besluit om skool te los, aangesien ek reeds graad 8 geslaag het en dit was al wat die wet destyds vereis het.

Ons het lank in stilte gesit. Later het ons gaan slaap. Gedurende die week het ons min gepraat. Saterdag het Mamma die stilte verbreek en gevra wat ons met die geld wil doen. Ons het gewonder: Wat doen arm mense met geld? Ons het nie geweet nie, want ons het nie geweet dat ons arm is nie. Ons wou nie Sondag teruggaan kerk toe nie, maar Mamma het gesê ons moet.

Al was dit ’n lekker sonskyndag, het niemand op pad kerk toe gepraat nie. Mamma het ’n lied begin sing, maar niemand het saamgesing nie. By die kerk het ’n sendeling gepraat. Hy het vertel hoe mense in Afrika kerke bou met songedroogde kleistene, maar dat hulle geld benodig om die dakke op te sit. Hy het gesê dat $100 genoeg is vir een kerk se dak. Die dominee het gevra: *Kan ons nie almal ’n offer bring om dié arm mense te help nie?*

Ons het na mekaar gekyk en vir die eerste keer daardie week geglimlag. Mamma het haar hand in haar handsak gesteek en die koevert uitgehaal. Ons het dit aangestuur na Ocy en sy het dit in die kollektebordjie gegooi. Nadat die geld getel is, het die dominee aangekondig dat die bydrae net oor die $100 was. Die sendeling was baie opgewonde. Hy het nie so ’n ruim bydrae van ons klein gemeentetjie verwag nie. Hy het gesê: *Julle moet beslis ryk mense in julle gemeente hê.* Toe tref dit ons. Ons het $87 van die net meer as $100 gegee. Ons is die ryk familie in die gemeente. Het die sendeling nie self so gesê nie? Van daardie dag af was ek nooit weer arm nie.

Ek onthou altyd hoe ryk ek is omdat ek Jesus het!

***Gebed***

- † ***Praat met die Here oor dit wat jou die meeste getref het in die verhaal van hierdie familie.***
- † ***Bid teen selfsug en eiebelang.***
- † ***Bid dat Christene opnuut ’n passie sal kry om ander Christene te help. Bid dat Christene mildelik sal bydra om die Koninkryk van God te bevorder.***
- † ***Afrika: Tanzanië.***
- † ***Afrika: Bid vir dissipelskap en kerkgroei.***

# DEEL 7
## Skuld

Niemand wil skuld hê nie, maar byna almal maak skuld. Waarom? Vir meeste het skuld aanvaarbaar geword. Dis deel van die lewe. Maar skuld is 'n gevaarlike siekte wat maklik tot ekonomiese ondergang kan lei.

Almal sê hulle wil skuldvry wees, maar baie min het 'n plan om dáárby uit te kom. Almal sê hulle wil skuldvry wees, maar min het die geduld, geloof en finansiële dissipline om dit 'n werklikheid te maak. Om uit skuld te kom, moet jy eers verstaan hoe jy in skuld beland het.

**<u>Denkskuif</u>:**

**~~Skuld is deel van die lewe. Dis normaal en aanvaarbaar!~~**

**Die Here wil hê dat sy kinders sonder skuld sal wees.**

## Dag 31
### Eina, die skuld knyp my!

**Lees:** Genesis 2:8-9; 2:15-17; 3:2-6, asook Spreuke 22:7

Gehoorsaamheid is om ***<u>in</u>*** die wil van God te leef. Sonde is om ***<u>buite</u>*** die wil van God op te tree. Uit 'n ekonomiese- en verbruikersoogpunt gesien, kan ons sê: **Sonde is om buite** (in stryd met) **die wil van God te gebruik en te verbruik.** *(Sin is to consume outside the will of God!)* Dit is wat Adam en Eva gedoen het. Hulle was vry om die oorvloed aantreklike en lekker kos te geniet wat God aan hulle gegee het. Maar toe kies hulle om dit wat ***buite God se wil*** vir hulle was, te vat. Dít het hulle en die hele mensdom in skuld en ellende gedompel.

Om te begeer wat jou nie toekom nie; om ontevrede te wees met God se voorsiening; om méér te wil hê en nóú meer te wil geniet; om te gryp na iets wat God in sy groot liefde en goedheid nie (of nog nie) aan jou gegee het nie; ***om buite die wil van God te gebruik en te verbruik, is sonde.*** Op



finansiële gebied lei al hierdie dinge tot **skuld**, en *skuld ondermyn ons finansiële vryheid*.

Spreuke 22:7 slaan die spyker op die kop: ***Die ryke heers oor die arme; die lener is die slaaf van die man by wie hy leen.*** *Skuld ondermyn my en jou finansiële vryheid.* Skuld maak jou jou skuldeisers se slaaf. Jy kan gedwing word om hulle selfs méér as God te gehoorsaam. Hulle kan eis dat jy grond of ander bates moet verkoop, al is dit nie God se wil nie. Óf jy kan nie jou personeel 'n billike loon betaal nie, selfs al sê die Here jy moet. As jy om een of ander *finansiële* rede nie kan doen wat God vir jou sê nie, het jy toegelaat dat geld in plaas van God in jou lewe regeer. God het sy kinders vrygekoop. Hy wil nie hê hulle moet weer slawe van mense of van Mammon word nie (Matteus 6:24, Romeine 13:8 en 1 Korintiërs 7:23).

*Skuld ondermyn my en jou finansiële vryheid.* Skuld is 'n harde baas! Dit dryf jou. Dit lei jou in versoeking om oneerlik te raak (vgl. Spreuke 30:7-9). Dit laat jou wakker lê. Dit bring spanning en ondermyn jou gesondheid. Op sy beste is skuld 'n slegte ding. Kom ons kyk wat sê die Woord:

1. Die Bybel hou daarmee rekening dat mense van tyd tot tyd in skuld kan beland (Bv. 2 Konings 4:1-7). Daar is baie redes daarvoor. Skuld word nie heeltemal verbied nie, maar mense word ook nie aangemoedig om skuld te maak nie. In die Ou Testament was daar gemeenskapsreëlings wat gekeer het dat mense permanent in skuld en armoede verval (vgl. Levitikus 25 en Deuteronomium 15:1-11).

2. God se kinders word wel aangemoedig om aan ander te leen, maar nêrens om self te leen nie. Trouens, Christene word aangemoedig om ander se skuld af te skryf (Lukas 6:34-36) maar om hulle eie skuld te betaal (Romeine 13:8 en Psalm 37:21).

3. God moedig sy kinders aan om nie skuld te maak nie (Romeine 13:8). Indien jy wel skuld maak, moet jy by julle ooreenkoms bly en op tyd terugbetaal.

4. Skuld maak jou iemand anders se slaaf, en God wil nie hê sy kinders moet ander mense se slawe word nie (Spreuke 22:7 en 1 Korintiërs 7:23). Skuld gee aan jou skuldeisers seggenskap oor jou. Hulle bepaal wat jy mag en nie mag doen nie.

5. Om skuldvry te wees, word as 'n seën beskou (Deuteronomium 15:6 en 28:1-12, let op vers 12). Skuld word as 'n vloek beskou (Deuteronomium 28:15 en vers 43-44).

6. As jy skuld maak, neem jy aan dat daar vir jou 'n *môre* sal wees. Jy neem aan dat jy wins sal kan maak en jou skuld sal kan betaal (Jakobus 4:13-17). Net God weet wat môre gaan gebeur. Skuld kan selfs verhoed dat jy vir jou eie mense kan sorg. Die Woord sê as iemand nie vir sy eie mense kan sorg nie, is hy slegter as 'n ongelowige (1 Timoteus 5:8). Skuld kan jou ook in die versoeking laat kom om een man in te loop ten einde 'n ander een te betaal. Dit maak jou oneerlik, laat jou leuens vertel en beloftes breek. Jou goeie naam en mooi verhoudinge kan deur slegte skuld in gedrang kom (Spreuke 22:1)! Skuld kan jou ook verhinder om in gehoorsaamheid aan die Here aan ander goed te doen (Efesiërs 4:28 en Jakobus 1:27). Skuld kan maklik tot sonde lei.

7. As jy te gou en te maklik skuld maak, kan jy God die geleentheid ontneem om 'n wonderwerk te doen. Ons lees dikwels hoe Hy op bonatuurlike wyse vir sy kinders gesorg het. Hy doen dit vandag nog. Hy openbaar Homself in die Skrif (en in die lewe van miljoene van sy kinders) as die Voorsiener en Vader wat weet wat sy kinders nodig het. Hy is Een wat goed vir sy kinders sorg! Lees Genesis 22:14; Psalm 146:5-10; Matteus 6:25-30; Filippense 4:12-13 en vers 19-20, asook Hebreërs 13:5-6.

8. Daar is baie redes waarom mense skuld maak. Die belangrikste is gierigheid en ongeduld. *Ek wil méér hê as wat ek kan bekostig en ek wil dit nóú hê.* Dit is waarteen Hebreërs 13:5-6 en 1 Johannes 2:15-17 waarsku.

9. Vra jouself: Is ek gehoorsaam aan 1 Korintiërs 10:31 as ek hierdie skuld maak? ***"Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God."***



***Gebed:***

- † ***Memoriseer Spreuke 22:7 en praat met die Here daaroor.***
- † ***Indien jy in die skuld is, vra die Here se hulp en leiding om daarúít te kom. Bid teen die versoekings wat dikwels met baie skuld gepaard gaan.***
- † ***Bid vir jou familie se finansiële vryheid.***
- † ***Afrika: Malawi.***
- † ***Afrika: Bid teen okkultiese praktyke (Deuteronomium 18:9-14).***

## Dag 32

### Waarom is jy in die skuld?

**Lees:** 2 Konings 4:1-7 en Hebreërs 13:5-6

*Skuld ondermyn my en jou finansiële vryheid.* Om dus van die slawerny waarin skuld ons dompel vry te kom, moet ons vasstel hoe skuld ons in die eerste plek *gevang* het en wat ons moet doen om te verseker dat dit nie weer en weer gebeur nie. Dink na oor die volgende vier oorsake vir skuld:

**1. Afgodery!** Dis die eerste en belangrikste oorsaak van skuld. Wanneer jy geld ***dié*** plek in jou hart gee, in plaas van ***'n*** plek in jou sak, is geld jou god. Wanneer jy die gawes van God in stryd met die wil van God gebruik (soos wanneer jy dit jou god maak), lei dit altyd tot verslawing. Dit lei nie tot tevredenheid en vergenoegdheid nie. Jy het elke dag méér geld nodig om *dieselfde effek* te kry. ***"Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg nie"*** (Prediker 5:9). Skuld is die noodwendige gevolg: Jy begin *vandag reeds* leef op die inkomste wat jy hoop om later te kry.

**Regstelling:** *Kom tot bekering. Kry Jesus in jou hart. Haal geld uit jou hart en sit dit in jou sak. Dis waar dit hoort.*

2. **Menslike faktore:** Skatryk mense maak ook skuld, maar armoede en skuld is tweelingbroers. Spreuke gee belangrike redes vir armoede. Dieselfde redes geld vir skuld en finansiële afhanklikheid:

- Luiheid (Spreuke 6:6-11; Spreuke 12:27; **Spreuke 24:30-34**);
- 'n Gebrek aan selfmotivering en vooruitbeplanning (Al het die mier nie 'n leier, opsigter of regeerder nie, is hy selfgemotiveerd en dink hy vooruit. Dis so anders as baie mense wat net werk as iemand toesig hou of as honger hulle dryf. Spreuke 6:6-8 en 16:26);
- Te veel slaap (Spreuke 6:10-11; Spreuke 20:13: Spreuke 24:33-34);
- Verkeerde prioriteite (Spreuke 16:16; 21:17 en **24:27**) Mense spandeer eers geld op leefstyldinge. Dit is huise, motors, meubels, selfone, TV's, vakansies, ensovoorts. Daarna wil hulle geld genereer deur te boer of besigheid te doen. Jy moet éérs geld genereer deur te boer (buitewerk te doen) en daarna leef jy uit die inkomste. Dit is wat Spreuke 24:27 sê. Skape gee geld om 'n huis te bou, maar 'n huis gee nie geld om skaap te koop nie;
- Droom van kitsrykdom, in plaas daarvan om te leer hoe om dit wat hulle reeds het, met wysheid te bestuur (Spreuke 13:11; **21:25-26** en 23:5);
- Verkwisting (Spreuke 21:17 en 23:19-21. Veral op drank en lekker kos, asook op tabak en ander dwelms);
- Verkeerde fokus (Spreuke 2::19. Bly besig met nuttelose dinge);
- Nalatigheid (Spreuke 18:9);
- 'n Gebrek aan wysheid, kennis en insig (Spreuke 2:1-5; 3:13-18; 16:16; 24:3-4).

Let daarop dat Spreuke nie *eksterne faktore* (dinge buite die mens) vir armoede gee nie. Spreuke noem net *interne faktore* vir armoede. Dit is dinge wat in die mens self lê, waaroor die mens self beheer het.

**Regstelling:** *Indien jy skuldig is aan enige van dié dinge, moet jy dit erken en bely. Dis alles dinge waaraan jý iets kan doen. Die slimste ding wat jy kan doen, is om die Here te dien (Spreuke 1:7 en Psalm 111:10). Gehoorsaam Hom, dit sal jou help om in storms (ook finansiële storms) staande te bly (Lukas 6:46-49). Bemagtig jouself met kennis oor hoe om met geld te werk. Leer om slim te werk met die bietjie geld wat jy het. Hou op droom oor wat jy gaan doen met die baie geld wat jy hoop om eendag skielik van êrens af te kry.*



3. **Natuurlike oorsake:** Gebeure soos droogte, oorstromings, brande, hael, vroeë of laat ryp, pessiektes, ongelukke en die ontydige dood van 'n broodwinner kan ook tot skuld aanleiding gee. Sonde het altyd 'n effek op die natuur (Genesis 3:17 en 4:11-12; Job 31:38-40; Jeremia 4:26; 12:4 en vers 10-11, asook 23:10; Hosea 4:1-3), maar meeste van hierdie faktore is buite my en jou beheer. Dis deel van die pyn en swaar waaronder die skepping sug (Romeine 8:18-23). Op grond van al hierdie onsekerhede moet jy baie versigtig wees om skuld te maak (Jakobus 4:13-17).

**Regstelling:** ***Gebruik*** *(**B**enut),* ***bestry*** *(**B**eveg) en* ***aanvaar*** *(**B**erus). Jy moet dit in elke lyding-situasie doen.* ***Gebruik:*** *God laat alles vir sy kinders ten goede meewerk. Werk met God saam. Maak van jou pyn-verleentheid 'n groei-geleentheid.* ***Bestry:*** *Dit sluit baie dinge in, van gebed tot versekering (versekering is 'n moderne gemeenskapsreëling om die verwoestende en/of permanente skade van bogenoemde rampe teen te werk. In die tyd van die Ou Testament was daar verskeie sulke gemeenskapsreëlings); van goeie beplanning tot wyse besluite; van wetenskap en tegnologie tot 'n heilige lewe! Doen Spreuke 22:3!* ***Aanvaar:*** *Wees geduldig. Hierdie dinge sal eers finaal tot 'n einde kom wanneer Jesus weer kom* (Openbaring 21:1-5).

4. **Produksiefaktore:** Om te boer, het jy grond, voertuie, implemente en insetkoste nodig. Nie almal kan dit kontant koop nie. As jy geld *moet* leen, maak seker jy *leen om te produseer en nie om lekker te leef nie.* (In wese is dit wat die profeet die weduwee in 2 Konings 4:1-7 beveel het om te doen.) Geld wat jy in produksie investeer genereer geld waarmee jy jou skuld kan terugbetaal. Maar geld wat jy uitleef, genereer niks. Dis weg! Jy kan dit nie weer gebruik om jou skuld te betaal nie. Maar pas op, skuld bly skuld. Daar is baie onvoorspelbare faktore wat jou vermoë om selfs goeie skuld terug te betaal, kan ondermyn.

**Regstelling:** Raak ontslae van alle leefstyl-skuld (vir weelde, gemak, gerief, gebruiksgoedere, ensovoorts.) Maak seker jou bate/laste-verhouding is gesond. Hou jou produksie-skuld binne perke. (Gelukkig is die man wat nie reeds volgende jaar se inkomste moet gebruik vir hierdie jaar se insetkoste nie.) Betaal jouself 'n vaste salaris, en moenie persoonlike uitgawes uit jou besigheid/boerdery betaal nie.

***Gebed:***

† ***Praat met die Here oor jou skuld. Vra Hom om vir jou wysheid te gee.***

† ***Indien jy sonder 'n opdrag van die Here skuld gemaak het, bely dit. Bely ook alles wat by punt 3 genoem word indien jy daaraan skuldig is.***

† ***Bid dat kinders van die Here hulle skuld sal betaal, uit skuld sal kom en versigtiger as ooit sal wees om nuwe skuld te maak.***

† ***Afrika: Mosambiek.***

† ***Afrika: Huwelik en gesinslewe. Bid oor afwesige vaders.***

## Dag 33
### Die reël van 72

**Lees:** Spreuke 22:7 en Psalm 15:5

Ons leef in 'n tyd waar mense nie bang is vir skuld nie. Finansiële instellings en besighede leen links en regs geld aan mense. Elke groot kettingwinkel het een of ander kaart wat jou aanmoedig om méér te koop. Só trap jy in die strik: **Koop nou, betaal later!** (Mense spandeer glo gemiddeld 34% meer wanneer hulle met 'n kaart koop as wanneer hulle kontant koop. Besighede weet dit. Daarom al die kaarte!)



Waarom is banke en besighede so gewillig om geld aan jou te leen? Hulle ken ***Die reël van 72!*** (***The rule of 72.***)[5] Hierdie reël werk altyd en oral. Mens kan amper sê dis 'n "**ekonomiese wet"** wat God gemaak het. Die reël sê: ***As jy 72 deur die rentekoers deel, kry jy min of meer die aantal jare wat dit neem vir die leningsbedrag om te verdubbel.***

As jy dus R10 000 teen 24% per jaar leen en intussen niks terugbetaal nie (saamgestelde rente), gaan jy oor drie jaar (72÷24=3) R20 000 skuld. As jy R10 000 teen 3% per jaar leen en intussen niks terugbetaal nie, gaan jy oor 24 jaar (72÷3=24) R20 000 skuld. Indien jy geld teen 30% <u>per maand</u> by "Cash loans" leen, verdubbel jou skuld na 0.2 jaar, dit is 73 dae!

**As jy dus geld <u>belê</u>, werk die reël van 72 <u>vir jou</u>.** Jou geld word meer. Jou geld maak vir jou nog geld. **As jy geld <u>leen</u>, werk die reël van 72 vír die bank** (besigheid, of die persoon by wie jy geld leen) **en <u>téén jou</u>.**

Daarom moet jy net geld leen as jy met dié geld meer geld kan verdien as wat jy nodig het om die kapitaal en die rente terug te betaal. (Daarom moet jy nie leefstyl-skuld maak nie!) Wanneer jy geld wil leen, kan jy dus vinnig bepaal of jy met dié geleende geld genoeg geld kan maak (selfs al skiet rentekoerse op na 24% plus) om kapitaal en rente binne die vasgestelde tyd te kan terugbetaal. Wanneer iemand sê dat sy skuld met hom weghardloop, verduidelik ***Die reël van 72*** (The rule of 72) wat gebeur. Die hoë rentekoers veroorsaak dat die persoon se skuld vinniger verdubbel as wat hy daarop kan afbetaal.

Onthou: ***Die reël van 72* werk altyd <u>vir óf teen jou</u>.** Daarom wil almal hê dat jy moet skuld maak, want dan werk die reël **vír hulle en téén jou.** Hulle word ryker en jy armer. **<u>Moet dus nie alles leen wat beskikbaar is nie</u>. <u>Moenie geld leen net omdat dit vir jou aangebied word nie</u>!**

Jy moet drie dinge onthou én doen wanneer jy geld leen:
- Leen *so* ***min*** as moontlik en
- betaal *so* ***veel*** as moontlik,
- *so* ***gou*** as moontlik terug.

*Skuld ondermyn jou finansiële vryheid!* Kom uit die skuld, dis die regte ding om te doen, veral omdat die val van Babilon en die wederkoms van Christus naby is (Openbaring 18-19)!

[5] As ek reg onthou, het ek die eerste keer van hierdie reël gelees in 'n kursus van Ron Blue, ***Master your Money.*** Indien jy meer oor die reël wil lees, Google gerus ***Rule of 72.***

***Gebed:***

- † ***Bid vir finansiële vryheid. Moenie in die eerste plek meer geld vra nie. Vra vir wysheid om met geld te werk.***
- † ***Bid dat Christene mekaar sal help en ondersteun met rentevrye lenings** (Vgl. Psalm 15:5 en Eksodus 22:25). **Bid ook dat hulle getrou sal wees met die terugbetaling van lenings.***
- † ***Afrika: Zambië.***
- † ***Afrika: Planting van GF4GF-Sentrums in Afrika (GF4GF = Good Foundations for Good Fruit).*** Besoek: www.gf4gfcentres.co.za

## Dag 34
### Wenke om uit skuld te bly

**Lees:** 1 Korintiërs 6:12 en 10:23

Die volgende praktiese wenke kan jou help en motiveer om uit skuld te bly. Dis eietydse spreuke wat die moeite werd is om te onthou.

1. ***Moenie iemand se vermoë om skuld te maak verwar met sy vermoë om geld te maak nie.*** Baie van die welvaart en weelde wat mense vertoon, behoort aan die bank (Spreuke 13:7)! Moet daarom nie ander se rykdom begeer of soos hulle probeer leef nie.

2. Die goue reël van finansies is: ***Oor 'n tydperk moet jy meer geld inkry as wat jy uitgee.*** Die werklikheid is: ***Geld kruip by die agterdeur in, maar hardloop by die voordeur uit.*** Die goue reël en die werklikheid staan dus teenoor mekaar. Daarom moet jy baie versigtig wees. As jy jou oë uitvee het jy meer geld uitgegee as wat jy ingekry het. Om baie versigtig te wees, beteken: Dink vooruit; beplan vooruit; stel 'n goeie en realistiese begroting op[6]; sorg vir voldoende kontantvloei; koop net wat jy nodig het en nie alles wat jou hart begeer nie. Wees geduldig.

[6] Amos Agrimin het in samewerking met CLF (Christelike Lektuurfonds) en die Departement van Landbou in die Wes-Kaap twee pamflette oor geld uitgegee: ***Word geld-slim*** en ***Geld-slim met 'n begroting.*** Die pamflette is in meer tale beskikbaar en veral geskik vir verspreiding in die landelike en boerderygemeenskap.



3. ***Moenie dink die enigste uitweg uit skuld is om méér geld te maak nie. Die begeerte om meer geld te maak laat jou maklik nog dieper in die skuld beland.*** God se plan vir finansiële vryheid is dikwels nie vir ons om meer geld of meer skuld te maak nie. Sleutelfaktore in sý plan is altyd geloof, gehoorsaamheid, wysheid (werk slim, verantwoordelik en gedissiplineerd met wat jy reeds het), goeie rentmeesterskap, ensovoorts. Waar dié faktore in plek is, vermenigvuldig God graag deur 'n wonderwerk die bietjie wat ons het en doen [2 Konings 4:1-5 (vermeerdering van olie); Matteus 17:24-27 (muntstuk in vis se bek); Markus 6:35-44 en 8:1-10 (vermeerdering van vis en brood)]. God se wonders maak dikwels die maak van skuld onnodig.

4. ***Moenie die behoeftes van jou gees en siel op jou begroting sit nie, want dan sal jou begroting nooit klop nie!*** Dit gebeur wanneer mense begin koop om vir hulle lae selfbeeld te kompenseer en ander te beïndruk (sien nommer 5); wanneer hulle geld spandeer om hulle behoefte aan erkenning, liefde, sekerheid en aanvaarding (ELSA) te bevredig; wanneer hulle met geld probeer kompenseer omdat hulle nie tyd saam met hulle kinders spandeer nie; wanneer hulle, omdat hulle nie geloofsekerheid het nie, die onsekerheid in hulle gees met finansiële sekuriteit probeer onderdruk, ensovoorts.

5. ***Don't use money that you don't have, to buy things that you don't need, to impress people that you don't like.*** Dis duidelik dat daar 'n selfbeeldprobleem agter hierdie koopgewoonte lê!

6. **Oorhaastige besluite en besluiteloosheid is ewe gevaarlik!** Oorhaastigheid laat jou foute maak (Spreuke 19:2 en 21:5)! Die duiwel weet dit. Daarom por hy mense aan om dadelik tot aksie oor te gaan sonder om mooi te dink, te bid of raad te vra (Spreuke 27:9 en 15:22). Moenie die eerste plan wat in jou kop opkom, implementeer nie. Jou eerste plan is dikwels nie die beste plan nie. Dis soms die duurste plan.

7. **Wat jy het, kan jy maklik verloor. Wat jy weet, kan niemand van jou wegvat nie. Daarom is wysheid en kennis belangriker as besittings.** Deesdae jaag almal na kitsrykdom, al verdwyn dít soos mis voor die son en vlieg die lug in soos 'n arend (Spreuke 13:11 en 13:5). Bemagtig jouself met kennis, wysheid en insig uit die Woord (Spreuke 16:16 en 3:13-15)![7] Die dwaas het altyd nuwe planne hoe om vinnig ryk te word (Psalm 10:2-4). 'n Wyse man soek altyd na maniere om dit wat hy reeds het, beter te gebruik.

*Skuld ondermyn my en jou finansiële vryheid.* Kom uit die skuld.

***Gebed:***

† ***Vra weereens wysheid van die Here om reg en verantwoordelik met geld te werk.***

† ***Bid vir die finansiële opvoeding van die volgende geslag, insluitend jou kinders en kleinkinders.***

† ***Bid dat kennis vir die landelike en boerderygemeenskap belangriker as besittings sal wees.***

† ***Afrika: Angola.***

† ***Afrika: Die werk van AMOS AGRIMIN (visie: Living and Farming God's Way).***

*Onthou! Neem gerus deel aan Kaalvoetdag wat jaarliks op 10 Oktober plaasvind!*

[7] Lees gerus die boek ***"Five wealth secrets 96% of us don't know"***, geskryf deur Craig Hill, Author and Founder of Family Foundations International. Uitgegee deur Family Foundations Africa and Family Foundations International.



# DEEL 8
## Jou keuse!

Die diep oortuigings en gesindhede in die hart van die mens, bepaal sy hele lewe (Spreuke 4:23). As hierdie oortuigings die waarheid is, maak dit die mens vry en bring dit vir hom voorspoed. As hierdie oortuigings leuens is, lê dit die mens aan bande en dompel dit hom in ellende. As ons soos die wêreld oor God, sy skepping, die ewigheid, eienaarskap, sukses, finansies en besigheid dink, bou ons op leuens. Wat ons op dié manier tot stand bring, sal vernietig word, want dis op sand gebou (Lukas 6:49).

Daarom is dit noodsaaklik dat God ons ***denke sal vernuwe*** en dat ons die nodige ***denkskuiwe*** sal maak. Ons moet die ***waarheid*** glo, want slegs die waarheid kan ons vry maak. Ons moet ***doen wat die Here sê,*** want slegs dan bou ons op die rots en sal dit wat ons bou staande bly in die storms wat kom (Lukas 6:46-48).

Die oortuigings in jou hart bepaal jou denke. Jou denke bepaal jou besluite. Jou besluite lei tot finansiële vryheid of ekonomiese ondergang.

Om te sien of jy die regte finansiële besluite neem, toets jouself aan die volgende riglyne.

**Denkskuif:**

**~~Genoeg geld waarborg finansiële vryheid en bied 'n stewige fondasie om my toekoms op te bou~~.**

**Blywende finansiële vryheid is net moontlik wanneer jy jou lewe op Christus bou en Hom gehoorsaam.**

# Dag 35

## Twee Koninkryke: Aan watter kant bou jy?

**Lees:** Lukas 6:46-49 en lees daarna die tabel van onder na bo.

| | | |
|---|---|---|
| Bestem om ***vernietig*** te word. ***Gaan val*** (Openbaring 18-19)! | | ***Bly vir ewig!*** (Daniël 4:34 en Openbaring 5:13) |
| Bou ***wêreldse stelsels en koninkryke*** (in die donker)**.** | ↑ | Bou die ***Koninkryk van God*** (in die lig). |
| ***Verslaaf aan geld. Onvervuld.*** Bly soekend. Kry nooit genoeg nie. | ↑ | Finansieel ***vry en vervuld*** in Christus. Tevrede! |
| ***Transaksies*** is die fokus. Etiese beginsels en verhoudings is minder belangrik. *"Business is business!" "Hond eet hond!"* Wil ten alle koste net geldmaak! | ↑ | ***Verhoudings*** is belangrik, ook sakeverhoudings. Liefde vir God en jou medemens is deurslaggewend. Etiese beginsels word gehandhaaf. |
| Mens is die ***eienaar.*** | ↑ | Mens is 'n ***rentmeester.*** God is die Eienaar. |
| ***Gryp gou soveel as moontlik van die beskikbare hulpbronne vir jouself,*** want daar is nie genoeg vir almal nie. | ↑ | ***Vermenigvuldig*** wat God gee sodat almal die oorvloed van God se goedheid kan ervaar. |
| Oortuig daar is 'n ***skaarste aan hulpbronne.*** Daar is ***nie genoeg*** vir almal nie. | ↑ | Oortuig daar is ***genoeg hulpbronne*** in die skepping vir almal om God se groot goedheid te beleef. |
| ***Vrees:*** Het ek genoeg en sal ek môre ook nog genoeg hê? | ↑ | ***Vertrou:*** Vader weet wat ek nodig het. Hy wil, kan en sal sorg. |
| ***Geld is in my hart.*** Geld is my god en beheer my hele lewe. | ↑ | ***God is in my hart*** en regeer daar as Koning. |
| ***Bou*** my besigheid (en hele lewe) ***op geld (Mammon)***, al is geld net deel van die skepping. | ↑ | ***Bou*** my besigheid (en hele lewe) ***op God*** wat die Skepper en Eienaar van alles is. |



Wie of wat bepaal jou finansiële besluite? Geld of God? Vrees of vertroue? 'n Oortuiging dat daar nie genoeg hulpbronne en geleenthede vir almal is nie? Daarom probeer jy om ten alle koste beheer te kry oor so veel as moontlik van wat wel beskikbaar is. Óf glo jy God het genoeg van alles geskep sodat almal sy goedheid en sorg kan geniet? Doen jy wat jý wil omdat jy oortuig is dat jý die eienaar is? Of is jy as rentmeester gehoorsaam aan die Eienaar? Is jy gereed om aan God rekenskap te gee oor hierdie besluit? Is jy besig om oor mense te loop en beginsels prys te gee om ten alle koste 'n transaksie te beklink (koop om; weerhou inligting; verskaf vals inligting; maak ander sleg; loop iemand in; steek iemand in die rug, ens.)? Óf bly jy by jou beginsels en word jou besluit bepaal deur jou liefde vir God en mense?

Waarmee is jy besig? Is jy as rentmeester van God se goed besig om sý Koninkryk te bou? Of is jy besig om God se goed te gebruik om jou eie koninkryk en naam te bou?

***Gebed:***

- † ***Vra dat die Here jou denke sal vernuwe en jou sal help om die regte finansiële besluite te neem. Bid dit vir jou familie en vriende, asook vir die landelike en boerderygemeenskap.***
- † ***Afrika: Namibië.***
- † ***Afrika: Beginnerboere.***

# Dag 36

## Maak jou keuse: Téén duisternis

**Lees:** Psalm 37:1-20 en 73:1-20

Die voorspoed van skelms en skurke kan 'n mens nogal maklik emosioneel ontstel. Jy raak half jaloers op hulle. Jy dink: *Kyk hoe suksesvol is hulle en kyk hoe sukkel ek. Dis tevergeefs dat ek die Here dien en die regte pad probeer loop* (Maleagi 3:13-15). *As ek finansieel wil oorleef, sal ek maar teen wil en dank moet doen soos hulle doen.* **Moenie! Moenie! Moenie,** só waarsku die Woord my en jou. Daar is geen toekoms en geen finansiële vryheid vir mense wat die spelreëls van die wêreld aanvaar nie. Maak 'n doelbewuste keuse!

In die **<u>Koninkryk van duisternis</u>** doen mense wat hulle sien hulle "vader" (die duiwel) doen (Johannes 8:44). Volgens sy reëls is die volgende toelaatbaar. Jy moet net sorg dat jy nie "uitgevang" word nie:

- Leuens, voorgee en oneerlikheid;
- Diefstal, bedrog, korrupsie en uitbuiting;
- Omkopery en manipulasie;
- Leen, sonder om terug te gee;
- "Slag", ondergrawe, maak dood en vernietig;
- Uitroei en verwoes;
- Verwaandheid en grootpraterigheid;
- Beskuldig en blameer;
- Verdeel en jaag uitmekaar;
- Agteraf, uitoorlê, slinks en werk met 'n bose plan;
- Selfsug en eiebelang;
- Besigheid ten koste van ander.

(Psalm 10:3-4 en 37:21; Spreuke 11:1 en 28:8; Prediker 7:7; Jesaja 14:12-17; Esegiël 28:1-19; Jesaja 14:12-17; Johannes 3:19-20; 8:44; 10:10-13; 2 Timoteus 3:1-5; )

In die duisternis is hierdie dinge toelaatbaar. Dit word as *"fyn sakevernuf"* beskou. Maar die HERE haat al hierdie dinge (Spreuke 6:16-19 en 11:1). Dis duisternis. Dis nie lig nie!

Psalm 10 beskryf die houding en ingesteldheid van goddelose mense. Vandag dink en doen hulle nog nét so.

Redes waarom jy van hierdie dinge af moet wegbly:

1. Jy kan nie die duiwel se metodes gebruik om God se eiendom te bestuur nie. Daar is geen ooreenkoms tussen die twee nie.
2. Daar is geen finansiële vryheid op hierdie pad nie, want alle rentmeesters (= alle mense) moet eendag aan die Eienaar verslag doen.
3. Ten spyte van mooi beloftes van "winsdeling", laat hierdie metodes jou vroeër of later in 'n strik beland wat jou jou lewe kan kos (Spreuke 1:8-19, ook Spreuke 16:25).
4. Moenie die Here probeer paai deur ná die tyd dié oneerlike wins met Hom te deel nie. Jy kan God nie omkoop nie. Alles behoort reeds aan Hom. Gehoorsaamheid is vir Hom belangriker as offergawes (geld en goed). Lees 1 Samuel 15:13-24.



5. Geld en goed wat deur onreg bekom is, bring nie finansiële vryheid of blywende voorspoed nie. Dis 'n ekonomiese wet wat God gemaak het. Jy kan dit ignoreer, maar jy kan nie die wet "breek" nie. As jy dit ignoreer, sal jy beslis later agterkom dat dit 'n dwase besluit was (Spreuke 10:2; 15:6; 20:21; 21:6; 28:8). ***"Kos wat oneerlik verkry is, smaak miskien goed, maar agterna sal jy klippe kou"*** (Spreuke 20:17).
6. Bly weg van alle okkultiese (demoniese) dinge. Moenie raad en leiding by waarsêers of die geeste van dooies soek nie. God haat dit. Betrokkenheid by dié dinge lei tot groot ellende en beslis nie tot finansiële vryheid nie (Deuteronomium 18:9-14 en Jesaja 8:19-22).
7. Om finansieel vry te kom en bruikbaar vir die Here te wees, moet jy jou rug op die spelreëls van die wêreld draai.

***Gebed:***

† ***As jy ooit die duiwel se metodes gebruik het om God se goed te bestuur, of om beheer oor méér van sy goed te kry, bely dit nou. Bely dit ook namens die landelike en boerderygemeenskap waarvan jy deel is.***

† ***Bid dat die Here jou en jou gemeenskap teen hierdie versoekings sal bewaar en beskerm.***

† ***Lees en bid Spreuke 30:7-9.***

† ***Afrika: Botswana.***

† ***Afrika: Beheer van probleemdiere (roofdiere).***

*Onthou! Neem gerus deel aan Kaalvoetdag wat jaarliks op 10 Oktober plaasvind!*

# Dag 37
## Maak jou keuse: Vir die lig

**Lees:** Spreuke 11:1-6 en Filippense 4:8-9

Jy moet doelbewus teen die spelreëls van die wêreld kies. Jy moet kies om al jou besigheid in die lig te doen. Daar is duidelike reëls oor hoe om sake te doen in die Koninkryk van die Lig:

- ✓ Wees gehoorsaam aan die Here (Lukas 6:46). Alles behoort aan Hom;
- ✓ Wees eerlik en lief vir die waarheid (Efesiërs 4:25);
- ✓ Soek en dien die belang van ander (Filippense 2:3-5);
- ✓ Tree reg en billik op teenoor almal (Jeremia 9:23-24 en Miga 6:8);
- ✓ Wees regverdig en onpartydig (Eksodus 23:1-9; Levitikus 19:15);
- ✓ Wees betroubaar – hou jou woord al is dit tot jou eie skade (Psalm 15:4; Jakobus 5:12);
- ✓ Wees nederig (Spreuke 16:18-19; Jakobus 4:6);
- ✓ Moenie jou mag of geld gebruik om mense af te pers of om te koop nie (Prediker 7:7);

Elke transaksie moet God verheerlik en uitdrukking gee aan jou liefde vir mense (jou familie, werknemers, kliënte, verskaffers, ens.). Elke besluit moet jou 'n tree nader aan sukses neem: Vertoon die ***Beeld*** van Christus; doen ***wat*** God wil hê en doen dit ***soos*** God wil hê. Laat ***liefde***, ***gehoorsaamheid*** en ***diens*** jou ingesteldheid bly. Elke besluit moet lei tot groter ***roepingsvervulling, intimiteit en finansiële vryheid.***

In *"Leaders that Last"* skryf Dave Craft van 'n sakeman met integriteit wat dit reggekry het.[8]

Bill Lear, inventor, aviator, and business leader, held more than 150 patents. In 1963, the first Lear Jet made its debut, and the next year production on the Lear Jet began. But it was not all roses. Early on, two of his Lears crashed mysteriously. He immediately grounded the fifty-five he had sold so that he could determine the cause.

This is quite a contrast to some car manufacturers who leave certain models on the road even though they know they have production flaws. They count on clever lawyers to rescue them, rather than honestly dealing with their mistakes and doing a total recall.

[8] Dave Craft: *Leaders that Last*



Money is clearly more important to these companies than lives. Not so with Bill Lear. Grounding the fifty-five planes was costly. In addition, doubts were raised in the minds of potential buyers.

But Bill Lear went one step further. He discovered he couldn't determine what caused the fatal crashes without simulating the conditions under which they occurred. So he flew one of his own jets, almost succumbing to the same fate as the other two pilots. He managed to get through the tests and verify the defects, and he replaced the defective part in all fifty-five planes. Because of the loss, it took him two years to rebuild the business. But he never regretted his decision. What a leader! He lost money and risked his own life, but he never compromised his character.

Ons seun Jaco, het as student reeds begin boer. Omdat ek nie veel van groenteboerdery geweet het nie, het ek hom aangemoedig om vir hom 'n **ouer, kundige en betroubare mentor** te kry. Op 'n dag het hy gesê: *"Ek het iemand gekry soos Pa gesê het - Oom Louis Nel".* Ek wou weet hoekom hy op oom Louis besluit het. Sy verduideliking was kort en eenvoudig. *"Oom Louis het gesê ek kan aarbeiplantjies teen R2 per plantjie by hom koop. Toe ek gister daar kom om die plantjies te gaan haal, sê oom Louis dat daar vroeër die oggend iemand was wat so desperaat vir plantjies was, dat hy hom R5 per plantjie aangebied het. Oom Louis het dié aanbod van die hand gewys en gesê hy het dit reeds aan my belowe – teen R2 per plantjie."* Louis het sy woord gehou, tot sy eie nadeel. Dis 'n eenvoudige illustrasie van Christenskap in werksklere! Só word die Koninkryk sigbaar!

***Gebed:***

- † ***Bid dat Christene hulle besigheid in die lig sal doen.***
- † ***Bid dat die Here jou eerlik en betroubaar sal maak. Bid dit ook vir ander.***
- † ***"Of julle eet en of julle drink, of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God"*** (1 Korintiërs 10:31)***. Bid dat landbouers tot eer van die Here sal boer en besigheid doen.***
- † ***Afrika: Zimbabwe.***
- † ***Afrika: Konflik oor grond en grondhervorming.***

# DEEL 9
## Wins

Om wins te wil maak, is nie verkeerd nie. Die probleem is dat wins vir meeste mense net geld is. Maar daar is méér op die spel as geld, méér wat *gewen* kan word! Dáárop moet ook gefokus word.

Dit is belangrik om te onthou dat daar reëls vir geldmaak is. Daar is verhoudinge wat nie opgeoffer mag word nie. Daar is waardes wat God se kinders nooit mag prysgee nie. Metodes wat hulle nie mag gebruik nie. Kortom: Geldmaak het sy grense!

**Denkskuif:**
~~Wins is geldmaak en geldmaak is alles~~.
**Wins is meer as geldmaak en geldmaak is nie alles nie.**

# Dag 38
## Wins

**Lees:** Prediker 2:24-26 en 5:17 tot 6:2; 1 Timoteus 6:6

**Geestelike wins** is die vrug van absolute gehoorsaamheid aan God. Wanneer jy doen wat God sê, wys jy dat jy God liefhet. Dit laat jou verhouding met God groei (Johannes 14:15-27 en 1 Johannes 5:3). Gehoorsaamheid op finansiële gebied lei ook tot geestelike groei. Julle verhouding raak lewendig en meer intiem. Jou wandel met God raak betekenisvol en prakties. Jou gehoorsaamheid op finansiële gebied beskerm jou ook in finansiële storms, al vrywaar dit jou nie van die storms nie (Lukas 6:46-48). Dis juis ín die storms dat jy God baie meer intiem leer ken (vgl. Job 42:5). Jou besigheidsbesluite moet ander inspireer om God ook te gehoorsaam. Jy moet vrug dra in die werkplek. Indien dit nie gebeur nie, mis jy die geestelike wins waarin jy kon deel. Dis hartseer wanneer iemand baie geld maak, maar brandarm bly in sy verhouding met God (Lukas 12:15-21). **Liefde vir God lei tot geestelike wins!**



**Verhoudingswins** beteken dat jy en almal om jou (jou gesin, werknemers, verskaffers en kliënte) voordeel trek uit hulle verhouding met jou en jou besigheid. Dit beteken verhoudings word positief deur die besigheid beïnvloed. Mense word geseën. Om verhoudingswins te maak, moet jy tyd, geld en energie spandeer om verhoudinge te herstel en te bou. Elke herstelde verhouding is wins, al word dit nie in die finansiële state aangeteken nie. Goeie arbeidsverhoudinge[9] is 'n kosbare bate wat nie in geldwaarde bereken kan word nie. 'n Suksesvolle besigheid word op 'n gesonde huwelik gebou. Wanneer die verhouding met 'n kliënt belangriker as die transaksie is, volg verhoudingswins. Finansiële wins wat op gebroke verhoudings gebou word, het geen blywende voordeel nie. ***"In die huis van die regverdige is daar groot rykdom; die inkomste van die goddelose is vir hom tot nadeel"*** (Spreuke 15:6. Vgl. Spreuke 11:18, asook Prediker 2:26 en 6:1-2). Verhoudingswins is die vrug as die liefdesgebod in die besigheid uitgeleef word: ***Alles wat julle wil hê mense moet aan julle doen, moet julle ook aan hulle doen*** (Matteus 7:12). **Liefde vir jou naaste lei tot verhoudingswins!**

**Persoonlike wins** is die gevolg van gesonde selfliefde. Jy moet jou naaste liefhê *soos jouself*. Persoonlike wins is nou verweef met geestelike- en verhoudingswins. Jy moet so leef en werk dat dit ook tot jou persoonlike voordeel is. As jou werk jou tyd, krag en energie so opslurp dat jou verhouding met God, jou huwelik en gesin, asook jou gesondheid daaronder begin ly, is alle persoonlike wins daarmee heen. Op die lang duur is dit nie volhoubaar nie. My vriend, Charles Haupt sê altyd: *"If your output exceeds your input, your upkeep will cause your downfall."* **Gesonde selfliefde lei tot persoonlike wins.**

**Sosiale wins** is die voordeel wat die gemeenskap uit jou besigheid trek. Op die platteland dra 'n paar suksesvolle besighede dikwels die hele gemeenskap. 'n Groeiende en welvarende besigheid skep geleentheid vir ander om hulle dienste en vaardighede te verkoop. Dit skep werk. Dit bied geleentheid vir aandeelhouding en/of winsdeling. Om 'n aandeel in 'n suksesvolle besigheid te hê is beter as om die alleeneienaar van 'n bankrotbesigheid te wees. Om jou sosiale wins te vergroot, vra jouself af: Hoe kan ek en my besigheid/boerdery tot groter seën vir die gemeenskap wees? Wat kan ons nóg doen om 'n groter positiewe en blywende impak op

[9] Die Gebedsfokus van 2015, Arbeidsverhoudinge, kan gratis by www.amosafrica.net afgelaai word. Jy kan ook 'n harde kopie bestel deur 'n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net

die gemeenskap te hê? Hoe kan ons die koms van die Koninkryk van God in die gemeenskap bevorder?[10]

**Finansiële wins** is wat oor is nadat alle toepaslike uitgawes afgetrek is. Die goue reël van finansies is: *Oor 'n tydperk moet jy meer geld inkry as wat jy uitgee.* Indien dit nie gebeur nie, speel jy bankrot. Met jou finansiële wins kan en moet jy die volgende doen:

- ✓ Herbelê in eie besigheid (vir groei)
- ✓ Spaar (onder andere om gesonde kontantvloei te verseker)
- ✓ Belê in ander besighede (diversifiseer en groei)
- ✓ Spandeer (algemene noodsaaklike uitgawes)
- ✓ Bêre in die Skatkamer (Hulp aan armes, weduwees en weeskinders. Hulp aan ander om hulle ekonomies op die voete te help. Vgl. 1 Timoteus 6:18-19 en Jakobus 1:27; Spreuke 19:17)
- ✓ Uitbreiding van God se Koninkryk (dis meer as om nét vir kerke te gee)
- ✓ Betaal skuld (op tyd en volgens ooreenkoms)
- ✓ Betaal vir waarde (as jy nie vir waarde {dienste en/of produkte} wil betaal nie, ondermyn jy iemand anders se finansiële vermoë en vryheid. Vgl. Spreuke 20:14)
- ✓ Belasting

(Meeste van hierdie sake word in Boek 2 bespreek.)

***Alles behoort aan die Here, ook dit wat jy het.*** As jou boerdery en jou besigheid aan die Here behoort, behoort die wins óók alles aan Hom. Jy is net 'n rentmeester, die bestuurder van God se goed. Daarom is dit belangrik om die Eienaar te raadpleeg vóór jy sy wins spandeer. God is die Beherende Aandeelhouer. Hy is ook die slimste, kreatiefste en enigste Een wat die toekoms ken. Moenie Hom ignoreer nie. Dis dwaas!

**Raadpleeg jy die beherende Aandeelhouer?** Antwoord eerlik: **Praat jy met die Here oor sý wins?** Neem jy jou besluite in gehoorsaamheid aan Hom? Jy moet leer om sy sagte stem tussen al die geraas van advertensies, markpryse, politieke woelinge, omgewings-faktore en materialistiese raadgewers te hoor. Daarom moet jy sy Woord ken.

**Verantwoordelike rentmeesterskap lei meestal tot groter finansiële wins.**

[10] Die Koninkryk van God word op 'n eenvoudige manier verduidelik in die Gebedsfokus van 2013, ***Die Koninkryk kom in die Landbou.*** Jy kan dit gratis by www.amosafrica.net aflaai. Jy kan ook 'n harde kopie bestel deur 'n e-pos te stuur aan secretary@amosafrica.net



***Gebed:***

- † ***Praat met die Here oor geestelike-, verhoudings- en persoonlike wins teen die agtergrond van die liefdesgebod:*** *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. ... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"* (Matteus 22:37-39).
- † ***Vra die Here om jou te help om winsgewend op al vyf terreine te wees.***
- † ***Praat met die Here oor die aanwending van sý wins.***
- † ***Afrika: Swaziland.***
- † ***Afrika: Bid vir ekonomiese groei op die vasteland.***

## Dag 39

### Waarom is kapitalisme nie die antwoord nie?

**Lees:** Psalm 10

Daar is hoofsaaklik vyf redes waarom kapitalisme nie die antwoord op die wêreld se ekonomiese probleme is of kan wees nie.

1. **Leuen oor eienaarskap:** Kapitalisme is gebou op die leuen dat die mens die eienaar van alles is. Maar die Woord leer: ***Alles behoort aan die Here, ook dit wat ek en jy het.*** Ons is net rentmeesters (bestuurders) van God se goed. Slegs ekonomiese stelsels wat God as Eienaar erken en wat bedryf word aan die hand van die tydlose beginsels van sy Woord, sal staande bly.[11] God het lankal die antwoord vir die wêreld se ekonomiese probleme in sy Woord vir ons gegee. Maar 'n *God's-Way-Economy* is so radikaal anders as wat ons gewoond is, dat dié beginsels vir die wêreld na nonsens klink.[12] Tevergeefs probeer hulle self met slim antwoorde en oplossings na vore kom.

[11] Landa Cope: An Introduction to The Old Testament Template. Rediscovering God's principles for discipling all nations. Hoofstuk 7

[12] Een van die God's Way beginsels wat in die boek Basics bespreek word, is: ***God's Way is so radikaal anders, dit klink na nonsens.*** Jy kan dit aflaai by www.amosafrica.net

2. **Leuen oor die beskikbaarheid van bronne:** Kapitalisme sien die wêreld as 'n geslote sisteem met beperkte hulpbronne[13] Dit is gebou op die leuen dat daar nie genoeg hulpbronne in die wêreld vir almal is nie, veral gesien in die lig van die steeds groeiende wêreldbevolking. Kapitaliste is oortuig dat die potensiaal van die skepping in die skepping self lê, en daarom beperk is. Omdat alles skaars is, moet jy soveel as moontlik, so vinnig as moontlik gryp en vasklou wat jy het. [**Voorbeeld:** Wat gaan gebeur as jy 10 mense vir ses maande in 'n gebou toesluit, maar jy gee hulle net 10 x 5-liter bottels met water en sê: *"Niks meer water sal in die volgende ses maande voorsien word nie. Wat julle nou sien, is al wat julle het."* Dink jy die mense gaan die water mooi verdeel en vir elkeen 'n bottel gee? Beslis nie, want een bottel is te min vir ses maande. Daar gaan konflik wees. Die sterkste wil alles hê om op te gaar.]

   Christene glo, op grond van die Woord, dat God genoeg van alles wat die mens nodig het, geskep het. Vérder glo ons dat alles aan God behoort. Daarom kan en wil Hy vir almal goed sorg. [Die probleem lê nie in die *"te min"* van die skepping nie, maar in die *"te veel"* wat ons wil hê omdat ons bang is en vir môre wil opgaar.] Ons glo God is steeds aktief betrokke in sy skepping. Hy het dit nie alleen gelaat nie. Hy kan steeds *skep* deur net te praat (Genesis 1:3 en Hebreërs 11:3). Wat te min is, kan Hý vermeerder – soos die vis en die brood in Markus 6. Wat tans nog verborge is, kan Hy *openbaar* en deur *wetenskap* en *tegnologie* tot beskikking van die mens stel. Ons kan skeppend wees omdat ons na die beeld van die Skepper gemaak is. (The Creator makes us creative and innovative!).

3. **Leuen oor wins:** Volgens Kapitalisme is daar net een vorm van wins, naamlik finansiële wins. Alles draai om geld. Jy moet geld maak! Op grond van die Woord glo ons dat wins baie meer omvattend is. Dit gaan om méér as net geld. Christene behoort te streef na geestelike wins, verhoudingswins, persoonlike wins, wins vir die gemeenskap en finansiële wins. Die een mag nie ten koste van die ander nagejaag word nie.

[13] Darrow L. Miller beskryf verskillende sienings van die natuur baie goed in sy boek ***"Discipling the Nations"*** bladsy 147 – 164. Die boek is 'n *"moet lees"* vir elkeen wat streef na die transformasie van individue reg deur tot die transformasie van volke en nasies.



4. **Streef na 'n verkeerde primêre doel:** Omdat die mens as eienaar gesien word; omdat die oortuiging bestaan dat daar te min vir almal is; omdat sukses en wins in geld gemeet word, is die primêre doel van kapitalisme materiële welvaart. Kapitalisme se slagspreuk is: Méér en méér. Nog 'n bietjie méér geld en besittings! Christene se primêre doel behoort te wees om volgens God se maatstaf suksesvol te wees. Vertoon die beeld van Christus deur 'n intieme verhouding met God te hê. Gehoorsaam Hom. Dien jou medemens. As Christen behoort jy primêr 'n kanaal te wees waardeur God se seën en goedheid ook na ander kan vloei. Jy moet oop hande hê soos jou Oop-Hand-God!

5. **Die doel word ten alle koste nagejaag.** Die primêre doel van kapitalisme is verkeerd. Dit word ook ten alle koste nagejaag! Omdat die mens gierig is (aangewakker deur die media en advertensiewese, aangeblaas deur doelgerigte bemarkingsveldtogte) word die ***natuur*** vernietig. Omdat die mens selfsugtig is, bly alle ***verhoudings*** in die slag (huweliksverhoudings, ouer-kind-verhoudings, rasseverhoudings, sakeverhoudings, internasionale verhoudings, ensovoorts). Alles is toelaatbaar om die doel (méér geld en besittings) te bereik: uitbuiting, leuens, korrupsie, omkopery, manipulasie, swart-smeerdery en verdagmakery. Morele waardes en geregtigheid bly in die slag. Skuld word gesien as 'n manier om méér in die hande te kry, daarom die groeiende skuldlas van regerings en individue. Burgers van God se Koninkryk mag nooit hierdie ingesteldheid hê nie. Vir die Christen het besigheid vier grense: ***God's Word, God's Will, God's Way and the Worship of God.*** Wat buite dié grense val, is nie goeie besigheid of moreel aanvaarbaar vir Christene nie.

Daniël en sy vriende was in Babel, maar hulle het nie gedink en gedoen soos die Babiloniërs nie. Hulle het radikaal anders geleef, al was dit lewensgevaarlik! Selfs al leef ons onder kapitalisme, sosialisme óf kommunisme, moet ons steeds radikaal anders leef, omdat ons radikaal anders dink. Dis my persoonlike oortuiging dat Christene nie net as rentmeesters in die kapitalistiese stelsel moet leef nie, maar dat hulle wysheid en insig van God moet vra om die stelsel te begin verander na 'n rentmeesterstelsel. Wanneer Christene ware rentmeesters van God word, sal miljoene die goedheid van God beleef en hulle tot Hom bekeer (Romeine 2:4). Só sal die Drie-enige God die lof en eer kry wat Hom toekom (2 Korintiërs 9:10-15).

***Be the change that you want to see!*** Wys vir die wêreld hoe lyk God se antwoord vir die wêreld se ekonomiese probleme. Begin om God se antwoord vir die wêreld se ekonomiese krisis te wees deur afstand te doen van jou eienaarskap en God se rentmeester te word. God wil die wêreld deur sy rentmeesters verander! God wil jou ook tot seën vir die wêreld maak (Genesis 12:2-3).

***Gebed:***

- † ***Vra vir die Here wysheid om as rentmeester te leef, ongeag die heersende ekonomiese stelsel.***
- † ***Bid dat die Here ons oë sal oopmaak vir leuens wat algemeen as die waarheid verkondig word.***
- † ***Vra die Here om jou te help* "to be the change you want to see."**
- † ***Afrika: Lesotho.***
- † ***Afrika: Bid teen veediefstal en diefstal van landbouprodukte.***

*Onthou! Neem gerus deel aan Kaalvoetdag wat jaarliks op 10 Oktober plaasvind!*



## Dag 40
### Wat het ek geleer?

**Lees:** Spreuke 24:30-34

John Maxwell, bekende kundige op die gebied van leierskap, sê: *Reflection turns experience into insight.* Dit is baie belangrik om stil te word en biddend na te dink oor dinge wat jy sien en ervaar. Dit bring insig. "Toe ek dit sien, het ek daaroor nagedink en daar iets uit geleer" (Spreuke 24:32).

Dié gebedsfokus begin met 'n gebed: ***Here, posisioneer ons vir roepings-vervulling, intimiteit en finansiële vryheid.*** Dit is my gebed vir die landelike en boerderygemeenskap van die Kaap tot by Kaïro.

Ek sluit af met 'n paar dinge wat ek geleer het sedert die ontstaan van Amos Agrimin in 1993, die begin van ons eie boerdery in 2006 en die eerste GF4GF-Centre in 2011.

1. **<u>God voorsien</u>!** Ek het dikwels kort na middernag wakker geskrik: gespanne, bekommerd en benoud – hoofsaaklik oor kontantvloei-uitdagings. Ek was dikwels verward, want die naam wat ons, so glo ons, van die Here vir ons boerdery gekry het, is *Agri-Edu Provision.* God sal voorsien sodat ons kan voorsien. Die fokus is op landbou en die bemagtiging van landbouers. Ek het gedink God gaan vinnig en baie voorsien, maar Hy het nie. Hy het ons eers deur die woestyn geneem. Hy het ons karakter gebou, ons geleer om op Hom te vertrou en nie op geld of ons planne nie. Hy het altyd voorsien: in klein en groot behoeftes, soms vier dae laat, maar steeds betyds (vgl. Johannes 11 – opwekking van Lasarus). Soms oorvloedig, ander kere weer net genoeg vir daardie dag. Omdat ek so stadig en moeilik geleer het, het die Here my eendag terwyl ek moedeloos tussen die turksvye gesit het, baie skerp aangespreek: "Hoe lank sal jy my almag bly onderskat? Hoe lank sal jy weier om op My te vertrou ten spyte van die wonders wat ek vir jou gedoen het?" (vgl. Numeri 14:11. Lees Numeri 13-14). Op my beurt wil ek jou bemoedig en verseker: God wil, kan en sal sorg, want alles behoort aan Hom. **Hy werk eers *in jou*, voor Hy *deur jou* werk.**

2. **<u>God werk deur mense</u>.** Ek het geleer hoeveel 'n geloofsgemeenskap prakties kan doen om mekaar te help op die pad na finansiële vryheid. Doelwitte word bereik met die hulp van medegelowiges. Daar is nie iets soos 'n *"One man show"* of *"A self-made man"* nie. Jy moet groot genoeg wees om hulp te vra en klein genoeg om hulp te ontvang. Daar is enorme potensiaal binne die liggaam van Christus om mekaar op die pad na finansiële vryheid te help. Die potensiaal word nog groter wanneer gelowiges leer *"pay forward"* en nie probeer om terug te gee aan dié van wie hulle hulp ontvang het nie (vgl. Lukas 6:32-35). Ons kan op geen manier ons vriende *"vergoed"* vir die waarde (in praktiese raad, fisiese hulp, finansiële bystand) wat hulle tot Amos Agrimin, GF4GF-Centres of Agri-Edu Provision toegevoeg het nie. Wat ons wel doen, is om ander te help en in die volgende geslag te belê.

3. **<u>Kennis is belangriker as besittings</u>.** Ek het besef: *Wat jy het, kan jy maklik verloor. Wat jy weet, kan niemand van jou wegvat nie. Daarom is wysheid en kennis belangriker as besittings* (vgl. Spreuke 3:13-16 en

16:16). Meeste besighede (daar is uitsonderings) misluk éérs as gevolg van 'n gebrek aan toepaslike kennis en praktiese wysheid. Daarná word dié mislukking sigbaar in finansiële ondergang. Deur self die pad van *"beginner-boer"* te stap, het die Here ons die basiese beginsels van 'n boerdery geleer. Dit het uitgeloop op die skryf van 'n kursus: *Verstaan die besigheid van 'n boerdery.* Ek het ontdek dat ek méér mense beter kan bemagtig met kennis, as met geld. Ek daag jou uit: Help mense om besigheid te verstaan. Bemagtig hulle met kennis. Gee hulle praktiese vaardighede en leer hulle integriteit. ***"The biblical response to poverty ... is to call the poor into the Kingdom, disciple them to adopt the mental and moral attitudes of good stewards under God, and train them with skills to begin to create wealth themselves."***[14]

4. **Niks is belangriker as gehoorsaamheid nie.** *"Have you noticed how much praying for revival has been going on of late - and how little revival has resulted? I believe the problem is that we have been trying to substitute praying for obeying, and it simply will not work. To pray for revival while ignoring the plain precept laid down in Scripture is to waste a lot of words and get nothing for our trouble.* ***Prayer will become effective when we stop using it as a substitute for obedience."***[15] Ek wil nie beweer dat ek altyd die Here 100% reg hoor nie. Maar ek het geleer om, wanneer ek oortuig is dat Hy praat, Hom te gehoorsaam sonder om eers somme te maak. By geleentheid het die Here vir ons as familie gesê om ons hande groot oop te maak. Met allerlei logiese argumente het ek beswaar gemaak. Dit kon eenvoudig nie werk nie. Die Here se antwoord was kort en kragtig: *Deel, en julle sal nog oorhou* (vgl. 2 Konings 2:42-44).

   Dit help nie ons bid net vir finansiële vryheid nie. Dit help nie jy sê net: *Ek vertrou God vir 'n wonderwerk in my finansies.* Ons moet **doen wat die Here sê.** Ons moet die ekonomiese beginsels in sy Woord gehoorsaam om blywende finansiële vryheid te geniet. Wanneer ons gehoorsaam is, sal daar meer antwoorde op ons gebede wees. Gehoorsaamheid dra altyd goeie vrugte – selfs al is dit eers die nageslag wat dit pluk.

5. **Stel jouself in die plek van ander**. Swaarkry kan 'n mens geldgierig maak en verlei om jou vertroue op geld en besittings te plaas. Ek het ***gekies*** om dit nie toe te laat nie. Ek het ***gekies*** om swaarkry te gebruik as 'n geleentheid om iets te leer. Ek het geleer om meer begrip te hê vir die dinge waarmee arm mense worstel. Ek het geleer om myself in hulle skoene te plaas. Dit het my hart sagter en my gees minder krities gemaak. Ek moes leer om meer geduldig die lang en stadige pad na finansiële vryheid saam met ander te begin stap. Ek moes leer om te gee sonder om iemand se selfwaarde aan te tas of iemand van ons afhanklik te maak. Leer om soms geld, soms kennis en soms net 'n geleentheid aan iemand te gee. Soms is al drie nodig! 'n Mens het die wysheid van die Gees nodig om te weet wanneer om wat vir wie te gee (Handelinge 6:1-4). Ek het geleer hoe belangrik dit is om nie net planne te maak vir jou eie finansiële vryheid nie, maar ook vir ander se finansiële vryheid. Ek het geleer "*to make a plan for the poor*". Dit is 'n opdrag met baie beloftes daaraan gekoppel (Vgl. Jesaja 58:6-12; Psalm 41:1-4; Spreuke 14:31).

   Die pad na finansiële vryheid is korter as jy ander help om ook daarop te loop.

6. **Intimiteit met God bly die belangrikste.** Wanneer jy jou intimiteit met God prysgee, is jou roepingsvervulling en finansiële vryheid ook gou daarmee heen. Roepingsvervulling en finansiële vryheid oorleef nooit lank sonder intimiteit met God nie. Sonder intimiteit met God is dit vir geld maklik om sy pad uit jou sak na jou hart terug te vind en God se plek in jou hart oor te neem.

7. **Sekerheid te midde van onsekerheid.** Wanneer politieke mag van een party na 'n ander oorgaan, is baie staatsamptenare se poste in die weegskaal. Nuwe regeerders stel nuwe amptenare aan. Ek is 'n rentmeester van die Koning. **Solank die koningskap nie verander nie, is my posisie, versorging en sekuriteit nie in gedrang nie.** My God is Koning vir ewig (Jesaja 9:6; Daniël 4:34 en Openbaring 5:13). Daarom is ek seker te midde van groot finansiële onsekerheid in die wêreld.


***Gebed:***

† ***Dink na oor die belangrikste dinge wat jy die afgelope tyd geleer het. Bid daaroor.***

† ***Afrika: Suid-Afrika.***

† ***Afrika: Bid vir finansiële vryheid en voedselsekerheid.***

[14] Dennis Peacocke, aangehaal deur Darrow L Miller in sy boek Descipling the Nations, bladsy 159.
[15] A.W. Tozer aangehaal deur Patrick Kuwana tydens 'n werkswinkel oor "The church, economy and business".





Baie dankie aan Patrick Kuwana vir sy waardevolle insette en ondersteuning. Jy kan 'n reeks DVD's, *Rebuilding the Walls of the Economy,* direk by Patrick bestel.

Patrick Kuwana
CEO & Transformational Entrepreneur
Crossover Transformation
Mobile: +27 82 333 7989
E-pos: patrick@crossovertransformation.co.za
Twitter: @kuwanapatrick
LinkedIn: https://www.linkedin.com/in/patrick-kuwana-60b3444
Web: www.crossovertransformation.co.za



## Ander AMOS publikasies om van kennis te neem

Die volgende AMOS publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by **www.amosafrica.net**, of teen koste bestel deur 'n epos te stuur aan **secretary@amosafrica.net**




**Grondhervorming** (Gebedsfokus 2010)

In 40 kort oordenkings word stilgestaan by landboutransformasie en grondhervorming. Die inhoud word op verskillende maniere aangebied: lering, stories, getuienisse, voorbeelde, praktiese wenke en geloofsverklarings. Dit bied aan die leser duidelike Bybelse riglyne. Naas doelgerigte gebed vir hierdie belangrike saak, is die doel van die gebedsfokus om die grondhervormingsgesprek positief te beïnvloed en gelowiges te help om met wen-wen-oplossings vorendag te kom.




**Boer voor die Troon** (Gebedsfokus 2011)

Die doel van hierdie gebedsfokus is nie om vir gelowiges meer kennis oor gebed te gee nie, maar eerder om hulle te motiveer om die voorreg van gebed ten volle te benut. Gebed in die Naam van Jesus is wesenlik belangrik as ons landbou wil transformeer na *Living and Farming God's Way*. Dit is ook die sleutel tot die oplossing van probleme in die landbou. Bid sonder ophou!





**Oorgee, Omgee, Aangee** (Gebedsfokus 2012)

Ons is geroep om dissipels te wees en van die mense rondom ons dissipels te maak. Slegs dissipels kan dissipels maak. Na aanleiding van die lewe en werk van Jesus, kan die kern van dissipelskap in drie woorde saamgevat word: *Oorgee, Omgee en Aangee.* Die inhoud word aangebied in die vorm van 40 briewe aan 'n vriend. Die briewe is daarop gerig om jou te dissipel en toe te rus om dissipels te maak.





**Die Koninkryk kom in die Landbou** (Gebedsfokus 2013)

Aan die hand van 40 oordenkings word lesers gehelp om die Koninkryk te verstaan; hulle word uitgenooi om in die Koninkryk te deel en toegerus om daagliks as burgers van die Koninkryk te leef en boer. Onbybelse opvattings wat die Koninkryk ondermyn, word uitgewys. Die verskil tussen die Koninkryk van God en die Koninkryk van Duisternis word aan die hand van praktiese voorbeelde illustreer. Die lesers word telkens opgeroep om na die Koning te luister en te bid vir die koms van die Koninkryk in die landbou.




***be*****Vry om op te staan** (Gebedsfokus 2014)

Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**




**Arbeidsverhoudinge** (Gebedsfokus 2015)

Jy kry 'n antwoord op die vraag: Wat het arbeidsverhoudinge met Christenskap en die visie van AMOS (Living and Farming God's Way) te doen? Ses baie belangrike Bybelse beginsels vir verhoudinge word aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek. 'n Verskeidenheid ander sake wat direk in verband met arbeidsverhoudinge staan, word vanuit die Skrif én praktyk hanteer: arbeiders; arbeid; bemagtiging; motivering van werkers; dissipline; konflikhantering; wen-wen-oplossings. Geseënd is elkeen wat, deur mooi verhoudinge, die Evangelie van Jesus Christus aantreklik maak vir ander en só die koms van die Koninkryk bevorder.



AMOS agrimin

Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdiens, asook allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*, wat landbou-bediening beteken.


**AMOS** se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorvloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met die logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.

## Amos Agrimin se kernbesigheid:

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.




**LIVING AND FARMING GOD'S WAY**





# 40 Dae
## GEBEDSFOKUS '16

Rentmeesters van die Koning
- BOEK 1 -




**AMOS AGRIMIN**
secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net


**AMOS AGRIMIN STREKE**

Vir kontak- en bankbesondehede, besoek ons webwerf.
*Amos Agrimin Kaap* (Wes-Kaap)
*Amos Agrimin Sentraal* (Vrystaat en Noordwes)
*Amos Agrimin Noord-Kaap* (en oorblywende provinsies)

***www.amosafrica.net***

Find us on: facebook.

LIVING AND FARMING GOD'S WAY


40-Dae Gebedsfokus uitgegee deur
*Amos Agrimin Noord-Kaap*


**Bankbesonderhede:**
Amos Agrimin
FNB Brandwag, 230534
Rek. 5299 000 8842